Wetenskaplike Bydraes van die P.U. vir C.H.O.
Reeks A: Geesteswetenskappe, nr. 18

# „Revival" of Reformasie?
# 'n Studie oor Metodisme

Prof. dr. G.C.P. van der Vyver

Prof. dr. P.J. Coetzee

Prof. dr. P.W. Buys

PRO REGE - POTCHEFSTROOM
1975

# “Revival” of Reformasie?

’n Studie oor Metodisme

Prof. dr. G.C.P. van der Vyver

Prof. dr. P.J. Coetzce

Prof. dr. P.W. Buys

PRO REGE - POTCHEFSTROOM

1975

# INHOUDSOPGAWE


VOORWOORD .... 4

1. DIE WORDINGSGESKIEDENIS VAN DIE METODISME .... 5

1. DIE KLIMAAT VAN DIE AGTIENDE EEU .... 5

2. AFKOMS VAN JOHN WESLEY EN INVLOEDE OP SY JEUGJARE .... 6

3. NA GEORGIA IN AMERIKA .... 8

4. SY PLOTSELINGE BEKERING .... 8

5. GEORGE WHITEFIELD (1714-1770) .... 9

6. DIE METODISME ORGANISATORIES BESTENDIG .... 10

8. SAMEVATTENDE KONKLUSIE .... 13

BRONNE .... 13

2. DIE METODISME DEUR DIE BRIL VAN DIE GEREFORMEERDE LEER .... 14

DIE WESLEYAANSE METODISME VERWERP DIE LEER VAN DIE PREDESTINASIE .... 14

DIE SKRIFLEER VAN DIE GENADEVERBOND BLY BY DIE METODISME IN DIE SLAG .... 16

DIE WESLEYAANSE METODISME IS EG ARMINIAANS .... 16

DIE METODISME LEER DAT DIE AFVAL VAN DIE HEILIGES MOONTLIK IS .... 19

DIE METODISTE DROOM VAN VOLKOME HEILIGHEID REEDS HIER OP AARDE .... 20

DIE METODISME GEKENMERK DEUR GODSDIENSTIGE OPWINDING .... 22

DIE METODISME STUUR AF OP STRENGE ASKESE .... 24

DIE WESLEYAANSE METODISME ONTSTEEK NIE WARMTE VIR DIE KERK NIE .... 25

BRONNE .... 28

3. METODISTIESE INVLOEDE IN SUID-AFRIKA .... 29

1. INLEIDING .... 29

2. DIE KOMS VAN DIE METODISTE-KERK NA SUID-AFRIKA .... 30

3. “HET ZUID-AFRIKAANSCH EVANGELISCH VERBOND” .... 30

4. DIE OPWEKKINGE .... 32

5. ANDREW MURRAY “DER VATER DES ZWEITAUFENSCHEMAS IN SÜD-AFRIKA” .... 37

5.1 Jeugjare en opleiding as predikant .... 37

5.2 Murray en die Opwekkinge .... 38

5.3 Binnekerklike evangelisasieveldtogte .... 40

5.4 Geestesdoop en gebedsgenesing .... 41

5.5 Murray as skrywer .... 42

5.6 Evaluering .... 43

6. METODISTIESE INVLOEDE DEUR CHRISTELIKE VERENIGINGS .... 43

6.1 Die idee van die “society” .... 43

6.2 Godsdienstige verenigings in Suid-Afrika .... 44

6.3 Die Christelike Strewers-unie .... 45

6.4 Die C.S.V. ........................................ 49
6.5 Werkwyse en invloed van die C.S.V. ........................................ 56
7. DIE GEVOLGE VAN DIE METODISME IN DIE PRAKTYK ........................................ 58
8. KONKLUSIE ........................................ 59
BRONNE ........................................ 61

**NOTA:** Hierdie boek is geskandeer en na teks omgeskakel deur Willem Swanepoel. Rapporteer asseblief enige foute aan my by wjswanepoel@gmail.com.

## VOORWOORD

Ons leef in 'n tyd waarin die Metodisme opnuut momentum gekry het in ons eie land en oor die hele wêreld. Daarom is die verskyning van hierdie studie baie aktueel.

Dit is byvoorbeeld duidelik dat die valse ekumeniese strewes en bewegings van hierdie eeu sterk Metodisties geïnspireer is. Vir meer as 'n eeu is die Metodisme al besig met die verbreking van "verroeste ketenen" en om die skeidsmure te laat ineenstort. Dit is 'n baanbreker tot, en ook 'n getroue bondgenoot van die valse ekumeniese beweging met sy ideaal van 'n eenheid waarin kerklike verskille en volkereverskeidenheid moet verdwyn.

'n Skerp soeklig soos hierdie publikasie is dringend nodig, want dit is nie so maklik om die Metodisme in sy ware gedaante raak te sien nie — veral nie in Suid-Afrika nie. Anders as in die land van sy oorsprong (Engeland) het dit hier in Suid-Afrika 'n kerklike heenkome gevind.

Dit blyk, eienaardig genoeg, dat dit op 'n sekere stadium ook 'n nasionale vorm aangeneem het. Na die woelinge in die begin van die sestiger jare het die C.S.V. die A.C.S.V. geword.

'n Skrynende ongerymdheid kom hier ook weer helder in die kalklig te staan, naamlik dat so 'n "interkerklike" vereniging, wat ook terselfdertyd 'n kerklike vereniging is, die genoemde C.S.V., vrye toegang tot ons skole het om kinders van ander kerke in die skool te "evangeliseer" en te "bekeer" asof hulle nie tot die verbond behoort en gedoop is nie en tot ondermyning van die huislike opvoeding — en dit by die grasie van die onderwysowerheid. 'n Onbegryplikheid hierby is die gelatenheid waarmee dit aanvaar word.

Die lig val ook skerp op die omstandighede waaronder hierdie uitheemse "rankplant" opskiet om die kerklike- en die volkslewe te oorwoeker. Dit is wanneer dit met die verhouding tussen kerk en volk (owerheid) nie in orde is nie — nader: waar daar "verkerkliking" van die volkslewe is.

Hierdie grondige studie kom tot ons nie alleen as 'n wekroep teen die Metodistiese opwekkings nie, maar veral as 'n oproep tot reformasie. Die Metodisme is 'n onmiskenbare aanduiding van geestelike bodemverarming. Dit kan alleen herste! word indien verhoudinge so is dat daar ruimte kom vir die ampte van die gelowige om te funksioneer as die sout van die aarde .

Mag hierdie studie sy plek vind in elke gereformeerde huis, in ons sustersvergaderings en -studiekringe, ons jongeliedeverenigainge en die ernstige aandag geniet van almal wat dit wel meen met kerk en volk.

Mag dit bydra tot ferme optrede teen die Metodisme, fermer as tot nog toe.

W.J. Snyman

Potchefstroom

November 1974

# 1. DIE WORDINGSGESKIEDENIS VAN DIE METODISME

Prof. dr. G.C.P. van der Vyver

## *1. DIE KLIMAAT VAN DIE AGTIENDE EEU*

Om 'n suiwere perspektief te kry op die Metodisme na vorm en inhoud, moet dit gesien word teen die agtergrond van die agtiende eeu. Hierdie eeu word in die geskiedskrywing algemeen erken as 'n eeu van doodsheid en koudheid, 'n eeu lou en onaandoenlik, 'n eeu van traagheid en slapheid, van halfhartigheid en geloofsinsinking. Wat Engeland aanbetref, die bodem waaruit die Metodisme gegroei het, skryf Montesquieu[1] dat daar selfs geen godsdiens is nie en die onderwerp, indien nog vermeld in die samelewing, niks anders doen as om die lagspiere te prikkel nie. Soortgelyk is die getuienis van Joseph Butler[2]. Volgens hom is daar vir die Christendom nie eers meer belangstelling nie omdat dit as 'n verdigsel gesien word. Dit is nou niks meer as net 'n voorwerp van bespotting uit weerwraak vir die feit dat dit vir so 'n lang tyd die vreugde van die wêreld gedemp het.

En tog, ondanks hierdie oppervlakkighede het die Engeland van die agtiende eeu God nog bely maar wel op 'n besondere wyse. Dit is die eeu van die opkomende Deïsme. Dit is wel 'n filosofiese denksisteem maar dit wou tog ook in die religieuse behoeftes van die mens voorsien. Die belangrikste verteenwoordigers is die wysgeer Locke en verder Toland en Tindal. Laasgenoemde se *Christianity as old as creation*, word selfs die bybel van die Deïsme genoem. God is wel as Skepper van die heelal erken. Daarmee het sy werksaamheid opgehou. Na die skepping het God die wêreld aan homself oorgelaat. Dit loop nou verder op eie krag na 'n eindpunt. Die Deïste loën dus die belangrike leerstuk van die voorsienigheid van God waardeur Hy nog steeds alles onderhou en regeer.

'n Belangrike vraag is nou hoe die teoloë van die Anglikaanse, die Engelse staatskerk, hierteenoor gestaan het. Butler het in sy *Analogy of Religion* wel die Deïsme bestry en tog het sy kritici dit teen hom gehou dat hy te veel kompromieë met die Deïsme aangegaan het. Trouens, dit is 'n aanduiding van hoe daar oor die algemeen vanuit die teologiese denkwêreld van die tyd oor die Deïsme gedink is. Die gevestigde kerk in Engeland was maar te gereed om 'n kompromie te sluit met die nuwe filosofie[3]. Leidende teoloë soos Tillotson, Clarke en andere het 'n religieuse konstruksie opgebou waarin versoening probeer bewerk is tussen die Rede van die Deïste en geloof in die Openbaring van God. Dit staan in die kerkgeskiedenis bekend as die sogenaamde latitudinarianisme wat beteken 'n hoogs verdraagsame standpunt teenoor andersdenkendes. Spesifiek Christelike leerstukke is so glad geskaaf dat dit vir 'n hoogs moontlike getal aanvaarbaar was.

Selfs die Christusprediking het by 'n skrywer soos Tillotson, die Aartsbiskop van Kantelberg, ontbreek. Seward het hom beskryf as "a traitor who had sold his Lord for a better price than Judas had done"[4].

Hiernaas het die Unitariërs die Drie-eenheid geloën en 'n skrywer soos John Priestley het in sy *History of the Corruptions of Christianity*[5], gepubliseer in 1782, die leerstukke oor die triniteit, die maagdelike geboorte, die erfsonde, predestinasie, die versoening en die inspirasie as afwykinge in die teologie verwerp. So is die godsdienstige waarhede van die sestiende en sewentiende eeu waarvoor mense bereid was om te stry selfs tot die dood toe, vervlak tot moontlikhede in die

---

[1] Aangehaal deur Andrews, S. *Methodism and society*, p. 1.
[2] Ibid.
[3] Andrews, S. *Methodism and society*, p. 5. Du Toit, J.D. *Die Metodisme*, p. 30.
[4] Andrews, op. cit., p. 6.
[5] Ibid.

komplekse ry van waarhede. Gedaag voor die rede, voor die "liberty of inquiry and judgement"[6], is grondwaarhede omver gewerp.

Gepaardgaande met die omverwerping van leerstellige grondwaarhede is die opkoms van 'n sogenaamde moraal waarin die mens vry sou wees om 'n lewens norm te soek wat nóg die Skrif nóg kerklike hiërargie hom kon bied. Volgens die Skrif is die mens 'n sondaar, 'n onreine. Dit het vir die moraalvirtuoos te kras geklink. Die mens is 'n veredelde wese wat nog verder veredel moet word. Die mens mag hom nie dronk drink nie, aldus die predikers van die tyd[7], nie omdat dit sonde is nie maar omdat dit sy gesondheid skade sal aandoen; hy mag nie steel nie omdat dit 'n vernederende gevangenskap tot gevolg kan hê; hy moet hom altyd respektabel gedra omdat dit die lewe so gelukkig kan maak. So 'n moralisme het uiteindelik alle Christelike leerstukke van die kansels en uit die harte geban.

Die Engeland van die 18e eeu vertoon inderdaad 'n donker prentjie. Burnet het in sy *History of his own times*[8] aangetoon hoedat in sy tyd, wat volgens kenners die hele agtiende eeu tipeer, die laer klasse heeltemal onkundig was ten opsigte van die godsdiens, terwyl die sogenaamde adel, meesal ongeleerd, nog nominaal tot die staatskerk behoort het, maar in werklikheid die spot gedryf het met die godsdiens en christelike deugde. Die Engelse geestelikes was traag en onverskillig sodat van pastorale bearbeiding van hulle gemeentes, weinig tereg gekom het.

Aan die universiteit het die grootste onverskilligheid geheers. Die Sondag is ontheilig deur barbaarse volksvermake. Die kerk is bloot uit pligpleging besoek om later daarmee te spot en daaroor te lag. Die teater, Engeland se tempel, het die grofste onsedelikheid in die hand gewerk. "England was corrupt to the core" so roep Abbey uit[9].

As korrektief hierop het verenigings binne die kerk ontstaan wat 'n kern van gesonde geestelike belewenis wou probeer behou. Hulle het godsdienstige vraagstukke bespreek en op hulle wyse geestelike gemeenskap met mekaar beoefen. Die verenigingswese het egter tot 'n spoedige einde gekom.

Die vraag is nou of die korrupte en verwarde toestande op godsdienstige gebied in die Engeland van die 18e eeu, wel 'n stimulus was vir Wesley en Whitefield, die vaders van die Metodisme om met hulle metodistiese opwekkingsveldtog te begin. Ons gee die woord aan John Wesley self. Hy meen dat God die gangbare verset teen die tradisionele waarhede van die Christendom toegelaat het "so that men might not rest there, but be constrained to look into themselves also, and attend to the light shining in their hearts"[10].

Wesley het hom, verder gestimuleer deur twee geweldige aardskuddings in die helfte van die eeu, gedwonge gevoel om homself rekenskap te gee van sy geloof en om die lig wat hy in homself omgedra het ook na buite te laat skyn in die lewe van andere. Wesley sou bewys dat die eeu van die Rede "never quite lost its taste for the irrational".[11]

## *2. AFKOMS VAN JOHN WESLEY EN INVLOEDE OP SY JEUGJARE*

John Wesley (1703—1791), vader van die Metodisme, is gebore uit 'n geslag wat groot erns gemaak het met die belewing van hulle godsdiens. 'n Non-konformistiese, puriteinse instelling kan selfs so ver teruggevoer word as sy oorgrootvader. Sy ouers Samuel en Susanna Wesley was albei van non-konformistiese oorsprong. Susanna se vader, dr. Annesley is as leier van die Puriteine uitgewerp uit die staatskerk, hoewel sy self by die staatskerk gebly het. Sy vader

[6] John Tollitson soos aangehaal deur Andrews, op. cit., p. 5.
[7] Du Toit, op. cit., p. 31.
[8] Du Toit, J.D. *Die Metodisme*, p. 35.
[9] Aangehaal deur Du Toit, op. cit., p. 35.
[10] Aangehaal deur Andrews, S. *Methodism and society*, p. 7.
[11] Andrews, op. cit., p. 9.

Samuel, rektor te Epworth, het die Calvinisme van sy vaders versaak en hom meer aangetrokke gevoel tot die Arminianisme.

Die moeder van Wesley, 'n innige vrome vrou, het groot invloed op hom uitgeoefen. Sy is huishoudster, pedagoog en priesteres[12]. As huishoudster het sy gesorg vir strenge dissipline in die huis, alles het metodies en klokslag verloop. Sy het besondere aandag gegee aan die opvoeding van haar kinders. Sy het haarself daagliks twee uur afgesonder vir meditasie, het gereeld elke dag met haar kinders gespreek oor godsdienstige sake en het by afwesigheid van haar man selfs in haar huis publieke godsdiensoefeninge gehou, wat syself 'n "conventide" noem[13].

Dit is duidelik sy was 'n vrou van sterk oortuiginge en haar "influence remained strong as long as she lived — indeed long after she had died"[14].

In 1720 gaan Wesley na Oxford-Universiteit waar hy 'n M.A.-graad verwerf en in 1725 tot priester georden is.

In 1726 verhuis hy na Lincoln-College. Die jare wat volg, sou vir die vorming en lewe van Wesley van deurslaggewende betekenis word.

Hy is onrustig in sy gemoed. Hy soek na vrede met God. Die moederhand ondersteun hom met gereelde korrespondensie[15]. Sy moedig hom aan om 'n studie te maak van Thomas a Kempis en Jeremy Taylor. Hy lê hom veral toe op heiligheid in sy lewe. En tog kon hy selfs so laat as 1738 verklaar "yet I had not all this wile so much as a notion of inward holiness"[16], en dit nadat hy hom intensief toegelê het op Bybelstudie en gebed.

In 1729 gaan hy terug na Oxford waar hy lid word van die sogenaamde Holy Club opgerig deur sy broer Charles. John sou spoedig leier van die klub word. Die lede het hulle veral toegelê op gesamentlike Bybellees op sekere aande. Hulle besoek ook gevangenes. In die geselskap van die Holy Club het Wesley bevrediging gevind vir sy strewe na mistisisme en asketisme. Dit kom by hom tot uiting in die kruisiging van sy eie vlees en afsondering van die wêreld. In die verband het die "*Holy living and dying*" van Taylor wat openlik predestinasie en uitverkiesing verwerp het en Thomas a Kempis se *Imitatio Christi*, groot invloed op hom uitgeoefen. Groter was egter die invloed van William Law die "grootste misteriosoof wat hom die Asketisme maar veral die Mistisisme geleer het"[17].

Law beklemtoon: jy moet kies tussen God en die wêreld. Kies jy God, dan kies jy skeiding van die wêreld en heiligheid wat jou deel moet word deur sistematiese heiliging, kruisiging van die vlees en rigoristiese dissipline. Law het 'n blywende invloed op Wesley gehad. Hy het inderdaad sy lewe lank eensydig groot erns gemaak met die saligheid en heiligheid van sy siel. Wesley self getuig omtrent die werke van Law: "they convinced me more than ever of the exceeding height and breadth and depth of the law of God. The light flowed in so mightily upon my soul, that everything appeared in a new view"[18].

In hierdie tyd kry die "Holy Club" en sy lede die spotnaam Metodiste[19]. Hulle wou deur bepaalde

---

12 Du Toit, J.D. *Die Metodisme*, p. 38.

13 Tereg vra Du Toit, op. cit., p. 39, of dit nie die begin is van die metodistiese "Societies' naas die kerk nie.

14 Andrews, S. *Methodism and society*, p. 23.

15 Du Toit, J.D. op. cit., p. 40, wil uit die feit ten dele die latere gevoels-teologie van Wesley verklaar.

16 Wesley, J. *Journal*, May 24, 1738. Aangehaal deur Du Toit, a.w., p. 40 voetnoot 2.

17 Du Toit, J.D. *Die metodisme*, p. 42.

18 Wesley, J. Journal, May 24, 1738. Aangehaal deur Du Toit, op. cit., p. 43 voetnoot I.

19 Wesley verklaar die oorsprong van die naam soos volg: "It was first given to three or four young men at Oxford, by a student of Christ Church; either in allusion to the ancient sect of so called, PHYSICIANS, from their teaching that almost all diseases might be cured by a specific method of diet and exercise

metodes, toegepas in hulle lewe, die kerk lei tot herlewing en hulleself opvoed tot heiliging. Dit is duidelik dat die jare te Oxford wat in 1735 ten einde loop, beslissende jare was in die vorming van John Wesley. Sy uitgangspunt dat ons “can most promote holiness in ourselves”[20], sy neiging tot mistisisme en ’n asketiese wetsheiligheid om sy siel te red, sy verbintenis met die “Holy Club” ’n organisasie buite die kerk as instituut, het die persoon en werk en die daaruit voortvloeiende Metodisme blywend gestempel.

### *3. NA GEORGIA IN AMERIKA*

Daar word by John Wesley aangedring om in Georgia sendeling te word onder die Indiane. En, let wel, sy hoofmotief vir die stap draai weer om sy eie siel. “My chief motive” so skryf hyself “to which all the rest were subordinate, is the hope of securing my own soul. I hope to learn the true sense of the gospel of Christ by preaching it to the heathen”[21].

Op weg na Amerika het Wesley, weer eens op ’n werkheiligheidstandpunt, hom toegelê op mistiese en asketiese praktyke. Van smôrens vroeg tot laat in die aand is hy besig met bid, preek, vas en Bybellees. Hy eet nie vleis en hy drink nie wyn nie. Later vermy hy selfs ’n verskeidenheid van voedsel omdat die mens van brood alleen moet lewe. Hy vind egter geen sielerus nie. En as storms op die see hulle bedreig, oorval ’n groot vrees vir die dood hom. Dit is nou dat 26 Morawiërs saam met hom op die skip groot invloed op hom uitoefen. Hulle geloofs-kalmte en blymoedigheid het hom getref. Selfs midde in ’n storm het hulle nog lofliedere gesing. [22]

Hy word predikant van Savannah. Hy wend uiterste pogings aan om ’n geestelike herlewing in die gemeente te bewerk. Hy het onder andere elke dag twee dienste gehou, en elke Sondag Nagmaal gevier. Die “spesiale” moes die gemeente tot geloof opwek. Hy maak doop deur onderdompeling verpligtend en eis herdoop van almal wat nie deur ’n Episkopaalse geestelike gedoop is nie.

### *4. SY PLOTSELINGE BEKERING*

Hy is veral ontevrede met sy eie geestelike toestand. Hy skryf: “I went to America to convert the Indians; but oh, who shall convert me? who, what is he that will deliver me from this evil heart of unbelief?”

Terug in London kom hy weer eens sterk onder invloed van ’n groep Morawiërs en veral van hulle predikant Peter Böhler.

Böhler het hom onder andere in ’n preek oortuig van sy “unbelief, of the want of that faith whereby alone we are saved”[23]. Die Morawiërs se diepe erns, hulle standpunt oor die bekering as ’n oorstap vanuit die duisternis van satan na die lig wat somtyds plotseling kan gebeur, het hom besonder beïndruk. Hy worstel veral met die probleem van ’n plotselinge bekering. Hy kom dan ook tot die konklusie dat hy ’n half-bekeerde is, ’n “almost christian”[24] omdat hy die sekerheid in sy hart mis.

Met dié vraag het John Wesley geweldig geworstel: is ek ’n bekeerde of nie[25]? Dit het hom so gekwel dat hy gedreig het om sy amp as prediker neer te lê.

Juis in hierdie tyd op 1 Mei 1738 begin hy en enkele vriende ’n klein “society”, ’n vereniging. Hulle

---

(hierdie skool van Griekse medici is genoem methodikoi) or from their observing a more regular method of study and behaviour than was usual with those of their age and station”. Aangehaal deur Du Toit, a.w., p. 40,voetnoot 4. Wesley, J. *Works*, VIII, p. 339.

[20] Wesley in 'n brief aan sy vader, Des. 1734. Aangehaal deur Andrews, S. *Methodism and society*, p. 27.

[21] Aangehaal deur Andrews, S. *Methodism and society*, p. 28.

[22] Ibid.,p. 29.

[23] Aangehaal deur Andrews, op. cit., p. 31.

[24] Andrews, S. *Methodism and society*, p. 32.

[25] Vir 'n sprekende uiteensetting hiervan sien Wesley, J. *John Wesley*, p. 51 e.v.

kom ooreen om eenmaal per week byeen te kom, hulle sondes teenoor mekaar te bely en vir mekaar te bid, sodat hulle genees sal word. Verder verdeel hulle in groepe van nie meer as tien nie wat vrymoediglik teenoor mekaar getuig van sonde en genade, van die toestand van hul harte, met hul versoekinge en oorgawes. Eenmaal 'n week kom die groepe dan bymekaar om veral saam te sing en saam te bid. Een Sondag in 'n maand is van sewe tot tien byeengekom vir "a general love-feast"[26].

Die groot uur het gekom. Op die aand van 24 Mei 1738 gaan Wesley na 'n vereniging in Aldersgate, sterk onder die invloed van die Morawiërs. Hier het iemand die voorrede van Luther op die brief van die Romeine gelees. Wesley vertel self: "About a quarter before nine, while he was describing the change which God works in the heart through faith in Christ, I felt my heart strangely warmed. I felt I did trust in Christ, Christ alone for salvation; and an assurance was given me that he had taken away my sins, even mine, and saved me from the law of sin and death"[27].

Dit is die uur van sy bekering, die kulminasiepunt van sy lewe[28]. Dit is 'n gebeurtenis nie net van betekenis vir Wesley nie maar dit het ook 'n stempel afgedruk op die voortgang van die Metodisme. Dit is ook van besondere betekenis dat hy tot bekering kom in 'n "vereniging". Dit het betekenis nie net in die lewe van Wesley nie, maar ook vir die verdere manier van doen deur Metodiste.

As bekeerde onderneem Wesley nou as't ware 'n bedevaart na Herrnhut in Duitsland om die Christene te sien wat die getuienis van die Heilige Gees het en wat gered is van alle inwendige en uitwendige sondes[29].

Hiermee was hy voorbereid om die wêreld in te gaan om te gaan preek en siele te win vir Jesus. Indien hy bestraf is dat hy indring in die arbeidsveld van 'n ander, was sy verweer: Die hele wêreld is my arbeidsveld.

### *5. GEORGE WHITEFIELD (1714-1770)*

Naas John Wesley was George Whitefield 'n tweede leier van die Metodisme. Sy krag het daarin gelê dat hy as die magtigste opwekkingsprediker, "the prince of preachers", van die 18e eeu bekend gestaan het[30]. Whitefield het eweneens in Oxford gaan studeer en daar by die reeds genoemde "Holy Club" aangesluit[31]. Ook hy het die *Serious Call* van Law en die *Imitatio Christi* van Thomas a Kempis gelees. Sy indrukke is verder verdiep deur Scongal se *Life of God in the soul of man* sodat hy weldra in asketiese en mistiese uiterstes verval het. Hy het slegs die grofste voedsel geëet, hom slordig geklee, dikwels gevas en saans onder die bome gebid totdat die klok van die kollege hom na sy slaapkamer geroep het, waar hy dan in plaas van te slaap hele nagte gekerm het oor sy sondes.

Eindelik was sy liggaam so afgesloof dat hy siek en oorspanne vir ses tot sewe weke aan die siekbed gekluister was. Dit was volgens hom die uur van sy nuwe geboorte. Hy het opgestaan, gesond na die liggaam en vernuut na die siel. Oor sy groot vreugde hierna skryf Whitefield: "At first my joys were like a spring tide, and, as it were, overflowed the bank; go where I would I could not avoid the singing of psalms almost aloud"[32].

Nadat hy die B.A.-graad verwerf het, het dit sy een groot ideaal geword om Christus, die Verlosser, in 'n eeu van Moralisme en Deïsme te gaan verkondig. Oral waar hy gepreek het, het

---

[26] Wesley, op. cit., p. 56.
[27] Ibid., p. 66 en aangehaal deur Andrews, op. cit., p. 32.
[28] Du Toit, J.D. *Die Metodisme*, p. 50.
[29] Aldus Wesley in sy *Journal*, July 6, 1738. Du Toit, op. cit., p. 51, voetnoot 3.
[30] Van Houten, T.B. Whitefield, George (In: *Christelijke encyclopedie*, 1961,6:606).
[31] Du Toit, J.D. *Die Metodisme*, p. 47.
[32] Aangehaal deur Du Toit. op. cit., p. 48, voetnoot 1.

ontwaking gekom.

Anders as Wesley het Whitefield ŉ herlewing van die Calvinisme beoog. Hy het onder andere ŉ grondige studie gemaak van die Calvinisties geïnspireerde geloofsartikels van die Staatskerk en van die Heilige Skrif. So word hy ŉ vurige verkondiger van die uitverkiesing en vrye genade van Christus.

In ander opsigte was Wesley en Whitefield egter geesgenote. ŉ Laaste samekoms in London, voordat hulle die wêreld sou ingaan om die Evangelie te verkondig en so siele te wen, spreek nogal van hierdie geesdrywerige geesverwantskap.

Dit is Nuwejaar 1739[33]. Wesley se broer Charles, ŉ vurige ondersteuner van hom, Whitefield en ongeveer 60 medebroeders het vir laas saam ŉ liefdemaaltyd gehou. Hulle het brood geëet en water gedrink, afgewissel deur plotselinge opwellinge van religieuse gevoel in sang of gebed. Om drie-uur in die nag het die krag van God oor hulle gekom. Hulle skreeu dit uit van vreugde, ander val op die grond terwyl almal saam soos met een akkoord uitjubel: Ons prys U, o God.

Vir Whitefield was dit ŉ pinkstertyd, "sometimes whole nights were spent in prayer"[34]. Hy was besiel om die wêreld in te gaan en te preek en nogmaals te preek.

Nietemin het Whitefield se meer Calvinistiese siening op sonde, uitverkiesing en genade, verwydering gebring tussen hom en Wesley. Wesley veral het die verdere ontplooiing van die Metodisme gestempel.

## *6. DIE METODISME ORGANISATORIES BESTENDIG*

Die Metodistiese beweging en organisasie het veel van die Morawiërs oorgeneem. Met sy besoek aan Herrnhut in 1738 het Wesley ŉ besondere studie gemaak van die Morawiese kerk en dit het hom beslis beïnvloed by die organisasie van sy eie Metodistiese verenigings.

Dit is bereken dat Wesley die laaste 50 jaar van sy lewe ongeveer 225 000 myl gereis het en 40 000 preke gelewer het, ŉ gemiddeld van 15 per week. Dit het beteken dat hy en sy perd te alle tye by die dag of nag en onder alle omstandighede by sonskyn of onweer die land deurkruis het om te preek. Dit het onderdak geskied en heel dikwels in die ope veld. Wesley het egter besef dat om net te preek geen bestendige vrugte kan oplewer nie. Dit moet gepaard gaan met ŉ vaste organisasie. Daarom kan met reg gesê word: "the Methodist societies rather than Wesley's sermons were to be the key factors in the religious revival"[35].

Nog voor Wesley se vereniginge het daar al sodanige "societies" binne die Engelse staatskerk ontstaan. Die gedagte van ŉ ecclesiola in ecclesia (ŉ kerkie binne ŉ kerk), van ŉ missionêre wêreldkerk, van ŉ onderlinge dissipline, het ook die oprigters van hierdie verenigings binne die kerk besiel.

Wesley het hierby aangesluit[36]. Na sy Aldersgate-bekering het hy hom nog meer tot so ŉ verenigingslewe aangetrokke gevoel.

Die eerste suiwer Wesleyaanse vereniging onder direkte kontrole van Wesley, is op 11 November 1739 in Londen gestig in ŉ ou gebou, die Foundery genoem. Weldra het ander sodanige verenigings gevolg en almal is onderwerp aan die reëls deur die broers Wesley opgestel, op 1 Mei 1743 gepubliseer onder die titel: *Nature, design, and general rules of the United Societies*. Hierdie reëls bevat ŉ lys van sondes wat vermy en ŉ lys van deugde wat beoefen moet word. Dit verraai die sterk moralistiese karakter van die agtiende eeu. Op ŉ perfeksionistiese en kasuïstiese lees

---

[33] Du Toit, J.D. *Die Metodisme*, p. 51.

[34] Aangehaal deur Du Toit, op. cit., p. 51, voetnoot 6.

[35] Andrews, S. *Methodism and society*, p. 44.

[36] Du Toit, J.D. *Die Metodisme*, p. 62.

geskoei is voorskrifte oor alles en nog wat gegee: moenie meer eet as wat die natuur nodig ag nie, gaan slaap vroeg en staan vroeg op, dames moenie ringe, oorringe of halssnoere dra nie, mans moenie gekleurde baadjies, uitspattige kouse of glinsterende gespes dra nie. Predikers moet hulle weerhou van spiritualieë maar mag ʼn bietjie limonade neem na hulle gepreek het.

Die verenigings of geselskappe het van meet af die basis uitgemaak van waaruit die metodiste inspirasie geput het en tot arbeid gestimuleer is. Die reëls vir die lede van die geselskappe waarvan enkele besonderhede alreeds genoem is, kan onder drieërlei saamgetrek word:[37]

1. Verwydering van die bose.
2. Doen van goeie werke in liggaamlike en geestelike sin. Dit moet uitkom in bewys van barmhartigheid, selfverloëning en ʼn vrywillige dra van die smaad van Christus.
3. Die gebruik van die genademiddele van Woord en sakrament aangevul deur vaste openbare bidure, persoonlike en familiegebede, Skrifondersoek en vas volgens ʼn vaste program.

Die verenigings is nog verder georganiseer en werk volgens ʼn vaste metode. Die lede van ʼn vereniging is in groepies of "klasse" van twaalf verdeel elk met ʼn eie leier. So het die groepsbyeenkomste ontstaan, ʼn belangrike rat in die raderwerk van die Metodistiese organisasie. Wesley het in hierdie groep-byeenkomste ʼn weergawe gesien van wat die apostels gedoen het toe hulle ʼn groep as kategumene afgesonder het van die res van die gemeente. As bewys van lidmaatskap en tegelyk as ʼn aanbevelingsbrief is aan elke lid van ʼn groep ʼn kaartjie uitgereik, waarop ʼn pakkende Bybelteks en ʼn simboliese figuur, byvoorbeeld ʼn anker van hoop aangebring is.

Hulle moes ten minste eenmaal ʼn week saamkom om die toestand van hulle hart en lewe te bespreek en die bydrae vir die algemene kas te betaal. Die leiers in ʼn streek het ook elke week saamgekom met Wesley of met een van sy plaasvervangers.

Verder het die sogenaamde nagwake en liefdemaaltye ʼn belangrike plek gekry in die metodiste se lewe. Wat die nagwake aanbetref, is een of meer preke met gesang en gebed tot enkele minute voor middernag gehou. Dan kom ʼn plotselinge stilte en die hoofde van almal buig in swygende meditasie terwyl die horlosie twaalfuur slaan. Na die sing van ʼn lofsang keer almal dan huiswaarts. So het ook die sogenaamde liefdesmaaltye ʼn plek gekry in die metodistiese program. Dit alles dui op ʼn eensydige oorspanning van die gevoelslewe maar ook op ʼn vaste metode, vaste voorskrifte, waarvolgens geleef en aanbid is.

Die verenigings of geselskappe is in kringe of distrikte ingedeel wat op hulle beurt in konferensies saamgekom het. Elke een of twee jaar is ʼn rondreisende spesiale prediker na so ʼn kring of distrik gestuur. Sy werk was om die "klasse" te besoek, die besondere geselskappe, dit is die duidelik tot God bekeerdes, aanwys en organiseer, opneem in en uitsluit uit die algemene geselskappe en om deur spesiale herlewingsprediking die geselskappe van diens te wees.

Op die vierde konferensie 1747 is die vraagstuk oor die verhouding van die Metodistiese verenigings met die bestaande kerk bespreek. Die standpunt was steeds: geen afskeiding nie. Waar daar ʼn vereniging binne gemeentelike grense was, het Wesley steeds daarop aangedring dat die samekoms van die vereniging nie mag bots met die kerkdienste nie. Selfs so laat in sy lewe as 1783 verklaar Wesley nog dat indien die Metodiste ooit die kerk sou verlaat, hy hulle dan sal moet vaarwel sê. ʼn Konfrontasie met die staatskerk sou egter spoedig hierna volg. Wesley kon die biskop van London nie oorhaal om ʼn aantal metodistiese predikers te orden met die oog op bediening in Amerika nie. Hy bevestig hulle dan self. Dit het daartoe gelei dat die Amerikaanse Metodiste nie langer beskou is as lede van die kerk van Engeland nie. Dit was ʼn voorteken van ʼn breuk wat sou kom.

---

[37] Littooy, A. *Het Wesleyaansche Methodisme*, p. 28.

Al sou die probleem insake die bevestiging van predikers nie opgeduik het nie, het dit nogtans onwaarskynlik gelyk of die metodiste veel langer binne die gevestigde kerk sou bly. Vir die gewone metodis het dit mettertyd te veel geword om die verenigings gereeld by te woon en daarby ook nog die Anglikaanse dienste. Na 1784 het die drang om af te skei, toegeneem.

Wesley het nietemin tot by sy dood volgehou dat hy nie van die staatskerk wil afskei nie. Sy standpunt kan soos volg saamgevat word: [38]

1. Hy wou geen kerk naas die bestaande kerk stig nie, maar 'n "society" in die kerk.
2. Hy het sy lekepredikers as evangeliste en nie as ampsdraers beskou nie.
3. Hulle kon geen sakramente bedien nie.
4. In sy preekhuise is alleen tussen kerkdienste diens gehou sodat die metodiste die gewone godsdiensoefeninge kon bywoon.
5. Hy het die Kerk van Engeland, naas die Ou Kerk, die mees Skriftuurlike nasionale kerk in die wêreld genoem.

Andersyds staan ook vas:

1. Hy het in sy leer op verskillende punte van die artikels van die staatskerk afgewyk.
2. Hy het na 1746 die "apostoliese suksessie" as 'n fabel beskou waardeur hy openlik met die "High Church-teorie" gebreek het.
3. Hy het 'n eie organisasie, los van die Kerk en alléén aan hom onderworpe, geformeer. Dit blyk uit die volgende:
   (a) Hy het eiendomme bekom en dit op naam van sy Trustees getransporteer.
   (b) Hy het in sy preekhuise saam met sy broer Charles, sakramente bedien.
   (c) Hy het lekepredikers tot die bediening toegelaat.
   (d) Hy het 'n Konferensie byeen geroep wat 'n wetgewende mag gehad het en na die Deed of Declaration in 1784 regspersoonlikheid verkry het.
   (e) Hy het superintendente vir Amerika georden in 1784.
   (f) Hy het op dergelike wyse in 1785 predikers georden vir Skotland.
   (g) Hy het later superintendente oftewel assistente vir die Verenigings in Engeland georden.

Alles dui daarop dat die georganiseerde Verenigings binne die kerk geleidelik met 'n altyd sterkerwordende selfstandigheid weggedryf het van die bestaande kerk. Van die kant van die Anglikaanse kerk is egter geen poging aangewend[39] om so 'n breuk te voorkom nie. McCarthy meen selfs dat daar 'n onbekwaamheid asook 'n onwilligheid by die bestaande kerk was om die geestelike behoeftes van die metodiste maar selfs in die geringste tegemoet te kom[40].

In 1790 sterf Wesley. En hoewel hy tot sy dood 'n Metodistiese organisasie binne die kerk gewil het wat na binne in die kerk werk maar ook na buite sy lig laat skyn aan hulp in versorging van minderbevoorregtes, het dit kort na sy dood, waarskynlik rondom 1810, gekom tot 'n selfstandige Metodistekerk wat uit Wesley se Verenigings ontstaan het.

[38] Du Toit, J.D. *Die Metodisme*, p. 71.
[39] Gregory, J.R. *A history of Methodism*, p. 151.
[40] Ibid., voetnoot 1.

## *8. SAMEVATTENDE KONKLUSIE*

Uit die ontstaansgeskiedenis van die Metodisme staan die volgende hoofsake kristalhelder uit:

a. Dit was in wese 'n opwekkingsbeweging wat deur 'n eensydige bekeringsprediking en oordrewe gevoelsopwelling siele wou wen en so 'n nuwe lewe in die kerk van die 18e eeu wou blaas.

b. Dit het met sy verenigingswese of geselskappe kerkies binne die kerk in die lewe geroep.

c. Deur lekepredikers en 'n verenigingsorganisasie binne die kerk het dit die amptelike diens binne die kerk verdring.

d. Dit het leerstellig die gereformeerd-calvinistiese spoor vaarwel gesê en openlik, onder andere met die oprigting van die Arminian Magazine in 1778, die Arminianisme gepropageer[41]. Wesley het hom openlik beywer vir die bestryding van die leerstuk van die uitverkiesing en bygevolg 'n verwerping van die leerstuk van die volharding.

e. Wat die heilsorde aanbetref, is die Metodisme in sy historiese wording antropologies soteriologies en nie teologies nie[42].

f. Omdat Wesley so eensydig soteriologies ingestel was op siele wen vir Jesus het hy nagelaat om die lig van die Evangelie uit te dra op alle lewensterreine. Dit het neergekom op skeiding van natuur en genade. As die siel maar gered is, is dit genoeg. Die ander lewensterreine en instellinge soos die Calvinisme dit wil, hoef nie binne die ligkring van die Evangelie betrek te word nie.

Dit alles het bedenklike gevolge gehad: dit het volgens die "revival"-metode meesal gegaan om die mens, deur die mens, in die mens, en waar soms effens hoër vlug geneem word, het alle beskouing en aanbidding te dikwels geëindig in 'n Jesulatrie, wat die Christus nie as die openbaring van die volheid van die Godheid nie maar as die Godheid self beskou het[43].

Wesley wou 'n korrektief bied op die verval van sy eeu. In werklikheid het hy Jesus beperk tot die mens se siel, en God Drie-enig en sy Openbaringswoord uitgeskakel uit 'n oplossing van die problematiek van die vervalle wêreld van sy tyd.

## *BRONNE*

ANDREWS, S. *Methodism and society*. Harlow, Longmans, 1970, p. 140. (Seminar studies in history).

Du Toit, J.D. *Die Metodisme*. (In sy: *Versamelde werke*, p. 8. Johannesburg, Dagbreek-Boekhandel, 1962).

GREGORY, J.R. *A history of Methodism, chiefly for the use of students*. London, Kelly, 1911, 2 bde.

LITTOOY, A. *Het Wesleyaansche Methodisme*. Breukelen, Den Boer, 1886, p. 47.

WESLEY, J. *John Wesley*. Ed. by A.C. Outler. New York, Oxford University Press, 1964, p. 516.

---

41 In sy *Man's faith and freedom, the theological influence of Jacobus Arminius* wys Gerald O. McCulloh p. 47 e.v. op die invloed van Arminius in Engeland via die Metodisme. Hy verklaar: "Any English Methodist regards Arminianism as his own communion's peculiar reserve – and not unjustly". In die eerste uitgawe van die "Magazine" skryf Wesley: "We know nothing more proper to introduce a work of this kind than a sketch of the life and death of Arminius: a person, with whom those who mention his name with the utmost indignity, are commonly quite unacquainted; of whom they know no more than of Hermes Trismegistus".

42 Du Toit, J.D. *Die Metodisme*, p. 137.

43 Ibid.

## 2. DIE METODISME DEUR DIE BRIL VAN DIE GEREFORMEERDE LEER

Prof. P.J. Coetzee

Die Metodisme het hom nie daarop toegelê om ’n afgeronde dogmatiese sisteem te bied nie[1]. In hierdie artikel vind u egter ’n poging om in enkele hooftrekke die leerstellige implikasies van die Metodisme aan te dui. Ons staan voor die probleem dat, soos dit meermale uitgedruk is[2], die evangelie deur die Metodisme tot ’n minimum gereduseer is en op ’n stuiwertjie geskrywe kan word. Ons gaan nou daartoe oor om enkele hoofsake te onderstreep waarin na ons oortuiging die gereformeerde belyder hom onomwonde van die Metodisme moet distansieer[3].

### *DIE WESLEYAANSE METODISME VERWERP DIE LEER VAN DIE PREDESTINASIE*

By ’n beoordeling van die Metodisme, uit leerstellige oogpunt, moet onmiddellik die summiere verwerping van die leer van die predestinasie deur die grondlegger en vernaamste segsman, te wete John Wesley, genoem word[4]. Ons word ook geensins in die duister gelaat waarom hierdie leer sonder meer as ’n “dangerous mistake” gebrandmerk word nie. Wesley se oortuiging is om dit in die taal van ons Heidelbergse Kategismus te stel — dat die gereformeerde leer van God se soewereine genade wel deeglik “sorgelose en goddelose mense” maak (vraag 64). Hy skroom selfs nie om hierdie leer as verderflik en as ’n afskuwelike kettery te tipeer nie[5].

Hier gaap ’n onoorbrugbare kloof tussen die Metodisme en die gereformeerde belydenis. Calvyn het die oor op die Heilige Skrif gelê en die leer van die uit verkiesing die hart van die kerk (“cor ecclesiae”) genoem[6]. Die Heilige Gees het aan hom ’n diepe insig in die geopenbaarde waarheid van God geskenk. Hy het dit weer skerp in die lig gestel dat die soewereine genade van God in Jesus Christus die kern van die Evangelie is, en dat hierdie soewereiniteit uitkom in die besluit van die uitverkiesing, en in dié van die verwerping wat die donker keersy van die uitverkiesing is. God se raad gaan ook oor ons ewige bestemming. Hy bepaal die saligheid en die verderf. Hy verordineer wie die ewige lewe sal beërf en wie nie. Hierdie onderskeid rus in sy verborge wil, maar in hierdie onderskeid bly die verantwoordelikheid van die mens ten volle gehandhaaf en gee Calvyn daarvan niks prys nie[7].

Wesley kom tot die slotsom dat die leer van die uitverkiesing in teenspraak is met die deugde van

---

1 Wielenga, B. *Het Methodisme*, p. 16.

2 Vgl. o.a. die Christelijke Encyclopaedie, p. 183. Krige J.J. Metodisme (In *Koers in die Krisis*, 1, p. 131) *[Hierdie voetnoot en voetnoot 3 was in die oorspronklike genommer 2a en 2b]*

3 Ons kan nie met prof. Loofs saamstem dat die Reformatore van die sestiende eeu (dus ook Calvyn) nie ernstige beswaar teen die leerstellige standpunt van die Metodisme sou gehad het nie. Loofs verklaar: “Eigentliche Lehrdifferenzen hat der Methodismus im Vergleich mit universalistisch gerichtetem reformiertem Protestantismus nicht (*Throl. Litt. Zt.* 1910, no. 24, p. 754). Ons gaan ons in hierdie artikel bepaal by die Metodisme in sy Arminiaanse gestalte soos deur Wesley e.a. teenoor die standpunt van die meer gereformeerde George Whitefield geopenbaar.

4 In 1765 verklaar John Wesley in 'n brief dat hy en sy broer Charles reeds dertig jaar vantevore dit al hulle plig geag het “to oppose Predestination with our whole strength, not as an opinion, but as a dangerous mistake, which appears to be subversive of the very foundation of Christian experience and which has, in fact, given occasion to the most grievous offences”. (Aangehaal deur Andrews, *S. Methodism and Soriety*, p. 62).

5 “Wesley held that the influence of Calvinism upon a man's heart and life was wholly mischievous” Stevens, A. *History of Methodism*, I, p. 15).

6 Verwysings na Calvyn se geskrifte, en dan veral na die Institusie, die groot boek van die Reformasie, kan hier vermenigvuldig word. Die leer van die uitverkiesing staan by Calvyn in die sentrum, soos onder andere uit hierdie woorde blyk: “Dominus, dum nos vocat, justificat, glorificat, nihil aliud quam aeternam electionem declarat”. (Wanneer die Here ons roep, regverdig, verheerlik, doen Hy niks anders as om die ewige uitverkiesing aan te kondig nie).

7 Dijk, K. *Van eeuwigheid verkoren*, p. 17 e.v. *Om't eeuwig welbehagen*, p. 128 e.v.

God se barmhartigheid en sy geregtigheid. Hy kom ook met die beswaar dat die leer die prediking van die Evangelie oorbodig maak omdat dit, as die uitverkiesing waar is, onnodig vir die uitverkorenes en van geen nut vir die verworpenes is nie[8]. Sy bedenking kom daarop neer dat die uitverkiesing op fatalisme en determinisme uitloop. Hiermee hang hy natuurlik 'n spotbeeld op van wat die Skrif in hierdie verband leer en soos die Gereformeerde Kerke dit ook bely[9].

Wesley se beswaar dat die leer van uitverkiesing antinomiaanse konsekwensies inhou, het hy veral na 1740 duidelik uitgespreek[10]. Ook John Fletcher, 'n medestander van Wesley, het die antinomianisme as 'n noodwendige uitvloeisel van die leer van die uitverkiesing beskou. Hy kan hom nie voorstel dat 'n persoon wat aan die uitverkiesing glo, hom nou nog verder sal inspan om God se wil te betrag nie. Hierdie persoon sou maar rustig kan terugsit omdat die saligheid tog enkel uit genade is en hy daartoe geen bydrae hoef te lewer of kan lewer nie. Fletcher het die leer van die Skrif misken dat die uitverkiesing 'n uitverkiesing is tot goeie werke (vgl. o.a. Efes. 1:4 e.v.; 2:10) en dat dit in hierdie sin net 'n ander term is vir die hoogste lewensaktiwiteit. Hy erken dat daar baie "pious Calvinists" is, maar hulle is eintlik inkonsekwent omdat hulle belydenis so 'n lewensopenbaring nie meebring nie.[11]

Fletcher betoog verder dat die leer van die verwerping ook die toeleg om goeie werke te doen, uitkanselleer. Waarom sal iemand wat tog gewisselik verlore gaan hom nog verder vermoei om te probeer goed doen? As die leer van die verwerping waar sou wees — aldus Fletcher — dan moet ons aanneem dat God ook die weg tot verlore gaan, te wete die sonde wat die verworpene in die lewe sou kom pleeg, gepredestineer het[12].

Hy redeneer dan verder dat indien Christus alles vir ons volbring het en die saligheid enkel uit genade sonder enige verdienste ons toegereken word, dit noodwendig mense die toneel sal laat beset wat gemaksugtig terugleun terwyl hulle wegskram vir verantwoordelikheid en derhalwe 'n gebrek aan waaksaamheid openbaar[13]. Die sedelike tug en die prikkel tot goeie werke is dan uitgeskakel.

Die Metodiste het 'n praktiese, aktiewe en aggressiewe opvatting van die Christendom[14]. Klaarblyklik het die belydenis van God se ewige voorneme by hulle in diskrediet geraak deur die misbruik wat van hierdie leer gemaak is. In die Skrif word ernstig gewaarsku teen die gerustes in Sion wat hulle sekerheid verdedig met 'n beroep op God se genade en trou en wat dan maar in die sonde sorgeloos voortlewe. Ons moet oplet wat daar onder andere staan in Amos 6:1; Rom. 3:8; 6:1, 2 en Judas 4. Wie hom waarlik ernstig oor sy saligheid bekommer, sê nie: as ek uitverkore is, kom ek wel daar, en as ek nie uitverkore is, help dit tog nie om te waak en te bid nie. Nee, hierdie

---

8 Volgens J. Whitehead (*The life of Rev. John Wesley*, p. 393) skrywe Wesley "that God should be the author of sin and injustice which must, I think, be the consequence of maintaining this opinion. It is a contradiction to the clearest ideas we have of the Divine Nature and Perfections".

9 Dijk, K. *Om't eeuwig welbehagen*, p. 421 e.v.

10 As Wesley in 1741 Whitefield die predestinasie hoor verdedig, voeg hy hom toe: "You have tried to prove that God is worse than the devil; for the devil can only tempt a man to sin; but, if what you have said be true, God forces a man to sin; and therefore, on your own system, God is worse than the devil". (Aangehaal deur Tyerman, L. *Wesley 's designated successor*, p. 351).

11 "Some of them are remarkably diligent in good works. They are solifidians by halves; in principle but not in practice... Their works outshine their errors. I lay nothing to their charge but inattention, prejudice, and glaring inconsistency". Fletcher, J. *Works*, 2, p. 219.

12 "If I am unconditionally reprobated... all my endeavours and works... will only dance before me to the pit of hell". (Ibid. 3, p. 213, 314; 4, 481, ens.)

13 "Again: suppose our salvation is finished, it follows Christ has done all, and we are to do nothing. Obedience and good works are no more necessary in order to it, than cutting and carrying stones are necessary to the completing of Westminster bridge". (Ibid., 2, p. 364.)

14 Bavinck, H. *Gereformeerde dogmatiek*, 8, p. 537.

mens soek Christus met sy hele hart en hy vind steun in God se vrye genade[15]. Die belydenis van God se soewereine genade en van die onmag van die mens mag nie lei tot verwaarlosing van die roeping tot geloof en bekering en die eis tot gehoorsaamheid aan God se heilige gebod nie.

Die derde deel van die Heidelbergse Kategismus wat handel oor die dankbaarheid wat ons aan God vir die verlossing verskuldig is, word juis ingelui met die vraag waarom ons dan nog goeie werke moet doen, aangesien ons uit ons ellende, sonder enige verdienste van ons kant, alleen uit genade, deur Christus verlos is. Op hierdie vraag antwoord ons soos volg: "Omdat Christus, nadat Hy ons met sy bloed gekoop en vrygemaak het, ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe, sodat ons met ons ganse lewe aan God dankbaarheid vir sy weldade sal bewys en Hy deur ons geprys word. Dan ook dat elkeen by homself van sy geloof uit die vrugte versekerd kan wees en dat deur ons Godsalige wandel ons naaste ook vir Christus gewin kan word". As die wortel van die boom goed is, sal die boom ook goeie vrugte dra. Die uitverkiesing is die wortel van die geloof wat as ontvangende orgaan en werksame krag 'n gawe van God is. Die genade laat die liefde van Christus ons dring, dit maak aktief, sodat die geloof uit die werke getoon en goeie geloofsvrugte gedra word. (Vgl. Dordtse Leerreëls, V, 10 en 12).

### *DIE SKRIFLEER VAN DIE GENADEVERBOND BLY BY DIE METODISME IN DIE SLAG*

Die Heilige Skrif leer dat dit nie losstaande enkelinge is wat asof uit die stroom van die verderf opgevis word nie, maar dat 'n *liggaam* behou word[16]. Vanselfsprekend mag die persoonlike element nie verwaarloos word nie. Ten slotte sal dit daarop aankom of elke gelowige God sy God kan noem. Die persoonlike gerigtheid van die Heidelbergse Kategismus moet altyd raakgesien word. Maar daar moet in die weg van die verbond tot hierdie persoonlike belydenis gekom word. Kragtens die verbond is ook die kinders erfgename van die ryk van God. J.D. du Toit wys daarop dat die Metodis hom toespits op vondelinge in plaas van bondelinge, eenlinge in plaas van die eenheid, die menigte in plaas van die gemeente[17]. Waar die verbondsgedagte by die Metodisme wel te voorskyn tree, is dit duidelik dat alle mense, individueel genome, daarby inbegrepe is, en nie, soos die gereformeerdes bely, alleen die gelowiges en hulle saad nie.

In Adam as eerste verbondshoof — dit is die opvatting — het almal geval, in Christus as tweede Verbondshoof word almal weer opgerig. Dit strook met die gedagte van die algemene versoening, met die belydenis van 'n Christus "pro omnibus" ('n Christus wat vir almal, hoof vir hoof, gesterwe het).

### *DIE WESLEYAANSE METODISME IS EG ARMINIAANS*

Dit is tiperend dat Wesley die tydskrif wat hy in 1778 laat verskyn, *Arminian Magazine* noem. Hy het hom sonder enige reserwe aan die kant van die Arminiane geskaar. Die Arminiaanse familietrek val altyd weer op. Dit het die sjibbolet geword van die Wesleyane in hulle stryd teen die Engelse Calviniste[18].

Wesley het die vyf leerstellinge soos in die Remonstrantie van 1610 vervat, waarteenoor die Dordtse Sinode 1618/1619 die Dordtse Leerreëls gestel het, heelhartig aanvaar. Hierdie vyf leerstellings behels kortliks die volgende:

(i) God het besluit om die sondaars van wie Hy vooruit gesien het dat hulle Jesus Christus sou aanneem en sal dien, uit te kies en die saligheid te laat ontvang, terwyl Hy diegene van wie Hy vooruit gesien het dat hulle Christus sou verwerp, aan die verdoemenis prysgee.

---

[15] Dijk, K. *Van eeuwigheid verkoren*, p. 150.
[16] Kuyper, A. *Het Werk van den Heiligen Geest*, p. 191.
[17] Du Toit, J.D. *Het Methodisme*, p. 148/149.
[18] Du Toit J.D. *Het Methodisme*, p. 156, 157.

(ii) Daar is 'n algemene versoening; Christus het vir iedere mens gesterwe.

(iii) Die wil van die mens is nie absoluut verdorwe nie; die mens het ondanks die sonde nog 'n wil tot die goeie.

(iv) Die mens kan die genade van God wat hom help, weerstaan ("Wat de manier van de werking dier genade aangaat, die is niet onweerstaanlijk"). Die implikasie is dat as die mens God se genade, ook om die wedergeboorte en die bekering te werk, kan weerstaan of nie weerstaan nie, soos dit hom mag behaag, dan moet daar iets onafhankliks in die mens wees wat hy kan besluit om te laat meewerk sodat die genadewerking kan slaag, of wat hy kan besluit om teenwerkend in te span, met die gevolg dat God se genade-poging misluk.

(v) Aangesien die mens die finale beslissing neem, kan daar 'n afval van die uitverkorenes wees. Die volharding van die heiliges is dus nie 'n loutere geskenk van God se genade nie. Dit hang van die goedvinde van die wil af of die mens sal volhard of nie sal volhard nie[19].

Tereg word Wesley se leer van die verlossing as antroposentries beskrywe. Die vrymagtige, onwederstandelike, soewereine genade van God word geloën. In die sterk drang om die wêreld tot bekering te bring, is die standpunt as onmisbare voorwaarde beskou dat die mens oor die wilsvryheid moet beskik, anders sou dit nie sin hê om hom daartoe te probeer aandryf dat hy Jesus Christus as Saligmaker moet aanneem nie.

Die Metodisme lê groot klem op sy leer van die "gratia praeveniens" in Arminiaanse sin. Dit hou in dat ons nie te doen het met 'n absoluut verdorwe menslike geslag nie.

Op grond van Christus se verdienste word alle mense begiftig met "preventing grace", sodat daar geen enkele mens gevind word wat in "a mere natural state" is nie; almal beskik oor die vermoë om die goeie te kan aangryp. As die vrye wil, bygestaan deur die voorbereidende genade, na die goeie kant beweeg, kom daar berou ("poenitentia", repentance). Hierdie berou is die voorwaarde om tot die geloof te kan kom"[20].

---

[19] Stevens, *A. History of Methodism*, 1, p. 117; Wagenaar, L.H. *Van strijd en overwinning*, p. 107 e.v.; Van der Waal, C. *Die Dordtse Leerreëls verdor nie*, p.16; Wielenga, B. *Het Methodisme*. p. 17.

[20] In verband met die leer dat elke kind vry van die vloek ("condemnation") in die wêreld kom op grond van die geregtigheid wat Christus vir almal verwerf het en dat hy die saad van goddelike genade in hom omdra waarvan hy nou net die regte gebruik moet maak, moet op die volgende sitate gelet word:

"The freedom of the will, strictly speaking, was unaffected by the fall". Pope, W.B. *Higher catechism*, p. 133.

"That by the offence of one judgement came upon all men (all born into the world) unto condemnation, is an undoubted truth, and affects every infant, as well as every adult person. But it is equally true, that by the righteousness of one, the frec gift came upon all men (all born into the world — infants and adults) unto justification". (Wesley, J. *Works*, 7, p. 97).

"As Adam brought a general condemnation and a universal seed of death upon all infants, so Christ brings upon them a general justification and a universal seed of life". Fletcher, J. *Works*, 1, p. 284, 285.

"Every human being has a measure of grace (unless he has cast it away), and those who faithfully use this gracious gift, will be accepted of God in the day of judgment, whether Jew or Greek, Christian or Heathen. In virtue of the mediation of Jesus Christ, between God and our fallen race, all men since the promise Gen. iii.15, are under an economy of grace, and the only difference between them as subjects of the moral government of God is that while all have grace and light enough to attain salvation, some, over and above this, have more and others less". Warren, W.F. *Systematic theology*, p. 146

"No man living is without some preventing grace, and every degree of grace is a degree of life". (Wesley, J. *Works*, 7, p. 97).

"I assert that there is a measure of free will supernaturally restored to every man, together with that supernatural light which enlightens every man that cometh into the world". (Ibid., 6, p. 42).

Die Metodiste aanvaar dus, soos Cassianus, Faustus en ander Semi-pelagiane in die vyfde eeu en daarna, dat die wil sy vryheid nie heeltemal as gevolg van die sonde verloor het nie. Die wil is net verswak, maar dit kan kragtens die voorbereidende genade die inisiatief neem om na God te kom. Die mens is vry om God se genade te aksepteer of dit te weier. Vanuit die natuurlik genade, soos dit by alle mense te vind is, word die lyne getrek na die geestelike hoogtes van die saligheid. Die Semi-pelagiane het die predestinasie ook reeds as niks meer geag nie as maar net ʼn voorbestemming op die basis van verdienstes waarvan God vooraf geweet het dat sekere prestasies gelewer sal word; predestinasie is dus niks anders as voorwetenskap nie[21].

Die genade van God word wel nodig geag, maar die sondaar is volgens die Semi-pelagianisme nie dood in die sonde en misdade en onbekwaam tot enige goed nie. In die mens is nog sekere kieme van deug en geregtigheid onder die sondige oppervlakte aanwesig wat slegs deur die dou van die goddelike genade tot wasdom moet kom. Die mens kan en moet met die genade saamwerk om die saligheid tot stand te bring. Sodra ons gewillig is, kan God met ons vordering maak. Mens en God werk dus saam tot die verlossing en die ewige lewe. Op hierdie samewerking moet al die nadruk val. Dit is die kernpunt in die Semi-pelagiaanse heilsleer[22].

Teenoor die Metodisme wat die Arminianisme onderskrywe, bely die gereformeerde dat die mens van nature so verdorwe is dat hy heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig is tot alle kwaad, tensy hy deur die Gees van God wedergebore word (Heidelbergse Kategismus, vraag 8). Die hele wêreld is voor God doemwaardig. Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God (Rom. 3:19-23). En: Die loon van die sonde is die dood (Rom. 6:23). Die saligheid hang nie aan die spinrag [Spinnerak – WJS] van die mense se wil nie. Augustinus het reeds bely dat as die mens net ʼn enkele sug tot sy saligheid moes toedoen, hy vir ewig verlore sou wees. “Hierdie uitverkiesing het tot stand gekom nie uit die vooruitgesiene geloof en die

---

[21] Die gedagte dat die predestinasie maar net 'n voorwetenskap van God behels, kom baie sterk by Wesley voor. Die saak word in sy kern in die lig gestel, o.a. in Anderson, O.T. A comparison of John Calvin's conception of salvation with that of .John Weslev. CM.A. Chicago, 1915)

p. 9: “Virtually, Calvin said God foreknew who would be saved because He willed that certain ones should be saved. Wesley said God willed that certain ones should be saved because He foreknew that they would comply with the requisites of salvation. Foreseeing their acceptance of the divinely appointed means of salvation, God elected them to eternal life.

p. 20: “Thus we have seen that Calvin begins his entire scheme of theology with the sovereignty of God, while Wesley begins not with the sovereignty but the fore-knowledge of God. Calvin finds in the sovereignty of God the basis of all the doctrines of grace, and shapes the doctrines in accordance with the conception of a sovereign God who does all things according to his own good pleasure. Wesley finds in his conception of the fore-knowledge of God the basis of his 'plan' of salvation”.

[22] Impeta, C.N. *De leer der heiliging en volmaking by Wesley en Fletcher*, p. 112, 123.

“Es muss daher für jeden Menschen eine Fähigkeit vorhanden sein zu glauben”. (Sulzberger, A. *Christliche Glaubenslehre*, p. 567).

Hodge, C. *Systematic theology*, 2, p. 330.

Kuyper, A. *Uit het Woord*, II: *Dat de genade particulier is*.

Aurelius Augustinus, *De Praedestinatione Sanctorum*, 8, p. 16.

“No man living is entirely destitute of... preventing grace. Every one has some measure of that light... which... enlightens every man that cometh into the world... so that no man sins because he has not grace, but because he does not use the grace which he has”. Wesley, J. *Works*, 6, p. 512).

Dijk, K. *Om't eeuwig welbehagen*, p. 51 e.v.

Lohse, B. *A short history of Christian doctrine*, p. 125. (Oor die semi-pelagianisme kan ook werke van Harnack, Seeberg, Loofs, Berkhof, Orr e.a. oor dogmageskiedenis nageslaan word.

geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid of geskiktheid, as oorsaak of voorwaarde wat vantevore vereis word in die mens wat uitverkies sal word nie, maar tot die geloof en die geloofsgehoorsaamheid, tot heiligheid ens.; daarom is die uitverkiesing die fontein van alle saligmakende goed waaruit die geloof, die heiligheid en ander saligmakende gawes, en uiteindelik die ewige lewe self, as vrugte voortvloei (Dordtse Leerreëls, 1, 9).

Die saligheid kan nie teruggevoer word tot 'n wilsbesluit van die mens nie. “Ons glo dat, nadat die ganse geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in verderf en ondergang gestort is, God Homself sodanig betoon het as wat Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. Barmhartig: deurdat Hy uit hierdie verderf trek en verlos diegene wat Hy in sy ewige en onveranderlike raad uit louter goedertierenheid uitverkies het in Jesus Christus, onse Here, sonder om enigsins hulle werke in aanmerking te neem. Regverdig: deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulself gewerp het” (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 16).

## *DIE METODISME LEER DAT DIE AFVAL VAN DIE HEILIGES MOONTLIK IS*

Wesley het die besliste standpunt ingeneem dat die lewe in die geloof ook weer beëindig kan word. Hy opper die beswaar teen die leer van die volharding van die heiliges dat dit mense in onverskilligheid sal laat voortdartel. Volgens Wesley kan hierdie leer net dien as 'n slaapdrank; dit moet noodwendig die waaksaamheid laat verslap. Hy ag dit heeltemal gebeurlik dat 'n mens vandag 'n kind van God kan wees, en môre weer 'n kind van die duiwel[23].

Die Metodiste bevind hulle in die geselskap van diegene wat die wedergeboorte, die geloof en die bekering geheel-en-al of gedeeltelik herlei tot die “vrye wil” van die mens, en wat in die leer van die regverdigmaking die verdienstelikheid van die werke leer.

Dit is die regstreekse en onvermydelike gevolg van die misplaaste en deur God se Woord gewraakte vertroue op die mens. Wie die volharding afhanklik stel van die werke, of die medewerking van die mens met die genade van God, mis elke waarborg dat dit 'n duursame karakter sal dra. Wie egter, soos die gereformeerde belydenis inhou, die werk van die Heilige Gees by die wedergeboorte, die geloof en die bekering nie misken nie, besef dat God se werk nie tot niet gemaak kan word nie[24].

---

[23] Wesley leer “that the probation of even the perfect Christian still continued, and the possibility of falling finally, was a motive for continued watchfulness” (Stevens, op. cit. II, p. 155). Wesley onderskei tussen geloof en sekerheid, en ook tussen die getuienis van die Heilige Gees en die sekerheid van die uiteindelike saligheid. “His Arminianism enabled him to make this practically important distinction”. Hierin stel hy hom vierkantig teenoor die leer van die “perseverantia sanctorum” (volharding van die heiliges) soos in hoofstuk V van die Dordtse Leerreëls bely.

[24] De Groot, D.J. *Het werk van de Heilige Geest* (In: Berkouwer, G.C. red.), *Het dogma der kerk*, p. 441/442.

Wesley stel sy standpunt baie duidelik: “Can a child of God then go to hell? Or can a man be a child of God today, and a child of the devil tomorrow? If God is our Father once, is he not our Father always? “ Wesley antwoord hierop soos volg: (1) “A child of God, that is, a true believer... while he continues a true believer, cannot go to hell. But, (2) If a believer makes shipwreck of the faith, he is no longer a child of God. And then he may go to hell, yes, and certainly will, if he continues in unbelief. (3) If a believer may make shipwreck of the faith, then... he who is a child of God today, may be a child of the devil tomorrow... Wesley, J. *Works*, 10, p. 285/286.

Wesley spreek in sy heilsleer van die “assurance”, maar dit het niks te make met die versekering van die volharding tot in die ewige lewe soos ons dit in die Dordtse Leerreëls, hoofstuk V, bely nie. “We speak of an assurance of our present pardon; not of our final perseverance”.

Whitefield het teenoor Wesley gehandhaaf dat God se genadewerk in die hart van die uitverkorenes nie weer tot niet gemaak kan word nie, terwyl die verworpenes in die sonde volhard. Dit blyk uit sy woorde: “Ek verklaar openlik dat ek glo in die leer van die verwerping, in hierdie sin, dat God sy verlossende

Deur die Metodiste en ander bestryders word die leer van die volharding van die heiliges as baie gevaarlik voorgestel. Dit sou dan, soos Wesley ook betoog het, die aanhangers van die leer onvermydelik laat verval in oppervlakkigheid en valse gerustheid en aanleiding gee tot geestelike hoogmoed en lydelikheid. Dit sou die oorsaak wees dat vele, terwyl hulle hul koester in die sekerheid van God se bewarende genade, sou nalaat om hulle saligheid met vrees en bewing uit te werk. Dit sou dan noodwendig sorgelose en goddelose mense kweek.

Hierteenoor handhaaf ons, soos in die praktyk dikwels blyk, dat hierdie leer die gelowiges nie tot oppervlakkigheid, hoogmoed en lydelikheid prikkel nie, maar hulle juis aanspoor tot die diepste lewenserns om waardig die evangelie van Christus te wandel wat hulle tot sy genade geroep het en hulle na die heerlikheid lei; dit stem die ware gelowiges tot ootmoed en leer hulle om aan God in Christus alle eer te laat toekom; dit prikkel hulle tot heilige aktiwiteit om die wil van die Here te betrag en in sy voetstappe te wandel. “Dit is egter so onmoontlik dat hierdie versekerdheid van die volharding die ware gelowiges hoogmoedig en vleeslik of sorgeloos sou maak, dat dit inteendeel ’n ware wortel is van nederigheid, kinderlike vrees, ware Godsaligheid, lydsaamheid in alle stryd, vurige gebede, standvastigheid onder die kruis en in die belydenis van die waarheid en van ’n bestendige blydskap in God. Ook is die oordenking van hierdie weldaad vir hulle ’n prikkel tot ernstige en gedurige beoefening van dankbaarheid en goeie werke, soos uit die getuienis van die Skrif en die voorbeelde van die heiliges blyk” (Dordtse Leerreëls, V. 12).

### *DIE METODISTE DROOM VAN VOLKOME HEILIGHEID REEDS HIER OP AARDE*

In die Wesleyaanse Metodisme het die twee vaders daarvan, Wesley en Fletcher, die gedagte breed uitgewerk dat die staat van volmaaktheid in hierdie lewe bereik kan word[25]. Dit was nie die eerste keer dat sulke klanke gehoor is nie. Pelagius het byvoorbeeld beweer dat elkeen dit in sy mag het om deur die sedelike kragte waarmee die Skepper die mens begiftig het, die kwade geheel en al te vermy. Die Pelagiane het die moontlikheid aanvaar van ’n lewe sonder sonde en van volkome onderhouding van God se gebooie. A. Kuyper skrywe dat hierdie “volkomen-heiligheidsstelsel” saamgaan met “overspannen dweperij”[26]. Hy sien verwantskap tussen mense wat die leer van die volmaakbaarheid (perfeksionisme) aanhang en die Doperse beweging uit die sestiende eeu. Dit is inderdaad ’n merkwaardige “Begleiterscheinung” (begeleidende verskynsel) van die revival-christendom[27]. Dit kan van daaruit ook die beste verklaar word. In die revival gaan dit daarom om mense op één oomblik te beweeg tot die daad van algehele oorgawe aan Christus. In die entoesiasme van die spontane oorgawe kom dit dan maklik daartoe dat ook meteen geglo word dat alle stryd nou te bowe gekom is en dat die volmaakte reeds bereik is.

Wesley en Fletcher het in die leer van die perfeksionisme een van die hoofwaarhede van die Christendom gesien. Wesley leer dat die “christian perfection” tot stand kom deur ’n “second change”, ’n tweede verandering wat hy nog van véél meer belang ag as die eerste (die wedergeboorte). Dit hou volgens Wesley ’n positiewe en ’n negatiewe element in, te wete die liefde, en daarmee saam die aflê van die sonde. Dit is gegrond sowel op die beloftes van God wat Hy immers almal wil vervul, as die gebooie van God, wat tog geen sin het indien dit nie deur Christene nagekom kan word nie. Wesley wil dit liewers as “Skriftuurlike” perfeksie aandui, as om dit “sondeloos” te noem. Hy sê hierdie perfeksie is nie absoluut nie, omdat dit onwetenheid ten aansien van verskillende dinge, gebreke, swakhede en versoeking nie uitsluit nie, en omdat dit ’n perfeksie is wat nog meer volkome kan word. Wesley leer dat die volkomenheid aan die gelowige

genade deur Jesus Christus slegs skenk aan 'n bepaalde aantal, en dat die res van die menslike geslag na die val van Adam regverdiglik deur God gelaat om in die sonde te volhard, ten slotte die ewige dood sal ondergaan wat die besoldiging van die sonde is”. (Aangehaal deur Valeton, J.M. *Het Metodisme*, p. 21).

[25] Impeta, C.N. *De leer der heiliging en volmaking by Wesley*.

[26] Kuyper, A. *E. voto Dordraceno*, 4, p. 280 en Fletcher, p. 426, e.v.

[27] Brillenburg Wurth, G. *Het dogma der kerk*, p. 459.

wat dit deelagtig is, nie alleen 'n bepaalde kenmerk besorg vir so ver hy in Christus se geselskap verkeer nie, maar vir so ver hy in Christus is, en dat so 'n perfekte weer uit die staat van perfeksie kan uitval.

Wesley lê dus alle nadruk daarop dat daar 'n genade van die heiligmaking of volmaking is, en ook 'n tweede genade, wat na die eerste begenadiging in Christus wat ons die vergewing van die sondes en die wedergeboorte skenk, nog apart deur God as 'n toegif aan ons geskenk word. Die "second change" is, al is dit nie van 'n ander aard nie, tog van veel hoër waarde as die eerste. Die eerste verandering deel ons reeds 'n beginsel van heiligmaking mee, maar die tweede maak ons eers wat Paulus "volmaaktes" noem; dit sluit in die bevryding van elke slegte daad, woord, gedagte en gesindheid.

Fletcher, wat die Melanchton van die Metodisme genoem is, het hierdie gegewens nader uitgewerk. Hy het die terme "Bybels" en "sondeloos" in sy Evangelical sinless perfection gekombineer. (Wesley het ten aansien van die term "sondeloos" nog teenstrydige, altans aarselende uitsprake gedoen). Fletcher gee veel aandag aan Rom. 7 en aan ander "Skrifbewyse"; hy wysig Wesley se opvatting dat die volmaaktheid alléén deur die "second change" verkry kan word en betoog dat die perfeksie te danke is aan die saamgaan van "assisting free grace" en "assistend free will". Hy meen dit kom tot stand óf deur 'n oombliklike instorting van heiligheid en tot niet maak van die sonde (soos Wesley ook sê) óf (en dit is by Fletcher die nuwe) deur 'n graduele groei in die genade. (Terloops hierdie opmerking: Fletcher word getipeer as 'n man van seldsame sagmoedigheid, vriendelikheid, vroomheid en heiligheid. Hy het self te kenne gegee dat hy die volkomenheid nie bereik het nie, en het gesterwe terwyl hy homself 'n sondaar genoem en alleen op Jesus Christus vertrou het.)

Fletcher het die tweede genade van volmaking sterk verbind aan die doop met die Heilige Gees. Hierdie volkomenheid word dan, soos hierbo aangestip, verkry deur 'n oombliklike inspuiting van heiligheid wat die sonde tot niet maak; maar dit kan ook ons deel word deur 'n geleidelike groei in die genade.

Ons kan begryp dat die Metodiste wat so naarstig nuwe lewe in versteende vorme wou giet en wat so diep besef het en daardeur aangegryp was, "that England was corrupt to the core" (Abbey), met soveel erns die stryd teen die sonde aangepak het. Dit het geskied met die wekroep: as God ons wederbaar en heilig, word die wortel van die kwaad in ons hart uitgeroei en die sonde bestaan nie meer nie[28].

Ons moet egter daarop wys dat die Skriftuurlike volmakingsbegrip anders is as die van die perfeksioniste; dit is nie identies met die begrip sondeloosheid nie. Paulus verklaar byvoorbeeld in Kol. 2:10 dat die gelowiges in Christus die volheid (volmaking, voltooiing) het, maar dit beteken geensins volmaaktheid in die sin van daadwerklike sondeloosheid nie. Ons is as gelowiges in Christus wat versoening teweeggebring het, voor God geregverdig. Ons moet die saligheid juis

---

[28] Bavinck, H. *Gereformeerde dogmatiek*, 4, p. 229, 246 e.v.

Dat daar 'n ernstige wekroep moes uitgaan blyk byvoorbeeld uit die volgende woorde van Wesley: "The preachers had given up the Methodist testimony. Either they did not speak of Perfection at all (the peculiar doctrine committed to our trust), or they spoke of it only in general terms, without urging the believers 'to go unto perfection', and to expect it every moment. And wherever this is not earnestly done, the work of God does not prosper" (Wesley, J. *Works*, 3, p. 237).

Stevens (a.w., II, p. 353) verwys ook na die toestand wat in Engeland geheers het en wat die Metodiste aan die saak wou probeer doen: "The spiritual and moral condition of the country (England) was such as to imperatively require a re-evangelization on the largest possible scale. The truth is, England had never yet (nl. voor die Metodisme) been thoroughly evangelized. It had been ecclesiastized instead". Hieruit spreek ook die feit dat die Metodisme in Engeland, soos ook elders, nie soveel erg in die kerk openbaar het nie. Ons kom later by hierdie punt.

buite onsself in Jesus Christus soek. Wie in 1 Joh. 3:9 grond wil vind dat volmaaktheid hier op aarde sondeloosheid beteken, moet maar let op die uitdruklike getuienis van die ganse Woord van God, selfs in hierdie selfde brief. Johannes kwalifiseer juis uitdruklik elke gedagte van sondeloosheid as 'n illusie, ja nog sterker — as 'n leuen (1:8 ens.). Met 1 Joh. 5:18 e.a. tekste is die bedoeling dat die sonde nie meer in die gelowige heers nie. Die begenadigde stry juis teen die sonde "wat nog teen ons wil in ons oorgebly het" (nagmaalformulier).

Die geneigdheid tot die sonde bly die gelowige ook nog altyd by. Die ernstige vermaninge, byvoorbeeld van die apostels in hulle sendbriewe, tot heiligmaking en volmaaktheid veronderstel nie 'n toestand van sondeloosheid nie, maar gaan juis uit van die sondigheid wat ons, so lank ons in hierdie lewe is, nog altyd aankleef. Die Heilige Skrif is baie duidelik op die punt dat die sonde in hierdie bedeling nog altyd in ons sal leef, al lewe ons nie meer in die sonde nie (vergelyk in hierdie verband onder andere Ps. 130:3; Pred. 7:20; Rom. 7:14-26; Jak. 3:2 en 1 Joh. 1:8). Die leidende motief van die Metodiste was en bly steeds die poging om die standaard van die Christelike lewe hoër te stel — daarvoor het ons begrip en waardering, maar die leer van die perfeksionisme (Wesley praat van "Christian perfection") het die saak verkeerd beet. As ons let op Sondag 44 van die Heidelbergse Kategismus, word dit baie duidelik. Op die vraag: Wat eis die tiende gebod van ons? word geantwoord dat ook die geringste lus of gedagte teen enige gebod van God nooit in ons hart mag opkom nie... Onder vraag 114 word onder andere geantwoord dat ook die allerheiligste maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid het solank as hulle in hierdie lewe is. A. Kuyper maak dan ook op baie goeie gronde die stelling dat die tiende gebod alle perfeksionistiese dwepery onverbiddelik die bodem inslaan[29].

As gereformeerdes gaan ons van die standpunt uit dat die gelowige sy hele lewe lank geestelik in die genade moet groei; eers wanneer hy ontslaap, bereik hy in die empiriese, aanskoulike sin die volkomenheid. Die erkenning hiervan sal die najaag van die heiligmaking nie demp nie, maar juis grootliks bevorder. Die ware ootmoed hoort by die egte heiligmaking; hoe kleiner die kind van God van homself dink, hoe meer hy sy swakheid ken, hoe meer sal hy dan juis met al die intensiteit van die geloof die heiligmaking najaag[30].

In die Metodiste se leer van die perfeksionisme kom duidelik 'n teenstrydigheid na vore. Die gedagte word gevoed dat die perfeksie, dit wil sê 'n hoogtepunt van volkome sondeloosheid in hierdie lewe, bereikbaar is. In die stadium van die "second blessing" is intussen menslike "ignorance", "mistake", "infirmities" en "temptations" nie uitgeslote nie. Die volkome geheiligde mens kan deur versoeking weer tot sonde verlok word: hy kan, ondanks sy perfeksie, enige oomblikke later 'n duiwelskind wees[31]. Hierdie leer met sy mistieke inslag draai hom dus vas in sy eie inkonsekwentheid, juis omdat dit die nodige Skrifgronde mis.

### *DIE METODISME GEKENMERK DEUR GODSDIENSTIGE OPWINDING*

Die gevoel ontvang by die Metodisme 'n baie sterk aksent — 'n gevoel van sonde, van oordeel, van verdoemenis, en daarna 'n gevoel van vertroue in Christus en van oorgawe aan God, van bekeringsversekerdheid, van die wedergeboorte en so meer. In hierdie stemmingsgodsdiens is daar 'n konsentrasie op die opsienbarende, die gerugmakende, met 'n besondere nadruk op die innerlike, mistieke heilservaring[32]. Die verwaarlosing van die kennis van God en die vooropstel van die subjektiewe gevoel het 'n oppervlakkige mistiek as gevolg, alhoewel hierdie mistisisme 'n warme gevoel van die saligheid bring, so strelend vir die hart. Die kenmerkende en die wesenlike van die bekering word veelal in gevoelige en hartstogtelike aandoeninge gesoek. Terwyl

---

29 Kuyper, A. *E voto Dordraceno*, p. 280.
30 Brillenburg Wurth, G. *Het dogma der kerk*, p. 461.
31 Du Toit, J.D. *Het Methodisme*, p. 165, 169.
32 Encyclopaedie van het Christendom, p. 568.

gevoelsvrugte so maklik afval, moet die gevoel van sonde en saligheid telkens opgewek word.

Die nadruk op die "spesiale" is inderdaad 'n wesentrek. Daar is sterk behoefte aan skokprediking. Meermale is daar 'n geringe sprong nodig om by dwepery en sektarisme uit te kom.

Dit gaan dus hier in 'n belangrike opsig om 'n versteuring van die gesonde balans. Ons handhaaf dat die gevoel wel deeglik 'n plek in die godsdiens het. Die mens moet as hele persoon God dien, ook met sy gevoel. Wanneer daar egter spanning opgebou word deur intense opsweping van die gevoel sodat dit tot allerlei buitensporighede lei[33], is dit al klaar 'n teken dat daar iets ernstigs haper.

Wesley het dit as sy roeping beskou om "siele te red", met die hele wêreld as sy gemeente. Diegene wat gered is, moet tot volmaakte heiligheid gebring word, met die gedagte dat hulle op hul beurt weer andere tot bekering moet lei[34]. Die Morawiese broeders het die opvatting by Wesley geplant dat dit as reël gestel moet word dat 'n mens opeens 'n verandering moet bespeur en van jou genadestaat verseker moet wees; in één slag is die wedergeboorte, bekering en geloof 'n voldonge saak. Sy kontak met die Hernhutters het Wesley daartoe gebring om die bekering as 'n fel ontroering en plofmatige omsetting te sien. Die wedergeboorte val vir hom saam met die bekering. Die heiligmaking is 'n plotselinge ontplooiing van die beeld van Christus wat in beginsel in die hart gelê word[35]. Eie aan die Metodisme is dat volgens die bepaalde vorm van bekering wat voorgedra word, uitsluitend die plotselinge, bewuste omsetting as waaragtige bekering erken word.

Die plotselinge bekering en die aanduiding van die bekeringsoomblik, soos dit by Wesley self plaasgevind het, word voorop gestel. Die mens moet eers tot die skokkende belewing van sy verlore toestand gebring word; daarna moet hy die skok van bekering en wedergeboorte ondergaan[36].

In die prediking val groot klem op die sekerheid van die dood, op die afskuwelikheid van die sonde, die verskrikkinge van die oordeel, van die verdoemenis en van die ewigdurende angste van die hel. In die diepe besef van eie verlorenheid moet na uitredding gesmag word. Dan is dit dié moment om die sondaar uit te nooi om hom aan die Here oor te gee. Die trant is dan sodanig dat in hierdie antroposentriese verlossingsleer (die groot ontsporing kom juis ten opsigte van die heilsorde) die mens se ewige lot om die spil van sy eie wil draai[37].

Die Metodisme dwing steeds terug na die gedagte dat wat op die Pinksterdag in Jerusalem plaasgevind het (Hand. 2), weer herhaal word. Metodiste soos Unsworth het dit ook duidelik so uitgespreek[38]. Volgens die Heilige Skrif moet die uitstorting van die Heilige Gees, soos in Hand. 2, geopenbaar, as 'n eenmalige gebeurtenis aanvaar word. Die Heilige Gees het immers gekom om

---

33 Du Toit, J.D. *Het Methodisme*, p. 134.
Valeton, J.M. *Het Methodisme*, p. 23.

34 Wielenga, B. *Het Methodisme*, p. 12/13.

35 Ibid., p. 17.

36 Dit is insiggewend dat die Metodis, Pope, dit 'n "error" noem om die wedergeboorte voor die bekering te stel in die heilsorde. Dat hy dit sê is in volkome harmonie met die standpunt van die Metodisme dat die mens van sy kant die eerste stap moet doen. Eers wanneer die mens besluit het om God "'n kans te gee", "om God in sy hart toe te laat", kan God sy genadewerk aan die sondaar verrig. Die Dordtse Leerreëls spreek teenoor hierdie flagrante Remonstrantisme (Arminianisme) suiwer Skriftuurlike taal. (Vergelyk vir Pope se woord "error" Du Toit, op. cit., p. 159).

37 Dijk, K. *Om't eeuwig welbehagen*, p. 546.
Bavinck, *H. Gereformeerde dogmatiek*, 3, p. 595.

38 "God says 'I will pour out my Spirit upon all flesh'; and this prediction of Joel was partly accomplished at Pentecost, but is to be accomplished in its fulness in 'the last times' when the special outpouring of the Snirit will be universally experienced... We too must wait for the outpouring of the Spirit to fit us for Church-work and to apply the truth we teach". (Aangehaal Du Toit, J.D. *Het Methodisme*, p. 111).

by ons te bly (Joh. 14:16 e.v.). Die absolute en sentrale karakter van die Pinksterwonder mag nie negeer word nie, anders word die ganse geskiedenis van die kerk van Christus skeef getrek[39], en dan leef die kerk bowendien tydens die gapinge tussenin, tot die Trooster andermaal sy opwagting maak, in selfopgelegde armoede.

Wesley se beskouing in Arminiaanse trant dat die geloof vóór alles die eie keuse van die mens is, het heeltemal met sy eis van onmiddellike bekering gestrook[40]. Hy kon tot op die minuut die oomblik aandui waarin sy eie bekering plaasgevind het. Nou het Wesley en sy geesgenote hierdie vorm van bekering as reël gaan sanksioneer. Hulle vergeet die Skrifwoord dat die Heilige Gees soos die wind is wat waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waarvandaan by kom en waarnatoe hy gaan nie (Joh. 3:8). Die Heilige Gees werk vrymagtig en Hy werk met variasie. Hy laat Hom nie bind aan ons skemas nie. Ons mag ook nie 'n bepaalde metode wat Hy volg, as onmisbare voorwaarde gaan yk nie (dan word dit metodisme). Die Metodisme wil alle lewe uit God laat ontwikkel volgens één metode en alle Christene knip volgens één snit.

In die geval van Paulus het die bekering op die weg na Damaskus wel deeglik met 'n skok gepaard gegaan (Hand. 9) en kon hy later die dag en die uur presies aandui (Hand. 26:13), maar dit hoef tog sekerlik nie in die geval van al God se kinders nou juis volgens hierdie patroon, hierdie metode te geskied nie. Inteendeel, Paulus laat ons uitdruklik verstaan dat sy geval eintlik as uitsondering beskou moet word en beslis nie as die reël nie! Hy verwys na sy bekeringsgeskiedenis as die van "die ontydig geborene" (1 Kor. 15:8). Dit kan natuurlik gebeur dat iemand die dag en minuut van sy bekering kan aandui.

Dit het dan in die geval van Paulus en John Wesley so plaasgevind! Maar nou moet die Metodiste die uitsonderingsgevalle soos die van "ontydige geborenes", nie as die reël gaan beskou en mense wat die dag en minuut van hul bekering nie kan noem, by implikasie as onbekeerd gaan brandmerk nie. Paulus laat ons in 1 Kor. 15 verstaan dat die normale weg (dit is die gevalle wat hy in vers 1 tot 7 vooropstel) dié is waarin in die lyn van die verbond 'n organiese groeiproses deurloop is. Hy noem hier die persone wat oor 'n lang tyd heen met Christus saam gewandel het as sy dissipels).

Die Metodisme openbaar 'n baie oppervlakkige beskouing van die deurgaande werking van die Heilige Gees in die uitverkorenes. Daar is geen oog vir die geleidelike werk van die genade; geen oog vir die onderskeid tussen saadkorrel, spruitjie, halm en gerypte aar nie; geen oog vir die geloof as wortel en as uitgegroeide plant nie[41]. Hierby kan ons gerus maar weer die Dordtse Leerreëls ter hand neem, en byvoorbeeld let op wat ons in Hoofstuk I, 16 bely: "Diegene wat die lewende geloof in Christus of die vaste vertroue van die hart, die vrede van die gewete, die betragting van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus in hulle nog nie kragtiglik gevoel het nie en nogtans die middele gebruik waardeur God beloof het om dit alles in ons te werk, hulle moet nie mismoedig word nie... maar hulle moet vlytig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit met eerbied en ootmoed verwag". Hier is duidelik sprake van 'n langsame groeiproses terwyl die weg van die middele wat God verordineer het, met volharding geloop word. Dit is blykens die Skrif die normale, die reëlmatige weg.

### *DIE METODISME STUUR AF OP STRENGE ASKESE*

Die hele waarheid van die Christelike religie wil die Metodiste op twee punte konsentreer, naamlik om die plotselinge, bewuste ervaring van skuld en genade, dit is om die persoonlike bekering, en ten tweede om die openbaring van die nuwe lewe in 'n geheel nuwe vorm wat daarin bestaan dat

---

[39] Du Toit, J.D., op. cit., p. 111.

[40] Smitskamp, H. *Reformatorisch verweer*. (In: *Cultuurgeschiedenis van het Christendom*, 4, p. 239). Hoekstra, T. *Ambt en liefde*, p. 17.

[41] Hoekstra, H. *Het Methodisme*, p. 9.

uitgegaan word op die bekering van andere. Deur onthouding van wêreldlike vermake moet die bekeerde toon dat hy 'n ander mens is wat die volkomendheid bekom het wat reeds in hierdie lewe bereikbaar is. Die individu word deur die Metodisme met sy sterk asketiese inslag, apart gestel, sowel van sy omgewing as van sy verlede[42]. Dit lei tot 'n apart stel van die geestelike lewe, tot die trek van 'n skerp, waterdigte grenslyn tussen die Christendom wat homself beskou as alleen op die geestelike dinge in enger sin toegewys, en die wêreld wat al die orige vir homself kan behou[43].

Die natuurlike lewe kom naas die genadelewe te staan. Meer nog, die natuurlike lewe word misken (iets van die Roomse skeiding van natuur en genade)[44]. Die godsdiens word beperk tot die binnekamer en die kerk terwyl die Christelike beginsel uit die lewe geweer word. Die "natuurlike" lewe word 'n lewe, apart van die religie. Die godsdiens kulmineer dan in revivalisme waarvan die hoogste uiting in heftige ekstatiese vorme gesien word.

In die plek van die Calvinistiese belydenis van die soewereiniteit van God wat die ganse lewensakker bestryk, waar vir sy Woord gebuig word en Hy al die eer moet ontvang, vind ons die subjektief sterk gevoelsgekleurde asketiese vroomheid van die Metodisme. Die oproep tot bekering impliseer hier per slot van rekening 'n eksodus van die mens uit die aardse lewe, in plaas van dat daar heiligend, reformerend ingewerk word op al wat tot die aardse lewe behoort. In die plek van "reformatie" kom "separatie". Die koninkryk van God kom nie binne die gesigsveld nie. Dit is nie soseer 'n geval van die sout, die lig en die suurdeeg nie, maar van 'n oliedruppel op die water. Die verband tussen skepping en herskepping bly in die slag.

### *DIE WESLEYAANSE METODISME ONTSTEEK NIE WARMTE VIR DIE KERK NIE*

Ons het reeds die Metodistiese siening gemeld dat Engeland in plaas van "thoroughly evangelized", voordat hulle (die Metodiste) die saak ter hand kom neem het, eintlik net "ecclesiastized" was. Dit is dan ook te begryp dat die Metodiste nie daarop uit was om die stroom van die geestelike lewe wat opgewek is in 'n gesonde kerklike bedding te laat vloei nie. Wesley het self in 'n samekoms van 'n vereniging tot bekering gekom, en die "society" sou voortaan dan ook onlosmaaklik aan sy geestelike lewe verbonde bly. Die neiging was om die mense wat bereik is, eerder tot die vereniging ("society") te laat toetree as om hulle na die kerk se kant aan te moedig. Die uitgelese groep bekeerdes het 'n kerkie in die kerk ("ecclesiola in ecclesia") gevorm. Die toeleg is nie soseer 'n kerklike nie, maar 'n "revivalistiese" Christendom.

Ons hoef ons nie hieroor te verbaas nie, want waar die leer van die genadeverbond prysgegee

---

[42] Valeton, J.M. *Het Methodisme*, p. 23/24 gee ons 'n indruk van die sterk mate van lewensvreemdheid, die wêreldontvlugting en selfs wêreldveragting wat die Metodisme na vore bring. Hy sê van die prediking: "niet alleen de rust in de gemeenten, maar ook de vrede in de huisgezinnen werd aanhoudend verstoord. De menschen werden zedelijk, soms zelfs lichamelijk, onbekwaam tot het verrichten van hun dagelijksch werk, en dikwijls vervielen zij in een langdurigen staat van vertwijfeling, die het leven haast ondraaglijk maakte. Door deze overdreven godsdienstige opwinding werden vele natuurlijke verhoudinge verbroken... De geheele inrichting der maatschappij en bijna al de vermakelijkheden waren in de oogen der Methodisten misdadig. Het was zondig voor eene vrouw eenig gouden sieraad of schitterende kleeding te dragen. Het was even zondig voor een man een deel van zijn inkomen als spaarpenning op sijde te leggen... Te verwonderen is het waarlik niet dat Whitefield's huwelijk, evenals dat van Wesley, zeer ongelukkig was! Toneelspel en beeldhouwerk, muziek en dans, het was alles 'uit den booze'. Maar de beste illustratie van de Methodistische opvatting op dit punt geven misschien die regels van een school die Wesley te Kingswood stichtte. De kleine kinderen stonden iederen morgen 's zomers en 's winters te vier uur op en brachten dan ongeveer een uur in afzonderlijke godsdienstige overdenking door. Vacantie werd nooit gegeven, en spelen mochten de kinderen evenmin".

[43] Christelijke encyclopedie, 4, p. 183 e.v.

[44] Bavinck, H. *Gereformeerde dogmatiek*, 3, p. 493, p. 8.

word, kan moeilik die kerk as kerk gehandhaaf bly[45]. Daar is nie aangesluit by die kerklike verlede nie, maar daar is bedoel om oor die geskiedenis heen na die oorsprong terug te gryp (repristinasie)[46].

Dit is ook A. Kuyper se bevinding dat die Metodisme nie ʼn sterk liefde vir die kerk laat opvlam nie. Bavinck wys op die verswakking van die sakramentele waarde van die doop by die Metodisme, wat ʼn verkeerde praktyk as gevolg het. Die kinderdoop word dan nog wel uit gewoonte behou, "maar het geloof in zijn sakramenteele kracht en waarde was verkwenene". Wat is die gevolg hiervan vir die praktyk van die kerklike lewe? Die kinders is net in die kerk ingelyf, maar hulle is nog onbekeerd. En daarom moet prediking, Sondagskool, Strewersvereniging en "revival meetings" diensbaar gemaak word aan die bekering. Die waarheid van die genadeverbond word misken en die betekenis van die doop word verswak[47].

Luther en Calvyn het ʼn reformasie van die kerk beoog teenoor die Roomse deformasie, steeds met behoud van die "forma" van die kerk. Daarteenoor het ons die verskynsel dat die Metodisme in sy hartstog om siele te win en in sy renons in die ernstige toestand van deformasie in die kerk, die kerk as sodanig prysgee[48]. Dit het gelei tot die ontstaan van talle sektes met geesdrywery, op die spits gedrewe opwekkingsgeleenthede, en so meer, aan die orde van die dag. Die mense wat deur die "revivals" geestelik "opgewarm" is, vind die kerk dood en koud, soos ʼn dooie hen wat haar kuikens nie langer die nodige kan bied nie.

In Metodistiese kringe is ook al te veel geteer op die geestelike ervaring in plaas van diep, vol en ryk uit die Skrif te lewe. Dit lei vanself tot ʼn belydenislose godsdienstigheid (ʼn "confessionslose Religiositat"). Met die klaarblyklike allergie vir die ou, georganiseerde kerke en die oog wat eensydig na buite op die wêreld gerig is, sonder konfessionele diepgang en belyndheid, lei dit tot ʼn godsdiens bo geloofsverdeeldheid. Ten onregte kom hierdie ondogmatiese Christendom met die pretensie dat dit ʼn kopie van die vroeë kerk is en tegelyk ʼn profesie van die kerk van die toekoms. Die Woord van God leer immers dat die gemeente van die lewende God ʼn pilaar en grondslag van die waarheid moet wees. Die belydenis moet die eenheidsband vorm (1 Tim. 3:15).

Die Metodisme het in sy ontstaan ʼn vakuum kom vul wat die kerk gelaat het. Ons kan dit ʼn onbetaalde rekening van die kerk noem. Hierdie rekening moet die kerk vereffen deur altyd weer die toets van Skrif en Belydenis aan te lê en grondig, deurtastend te reformeer, gedagtig aan die

---

[45] Stevens stel die standpunt van die Metodisme t.o.v. die kerk soos volg: "A true Christian Church is a collective or organic form of this spiritual life; its external institutions, whether in doctrinal symbols, or modes of worship or government, are valuable only so far as they can be means to this end. And therefore any new practical measures which may be rendered expedient, by the ever-varying conditions of human history, for the effectiveness of the church in the moral regeneration of individual men, are admissible, being in harmony with the original purpose and simplicity of the Gospel, however they may contravene ecclesiastical precedents or traditions" (Stevens, A. *A compendious history of American Methodism*).

[46] Du Toit, J.D. *Het Methodisme*, p. 114.

[47] Kuyper, A. *Het Werk van den Heiligen Geest*, 1, p. 191.
Bavinck, H. *Gereformeerde dogmatiek*, p. 155.
De Klerk, P.J.S. *Kerk en verbond*, p. 41.

[48] Die afsydigheid van die kerk word met 'n mate van reg o.a. so verdedig: "Ecclesiastical history records how Christianity came to lose its original spiritual simplicity, and to grow into a gigantic system of ecclesiasticism and ritualism which was more symbolic than Judaism itself, and under the shadow of which personal spiritual life, and even the popular morals withered, and seemed really, if not avowedly, superseded by Church rites". (Wesley, *Works*, 7, p. 43). Die gevaar is dat uit reaksie teen die ingesonkenheid van die kerk en die dooie ortodoksie saam met die badwater die kind weggegooi kan word. Terwyl hy Rome die kerklike instituut en daarmee die uiterlike kerklike handeling oorbeklemtoon word, loop die Metodis gevaar na die ander uiterste om naamlik sielsverkwikking te soek buite die weg van die middele wat die Here daargestel het, deur die onmiddellike, plotselinge aanblasing van die Heilige Gees, die direkte instroming van bo.

spreuk: “ecclesia reformata semper reformanda”. Daar moet steeds biddend, waaksaam en nugter gevra word na die wesenstrekke van die ware kerk soos ons dit in artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely. Die kerk moet in die ware en volle sin van die woord kerk wees, ’n geestelike moeder. Dan sal die kinders nie wegdwaal en daarna hunker om elders waar dit nie meer kerk is, voedsel te gaan soek nie.

Daar moet gebid word om die genade dat ons die woorde soos vervat in die sinodale besluit van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1946 (Acta art. 61) altyd weer van harte en met die daad sal kan onderskrywe, dat ons naamlik bely dat ons staan op die grondslag van die Heilige Skrif as die onfeilbare Woord van God, dat ons van harte die Drie Formuliere van Enigheid omhels en wel in die letterlike en historiese sin, terwyl ons aanneem dat alles in hierdie belydenisskrifte ooreenkom met die Woord van God, solank as die teendeel voor die bevoegde kerklike vergaderinge nie bewys is nie. En dan verder: “Ons beskou hierdie belydenis nog altyd as die inspirerende vaandel, waarvoor ons vaders hul bloed gestort het, waaronder ons deur die genadekrag van die Heilige Gees wil optrek, waarby ons wil lewe en sterwe, terwyl ons die wens van die Sinode van Dordrecht (1618-1619) handhaaf “dat men deze Gereformeerde leer onverminkt en ongeschonden zal overleveren aan de nakomelingschap tot op de wederkomst des Heeren”.

***BRONNE***

ANDERSON, O.T. *A comparison of John Calvin's conception of salvation with that of John Wesley*. (M.A. Chicago, 1915).

ANDREWS, S. *Methodism and society*. Harlow, Longmans, 1970. (Seminar studies in history).

AUGUSTINUS, Aurelius. *Bp. van Hippo*.

BAVINCK, H. *Gereformeerde dogmatiek*, 3e dl.; 4e onveranderde dr. Kampen, Kok, 1929. 4e dl.; 2e herz. en verm. dr. Kampen, Kok, 1911.

BRILLENBURG WURTH, G. *Heiligmaking* (In: Berkouwer, G.C. red. *Het dogma der kerk*. Groningen, Haan, 1949).

CHRISTELIJKE encyclopedie, 4. Kampen, Kok, 1959.

DE GROOT, D.J. *Het werk van de Heilige Geest* (In: Berkouwer, G.C. red. *Het dogma der kerk*. Groningen, Haan, 1949).

DE KLERK, P.J.S. *Kerk en verbond*. Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1943. (Verkenner-reeks, no. 6).

DU TOIT, J.D. *Het Methodisme*. Amsterdam, 1903.

DIJK, K. *Om't eeuwig welbehagen; de leer der praedestinatie*. Amsterdam, De Standaard, 1924.

*Van eeuwigheid verkoren; de belijdenis der praedestinatie*. Delft, Meinema, 1952.

ENCYCLOPEDIE van het Christendom. Hoofred.: J.C. Groot en C.W. Mönnich. Protestants dl. Amsterdam, Elsevier, 1955.

FLETCHER, J.W. *The works of the Rev. John Fletcher*. New York, Totten, 1809. 6bde.

HODGE, C. *Systematic theology*. London, Nelson, 1888.

HOEKSTRA, H. *Het Methodisme*. Zwolle, Tulp, 1899.

HOEKSTRA, H. *Ambt en liefde*. Kampen, Kok, 1919.

IMPETA, C.N. *De leer der heiliging en volmaking by Wesley en Fletcher*. Leiden(1913?).

KUYPER, A. *E voto Dordraceno*. Amsterdam, Wormser, 1892-'95. 4bde in 2.

*Uit het* woord, bd. 1: Dat de genade particulier is. Amsterdam, Kruyt, 1884.

*Het werk van den Heiligen Geest*. Amsterdam, Wormser, 1888-'89.

LOHSE, B. *A short history of Christian doctrine*. Tr. (from *Epochen der Dogmengeschichte*) by Ernest Stoeffler. Philadelphia, Fortress Press, 1966.

POPE, W.B. *A higher catechism of theology*. London, Woolmer (1885).

SMITSKAMP, H. *Reformatorisch verweer* (In: *Cultuurgeschiedenis van het Christendom*, 4. Amsterdam, Elsevier, 1951).

STEVENS, A. *A compendious history of American Methodism*. London, Woolmer, 1885.

SULZBERGER, A. *Christliche Glaubenslehre*. (s.pl.) 1898.

TYERMAN, L. *Wesley's designated successor; the life, letter and literary labours of the Rev. William Fletcher, Vicar of Madeley*, Shropshire. London, Hodder & Stoughton, 1882.

VALETON.J.M. *Het Methodisme*. Baarn, Hollandia, 1911. (Kerk en secte, ser. 5, no. 1).

VAN DER WAAL, C. *Die Dordtse leerreëls verdor nie*. Johannesburg, De Jong, 1973.

WAGENAAR, L.H. *Van strijd en overwinning; de groote synode van 1618 en '19 en wat aan haar voorafging*. Utrecht, Ruys (voorw. 1909).

WESLEY, J. *Works*; 3rd ed. London, 1829-'31. 14 bde.

WHITEHEAD, J. *The life of the Rev. John Wesley*, 1. London, 1793.

WIELENGA, B. *Het Methodisme*. Kampen, Kok, 1900.

## 3. METODISTIESE INVLOEDE IN SUID-AFRIKA

’n Histories-kritiese ondersoek

Prof. P.W. Buys

### *1. INLEIDING*

Die doel van hierdie studie is om ’n ondersoek in te stel na die invloed van die Metodisme in die kerklike en godsdienstige lewe van die Afrikaanssprekende deel van die bevolking van Suid-Afrika.

So ’n ondersoek moet vanselfsprekend histories van aard wees — dit gaan om dinge wat in die tyd gebeur het. Dis ’n stuk geskiedenis. Die ondersoek is ook krities van aard — krities vanuit die standpunt van die Calvinisme.

Omdat dit ’n wye veld is — heeltemal te wyd vir ’n artikel wat as onderdeel van ’n brosjure beplan is — moes daar beperkend te werk gegaan word. Daarom vertoon die geheel enigsins fragmentaries. Tussen die fragmente wat hier behandel word, lê daar wye velde wat wag op ondersoek.

Die Metodisme het ook sy waarheidmomente en het in die lewe van baie Christene die lig waarna hulle gesoek het, gebring. Dit is maar al te waar wat J.D. du Toit skrywe dat by die behandeling van die Metodisme nie misken mag word “o het groote werk Gods, dat door middel van deze geestelijke beweging tot stand is gekomen. Wesley en Whitefield waren in de donkere Deïstische eeuw de instrumenten in Gods hand om het Christendom uit diepen en zondigen slaap wakker te roepen, en nog steeds klinkt zoowel over het Christelijk erf als over de velden van het heidendom hun machtig woord na”[1]. Hiermee moet voortdurend rekening gehou word. Maar Du Toit voeg dadelik daaraan toe dat in die Metodisme die goeie en die kwaad deureengestrengel lê[2].

Die Metodisme het die afgelope eeu en ’n drie kwart ’n groot rol in die kerklike lewe van die Afrikanervolk gespeel. Uiteraard kon verwysings na bepaalde kerke nie agterweë bly nie. Dié verwysings is bewustelik tot ’n minimum beperk. Dit gaan immers in hierdie ondersoek nie om bepaalde kerke nie maar om ’n geestestroming, die Metodisme.

Omdat hierdie ondersoek oor delikate godsdienstige kwessies handel, word sover moontlik getrag om voorstanders en teëstanders van die Metodisme persoonlik aan die woord te stel. Vandaar dat veel meer van sitate gebruik gemaak word as wat miskien gebruiklik is in goeie wetenskaplike styl.

Agtereenvolgens word aan die orde gestel:

Die koms van die Metodiste-kerk na Suid-Afrika.

Het Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond.

Die Opwekkinge.

Andrew Murray, “der Vater des Zweitaufenschemas in Süd-Afrika”.

Metodistiese invloede in Christelike verenigings met besondere verwysing na die Christelike Strewersunie en die C.S.V.

Die gevolge van die Metodisme in die praktyk.

Konklusie.

---

[1] Du Toit, J.D. *Het Methodisme*, p. 179.

[2] Ibid

## *2. DIE KOMS VAN DIE METODISTE-KERK NA SUID-AFRIKA*

John Wesley, die vader van die Metodisme, is in 1791 in Engeland oorlede. Dit was vier jaar voor die eerste Britse besetting van die Kaap in 1795. Hoewel Wesley geen plan gehad het om 'n eie kerk te stig nie en sy aanhangers aangemoedig het om in die Anglikaanse Kerk te bly, het dit tog stap vir stap "and sometimes almost by accident"[3] gebeur dat daar in Engeland 'n afsonderlike Metodiste-kerk ontstaan het. Teen die jaar 1795, die jaar van die eerste Britse besetting van die Kaap, "Methodism was virtually another Church"[4].

Tot groot misnoeë van die Kaapse owerheid het daar Metodistiese aktiwiteite in die Britse garnisoen ontstaan gedurende die eerste besetting (1795-1803).

So sterk was die teëkanting dat later, tydens die tweede besetting (vanaf 1806), toe eerwaarde Barnabas Shaw, as die eerste Metodiste-predikant aan die Kaap verskyn het, hy geen toestemming van die Goewerneur kon kry om dienste te hou nie. Die gevolg was dat Shaw, wat eintlik sendeling was, hom tot die nie-blanke heidene gewend het. Teen 1826 het hy reeds 'n florerende sendingstasie gehad "and from this station there soon grew other centres for evangelism"[5]

Die groei van die Metodiste-kerk was snel en sy invloed het hom eerlank deeglik in die Kaap laat geld. Daar het meer Metodiste-predikante gekom wat hulle ywerig daarop toegelê het om die Hollandse taal aan te leer. Hulle het kontak gesoek met die lidmate van die Kaapse Kerk "met wie hulle dan ook altyd rekening gehou het in hul optrede, selfs in hul 'special services' in die opelug"[6]. Daar is selfs klagte verneem dat die Metodiste herhaalde pogings aangewend het om lidmate van die Kaapse Kerk af te rokkel. Om beslag te lê op die jeug het hulle verskeie hoërskole gestig. Hul invloed op die gebied van die sending, veral onder die Kleurlinge, was sterk. "Deur hul opwekkingsveldtogte – die jare 1830, 1836, 1837, 1849 en 1866 word in hulle kring as groot opwekkingsjare aangemerk — het hierdie Kerk groot invloed uitgeoefen"[7].

Die kontak tussen die lidmate van die Kaapse Kerk en hul Engelse medeburgers is gestimuleer deur die bewuste verengelsingspolitiek van Lord Charles Somerset. "Engels was die taal in die skole. Kennis van Engels was 'n deurslaggewende faktor by aanstellings en verplasings van predikante, die Catechismus (sic) is in Engels vertaal en Engels het 'n vaste plek verower op die kansels en in alle gemeentelike lewe. Dit is hierdie algemene verengelsing wat die weg van die Metodisme so voorspoedig gemaak het... Langs hierdie indirekte weg het die Metodisme sy greep op ons volkslewe gekry; en des te gemakliker kon dit, omdat die Imperialisme die Metodisme so heerlik kon gebruik om die godsdienstige Afrikaner van sy Christelik-Nasionale weg af te trek"[8].

Die verbroedering tussen die Kaapse Kerk en die Metodiste is verder daadkragtig in die hand gewerk deur "Het Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond"[9].

## *3. "HET ZUID-AFRIKAANSCH EVANGELISCH VERBOND"*

Die Evangeliese Verbond dank sy ontstaan daaraan dat 'n paar predikante van verskillende kerke in Kaapstad in 1842 die behoefte gevoel het aan 'n "naauwere vereeniging onder de ware volgelingen van Christus"[10] en na aanleiding daarvan 'n weeklikse biduur ingestel het. Hierin het

---

[3] Hinchliff, P.B. *The Church in South Africa*, p. 29.

[4] Ibid.

[5] Ibid., p. 30

[6] Hanekom, T.J. *Die liberale rigting in Suid-Afrika*, p. 257.

[7] Ibid., p. 257,258.

[8] Vorster, J.D. Die Metodistiese invloed in ons volkslewe. (In: *Koers in die krisis*, III, p. 191).

[9] Hierna aangedui as Evangeliese Verbond.

[10] Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond. Comité. Adres aan Christenen van alle gezindten in Zuid-Afrika, over den oorsprong, de beginselen, de zamenstelling en het doel van het Verbond. *De*

“Nederduitsche, Engelsche, Schotsche, Independenten, en Wesleyaansche Kerken”[11] hartlik saamgewerk en ’n “verkwikkende éénheid des geestes”[12] gesmaak. Hierdie gebedsamekoms het meermale broederlike groetes oorgestuur aan die “Comité van het Evangelisch Verbond in Londen” en het vandaar as antwoord die hartlikste seënwense ontvang. Voorts was die doel van die Verbond “om van nu voortaan de éénheid te bevorderen waardoor de discipelen van Christus alom in de wereld behoorden bekend te wezen”[13].

Is dit nodig om te sê dat die eenheidstrewe van die Evangeliese Verbond uiteraard die negering van die Gereformeerde Belydenisskrifte in die hand gewerk het? So verklaar die President en Sekretarisse [14] “Dat de christenen elkander als christenen beminnen, zonder om op eigenaardige namen en verschillen te letten, dan zal ook, als in de eerste christentijden, de wereld opnieuw gedrongen worden om uit te roepen: 'Ziet, hoe deze christenen elkander beminnen'”[15].

Die a-konfessionalistiese gees spreek duidelik uit die verwelkomingswoord waarin Krummacher op die algemene vergadering van die Evangeliese Alliansie (waarby die Afrikaanse Evangeliese Verbond ingelyf is) die afgevaardigdes van alle denkbare geloofsrigtinge en in sonderheid die Metodiste verwelkom: “Heden zijn zij (die Metodiste — P.W.B.) in ons midden. De scheidsmuren zijn ineengestort. De broederlike liefde die uit God ontspringt heeft de verroeste ketenen verbroken”[16]. J.D. Vorster se kommentaar op hierdie uitspraak is van besondere betekenis: “Hier begin al die soet gefluit van die broederlike liefde, en leerverskille is nou al 'verroeste ketenen'”. So is daar geywer om die kerklike bewussyn te ondermyn, en om dogma en leer voor te stel as uit die bose, en handhawing van leer as bewys van onchristelike liefdeloosheid. Hierdie uitwissing van grense en negering van dogmatiese verskille het die mense se gevoel en liefde vir die eie en suiwere verstomp, en die hoofklem laat val op die 'lewe' en op die ervaring en gevoel. *Hiermee was die grond vir die Metodisme voorberei*”[17]. Hanekom deel mee dat daar op die vergadering waarop Krummacher bostaande woorde gebesig het, drie afgevaardigdes “uit Afrika” was, en, sê hy: “*De Gereformeerde Kerkbode* plaas berigte daaroor met opvallende ingenomendheid”[18]. Dis opvallend watter groot publisiteit *De Gereformeerde Kerkbode* gedurende hierdie jare aan die Evangeliese Verbond afstaan. Telkens word lang berigte van die Verbond geplaas. Dis duidelik, die Evangeliese Verbond was ’n a-konfessionele slingerplant (soos daar later nog meer sou kom!) wat in die naam van interkerklikheid die Kaapse Kerk binnegerank het en op tipies Metodistiese wyse die taak van die kerk en veral van die besondere ampte sou oorneem. Dit blyk veral uit die rol wat die Evangeliese Verbond gespeel het by die inloodsing in die Kaapse Kerk van die sogenaamde Opwekkinge wat in die laat vyftiger jare van die negentiende eeu in Amerika ontstaan het, daardie “wijdverspreide en zegenvolle geestelike ontwaking in de Nederduits Gereformeerde Kerk”[19].

---

*Gereformeerde Kerkbode, 10 (7): 110, 1858*.

[11] Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond. Comité. Adres aan Christenen van alle gezindten in Zuid-Afrika over den oorsprong, de beginselen, de zamenstelling en het doel van het Verbond. *De Gereformeerde Kerkbode*, 10(7): 110, 1858.

[12] Ibid.

[13] Ibid., p. 111.

[14] A. Faure, G. Morgan, J. Cameron resp.

[15] Zuid-Afrikaansch Evengelisch Verbond. Comité, op. cit., p. 112.

[16] II.E.F. Algemene Vergadering van de leden van het Evangelisch Verbond. *Die Gereformeerde Kerkbode*, 10(2): 21, 1858.

[17] Vorster, J.D. *Die Metodistiese invloed in ons volkslewe*, (In: *Koers in die krisis*, III, p. 191. Kursivering deur my).

[18] Hanekom, T.J. *Die liberale rigting in Suid-Afrika*, p. 258.

[19] Du Plessis, J. *Het leven van Andrew Murray*, p. 204.

## *4. DIE OPWEKKINGE*

In Amerika was daar gedurende die jare 1857-'58 'n ernstige insinking in die ekonomie. Handelsmaatskappye het bankrot gespeel, banke het geweier om uitbetalings te doen, geld het skaars geword, fabrieke het gesluit en duisende mense het werkloos geraak. Daar was nood en paniek[20].

'n Lekewerker, Lanphier, het in die middestad van New York bedags tydens middagpouse (12-1 uur nm.) begin bidure hou vir sakemanne. Spoedig het die mense daarheen gestroom. Ook in ander dele van die stad is met soortgelyke bidure 'n aanvang gemaak. Die beweging het versprei na Philadelphia, Boston en ander stede en dorpe, "totdat bijna het gansche land naar een bedestond geleek van 12 tot 1 uur dagelijks[21]. Dit het 'n veldbrand geword. Predikante het aangebied om daagliks te preek tot vier en vyf maal per dag en die saal in Philadelphia wat vyf duisend mense huisves, "is dan even vol als bij het biduur van 12 tot 1; daarenboven zijn al de andere kerken dagelijks open, minstens iederen avond, sommigen tot 3 of 5 malen per dag en steeds gevuld"[22]'. Oor die betekenis van die Opwekking gee 'n briefskrywer sy mening: "Ik geloof vast dat wij eene uitstorting van Gods Heiligen Geest in het land beleven[23].

D.J. Keet beskrywe hoedat kinders en grootmense uit alle klasse van die samelewing aangegryp is "deur 'n verbasende erns, skuldgevoel, en verlange na verlossing, gepaard met groot emosionele spanning — by sommige was daar so 'n angstoestand dat hulle vir dae nie kon werk nie, selfs g'n voedsel gebruik het nie. Op groot skaal het daar bekerings plaasgevind. Dit word bereken dat in die jare 1857-8 in Amerika omtrent 50 000 mense per week tot bekering gekom het"[24].

Uit Amerika het die Opwekkinge na Engeland, die Wes-Indiese Eilande en sekere dele van Europa versprei. Dit het 'n godsdienstige vloedgolf geword, met byeenkomste van selfs 40 000 mense. Oral is getuig van skokbekerings, groot seën wat mense ontvang het en 'n toestand van geluksaligheid. Waar so 'n opwekking plaasgevind het, het die kroeë en vermaaklikheidsplekke leeggeloop en is soms gesluit (vir hoe lank word gewoonlik nie bygesê nie). Dat dit in die lewe van baie mense blywende waarde gehad het, kan nie ontken word nie. Hoe ongebalanseerd en suiwer toegespits op die "redding van siele" die hele aangeleentheid was en hoeseer die "bekerings" los gestaan het van feitlik alle konfessionele binding, blyk uit die volgende mededeling in verband met die opwekking in Ierland: "Er is geene bijzondere neiging naar deze of gene sekte, — geene zijde-punten van beschouwing, — geene schaduw van eenen partij-geest. Zonde, vergeving, zegen in den Heere Jezus, — dit was de geheele theologie der nieuw-bekeerden... en de Opwekking heeft geene Episcopalen, geene Presbyterianen, geene Baptisten, maar slechts Christenen gevormd"[25].

'n Ander kenmerkende verskynsel van die Opwekkinge was die sogenaamde "aandoeninge". Mense het oral slagoffers geword van geestelike en liggaamlike oorspanning. Dieselfde uitspattinge en neurotiese verskynsels wat hul by die bekeringsveldtogte van Wesley voorgedoen het[26], was ook skering en inslag by die Opwekkinge. "Gedurende deze diensten... luisterde het volk niet alleen, maar weende. Zij riepen: 'Amen! Amen!' en van tijd tot tijd viel de een na den ander neder, verslagen door een gevoel hunner zonden. Zij werden naar de kerk gedragen, welke aldus een hospitaal werd, waarin de neêrgevelden werden ontvanger, die achtervolgens daarin

---

[20] Retief, M.W. Herlewings in die geskiedenis. *Die Voorligter*, 37:8, 1974.

[21] Joba. Opwekking in Amerika. *Die Gereformeerde Kerkbode*, 10(14):221, 1858.

[22] Ibid.

[23] R.E. in 'n brief in *Evangelical Christendom*, aangehaal deur Joba, op. cit.

[24] Keet, D.J. Herlewing in die geskiedenis van die kerk. (In: *Herlewing, sy geskiedenis en voorbereiding*, p. 10, 11).

[25] J.Hz. De Godsdienstige opwekking in Ierland. *De Gereformeerde Kerkbode*, 11(21):327, 330, 1859.

[26] Du Toit, J.D. *Het Metodisme*, p. 144, 145.

gedragen werden. Ik ging naar de kerk, en daar zag ik het vreemdste toneel, dat ik ooit aanschouwde. Acht of tien van hen, die neêrgeveld waren, waren hier en daar op de banken, omgeven van vrienden, die voor hen baden en gepaste gezangen zongen, en hen vermaanden. Die neêrgevelden, zijn sommigen op de kniën, sommigen uitgestrekt, allen schreeuwen, weenen, bidden, wanhopende of juichende; het is eene geestelijke verwarring, die men niet beschrijven kan. Ten zelfden tijde zingen de zamenvergaderden een lied, en daarna bidt de leeraar, die niet op de kansel is, noch zelfs zich gewend heeft naar de kudde, in hooge, luide stem, als wil hij den hemel geweld aandoen"[27].

Allerweë is die Opwekkinge as 'n tweede Pinkster[28] beskou, 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees[29]. Maar die egtheid van die hele aangeleentheid kom in 'n twyfelagtige lig te staan as M.F.A. in *De Gereformeerde Kerkbode* verhaal van die geweldige herlewing wat oral in Ierland aan die orde van die dag is behalwe by 'n groep edelliede twaalf myl van Killimby "...daar is geene opwekking — de edellieden (waaruit de gemeente voornamelijk bestaat) schijnen er niets van te weten; maar geen wonder, want sommigen van hen willen zelfs geen courant inzien die in hare koïommen eenig berigt dienaangaande opneemt"[30]. Met ander woorde, diegene wat nie die koerant lees waarin van die Opwekkinge verhaal word nie, het nie deel aan hierdie nuwe uitstorting van die Heilige Gees nie.

Die idee van 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees is natuurlik radikaal in stryd met wat die Skrif aangaande die eermaligheid van die Pinkstergeskiedenis verhaal. Net so min as wat daar 'n herhaling van die Kersgebeure, die opstanding of hemelvaart van Christus kan plaasvind, net so min sal die Heilige Gees weer uitgestort word. "De uitstorting van den Heiligen Geest in Gods kerk is slechts éénmaal geschiedt, en is onder dié teekenen die in Hand. II vermeld worden, nooit op diezelfde wijze herhaald. Nooit mag dus eenige gees telijke opwekking met het gebeurde op den Pinksterdag op één lijn worden geplaast"[31]. Die Skrif weet maar van één uitstorting van die Gees, en dit het op die eerste Pinkster na die hemelvaart plaasgevind. Natuurlik is daar so iets soos 'n meerdere werkingvan die Gees waarvoor die gelowiges luidens die Heidelbergse Kategismus[32] voortdurend moet bid en dank, maar dit is kennelik iets anders as wat die Metodistiese Opwekkinge van die negentiende eeu op die oog gehad het.

Hierdie dwaling van die Metodisme het dwarsdeur die negentiende eeu in Suid-Afrika voortgeleef en pas in die twintigste eeu het daar kentering ten goede gekom. In die volksmond het dit vandag nog nie heeltemal uitgesterf nie, sodat in kringe waarin die Metodisme naleef, dit soms nou nog gehoor word dat die Pinksterbidure bedoel is om 'n nuwe uitstorting van die Heilige Gees te bewerkstellig.

Die Opwekkinge het ook na Suid-Afrika gekom. Dit het soos volg gebeur.

In De Gereformeerde Kerkbode van 13 Augustus 1859 verskyn 'n brief namens die "Committee van het Z.A. Evang. Verbond", onderteken deur A. Faure, George Morgan en James Cameron (president en sekretarisse respektiewelik) waarin hulle verklaar dat onder hul aandag gekom het die "groote opwekking in de godsdienst" wat in Amerika en verskeie ander wêrelddele voorgekom het en "verschillende voorstellen zijn hun voorgelegd, betrekkelijk het nemen van maatregelen berekend om met 's Heeren zegen eene dergelijke genadige bezoeking van den Heiligen Geest op

---

27 J.Hz. De godsdienstige opwekking in Ierland. *De Gereformeerde kerkbode*, 11 (21) : 328, 1859.
28 Ibid., p. 330.
29 Joba. Opwekking in Amerika. *De Gereformeerde kerkbode*, 10(4) : 221, 1858, p. 221. A.M. De uitstorting des Geestes; wat er toe noodig is? *De Gereformeerde Kerkbode*, 11(20):310-312, 1859. S.A. Biduur, Bijgewoond door 40,000 menschen. *De Gereformeerde Kerkbode*, 11(22):342,1859. M.F.A. De Herleving, *Die Gereformeerde Kerkbode*, 12(6):83,1860.
30 M.F.A., op.cit.,p. 86.
31 Kuyper, A. *E voto Dordraceno*, 2, p. 506.
32 Sondag 45.

de kerken en het volk van dit land te doen nederdalen"[33]. Dat die dringend noodsaaklike "opwekking in de godsdienst" alleen te weeggebring kan word deur "eene meer overvloedige uitstorting des Heiligen Geestes" is die oortuiging van die skrywers. Daarom bepleit hulle 'n reeks "bijzondere godsdienstoefeningen" met spesiale preke in alle Christelike kerke oor die Persoon en werk van die Heilige Gees. Skrywers beveel aan dat die reeks preke in September 1859 gehou word. Op dieselfde tydstip het veertien predikante 'n oproep aan die "Christenheid van Zuid-Afrika" gerig onder die opskrif "Opwekking tot gebed om de uitstorting van den Heiligen Geest over Zuid-Afrika"[34].

'n Faktor wat daadwerklik bygedra het tot die ontstaan van die opwekkinge in Suid-Afrika, is die feit dat die teologiese professore by die opening van die Kweekskool te Stellenbosch in 1859 besluit het om 'n konferensie te belê waarop besin kon word oor die vraag wat gedoen kan word om die Opwekkinge ook hier te lande te laat posvat[35].

'n Kommissie is gevorm om die konferensie voor te berei. In naam van hierdie kommissie skryf N.J. Hofmeyr as deel van die voorbereidingstaak: "Voorwaar dit zal niet de geringste zegen zijn, als deze vergadering voor Gods kinderen eene aanleiding wordt om van nu af aan met verdubbelden ernst te bidden, te bidden vooral om de uitstorting des Heiligen Geestes over de kerk van Christus in Zuid-Afrika"[36].

In April 1860 is die voorgestelde konferensie in Worcester gehou. Van die 374 afgevaardigdes wat "uit alle dele van ons land teenwoordig"[37] was, was 16 predikante van die Kaapse Kerk. Die vernaamste onderwerp van bespreking was die Herlewing. "Dr. Adamson, wat kort tevore in Amerika was, het vertel van die herlewing daar. By die aanwesiges is sterk aangedring om baie vir herlewing te bid[38].

'n Maand later het die herlewing in verskillende gemeentes begin plaasvind in Montagu, Worcester, Wellington, Calvinia, Robertson, Ceres.

Benewens die getuienisse van groot seën wat baie tydens die Opwekkinge ontvang het, was hier, net soos in die buiteland, bedenklike uitspattighede aan die orde van die dag.

In Graaf-Reinet, byvoorbeeld, het tydens die Nagmaalsnaweek enkele "opgewekten" die dorp singende binnegery en hul intrek in 'n agterstraat geneem waar hulle dadelik bedrywig geraak het. Tydens die nagmaalsdiens het hulle hulle stigtelik gedra maar by die middagdiens het hulle sake lelik in die war gestuur: "Eene groote schare was zingende in de kerk gekomen, hetwelk de kerkraad nie kon goedkeuren, hoewel die innerlijk daardoor werd bewogen"[39]. Sondagaand is daar in die genoemde agterbuurt, (waar origens "nooit gebeden, maar wel andere dingen gedaan werden"[40]), waar dit blykbaar ook uitspattig toegegaan het, 'n biduur gehou. En toe het die dominee daarop afgekom! "Onze geliefde leraar na het slotgezang binnenkomende, waarschuwde tegen datgene hetwelk verkeerd was: als het zingen op straat, het sterk geschreeuw enz.[41].

---

33 Faure e.a., Z.A. Evangelisch Verbond — Aan de Evangelie dienaren van alle Kerkgenootschappen in Zuid-Afrika. *De Gereformeerde Kerkbode*, XI, 77, 13 Augustus 1859, p. 267.

34 Oberholster, J.A.S. *Die Gereformeerde Kerke onder die kruis in Suid-Afrika*, p. 164. Spoelstra, *Die "Doppers" in Suid-Afrika*, 1760-1899 (afgerolde eksemplare), p. 84.

35 Cronje, A.S. Herinneringe... (In: Conradie, B. *Andrew Murray na honderd jaar*, p. 175).

36 Hofmeyr, N.J. Christelike Conferentie te Worcester. *De Gereformeerde Kerkbode*, 12(6):83, 1860.

37 Retief, M.W. Herlewings in die geskiedenis. *Die Voorligter*, 37:9, 1974.

38 Ibid.

39 Anon. Opwekking te Graaff-Reinet, *De Gereformeerde Kerkbode*, 13(8):123, 1861

40 Ibid.

41 Anon. Opwekking te Graaf-Reinet. *De Gereformeerde Kerkbode*, 13(8):123, 1861. Vergelyk ook die gebeure in Worcester soos beskrywe in punt 5.2.

Uit hierdie tyd dateer ook die merkwaardige verhaal van wat met Ds. G.W.A. van der Lingen gebeur het. "As nugtere verstandsmens en strenge Calvinis was ds. Van der Lingen in die begin versigtig in sy houding teenoor die herlewing en kon hy hom nie heelhartig daarmee vereenselwig nie"[42]. Algaande het hy egter tot die oortuiging gekom dat die Opwekkinge die werk van die Here is en daarom het "hy met sy gemeente, veral tussen hemelvaart en Pinkster, die aangesig van die Here in eendragtige gebed gesoek. Op die Pinkstersondag het hy na die môrediens in die kerkgebou agtergebly om met God in die gebed te worstel, totdat die bidstond wat vir die middag bepaal was, in (sic) aanvang moes neem"[43]. Toe ds. Van der Lingen in die middagbyeenkoms in die gebed voorgaan, het hy "in 'n soort verrukking van sinne geraak en onder 'n vloed van trane iets uit(ge)roep wat niemand op die oomblik kon verstaan nie. Later het hy verduidelik wat daar gebeur het. Dit was of hy sneeuvlokke sien opstyg na die hemel en asof weerligstrale uit die troon voortkom om die vlokke af te weer, totdat 'n gedaante in 'n met bloedgeverfde mantel Hom stel tussen die sneeuvlokke en die troon om die weerligstrale te stuit. Meteens word dit vir hom duidelik (so vertel hy later) dat die gedaante die Heer Jesus is, wat die vernietigende strale van Gods toorn van Sy volk afwend, sodat hulle gebede (die sneeuvlokke), die genadetroon kan bereik"[44].

Dit sal interessant wees om te weet hoe hierdie visioen van ds. Van der Lingen as "aanleiding tot die instelling van die Pinksterbidstonde"[45] gerym word met die leer van die genoegsaamheid van die Heilige Skrif soos vervat in art. 7 N.G.B. In laasgenoemde artikel word alle buite-Bybelse openbaringe implisiet van die hand gewys. As hierdie visioen van ds. Van der Lingen vir die kerk aanleiding was om die Pinksterbidure in te stel, wat moet dan die antwoord wees aan die sektes wat hul vir hul doen en late veelvuldiglik op sulke visioene beroep?

Op die Sinode van die Kaapse Kerk, 1862, het die Opwekkinge amptelik erkenning gekry as die werk van die Here. Daelank het afgevaardigdes op hierdie Sinode getuig van die seëninge wat die gemeentes deur die Opwekkinge deelagtig geword het. Agtereenvolgens het die deputate van die volgende plekke sulke getuienisse gelewer: Graaf-Reinet, Ladysmith (Natal), Kroonstad, Montagu, Calvinia, Tulbagh, Worcester, Paarl, Beaufort, Murraysburg, Fauresmith, Swellendam, Caledon, Stellenbosch, Prins Albert, Stockenstroom, Richmond, Franschhoek, Villiersdorp, Queenstown, Middelburg, Harrismith. Almal het met vreugde getuig van die groot seën wat die Opwekkinge gebring het. Daar was egter klaarblyklik nie volkome eenstemmigheid oor die saak nie, want op die laaste dag dat dit bespreek is, het die ouderling van Ladysmith sy leedwese te kenne gegee "dat verscheidene Leeraren en Ouderlingen deze Vergadering niet bijwonen wanneer er over Gods werk in de gemeente gesproken wordt"[46].

Die besluit wat die Sinode na breedvoerige bespreking oor die Opwekkinge geneem het, lui soos volg: "De Synode erkenne, met ootmoed en dankbaarheid, de Opwekking die in verscheidene gemeenten onzer Kerk heeft plaatsgehad, als een heerlijk werk des Heiligen Geestes, tot redding van zielen, en tot verheerlijking des Heeren Jezus. De Synode bepale eene dienst van openlijke dankzegging voor den zegen der Opwekking; van schuldbelijdenis wegens de geringe mate van geloof, en dientengevolge, de niet overvloediger mate van zegen; en van gebed om voortzetting en verbreiding van het goede werk Gods, De Synode rigte een Herderlijk schrijven aan de gemeentes onzer Kerk, bevattende korte mededeeling van het een en ander wat dienaangaande is voorgevallen, en de aandacht bepalende bij de gewigtige leeringen, de dierbare vertroostingen,

---

[42] Ibid.

[43] Potgieter, F.J.M. Vervulling met die Heilige Gees. (In: Botes, D.H. red. *Die volle raad*, 1, p. 76).

[44] Keet, D.J. Herlewing in die geskiedenis van die kerk. (In: *Herlewing; sy geskiedenis en voorbereiding*, p. 15).

[45] Voetnoot 45 het geen verwysing in die gedrukte teks nie. Dit lui soos volg:
Potgieter, F.J.M. Vervulling met die Heilige Gees (In: Botes, D.H., red. *Die volle raad*, 1, p. 76).

[46] Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, *Handelingen der tiende vergadering van de Synode*, p. 49. (Bedoelende die Sinode van die N.G. Kerk - P.W.B.).

de ontzaggelijke waarschuwingen daaruit voortvloeijende, en bij de ernstige roepstemmen tot volhardend en geloovig bidden, die door de Opwekking tot allen gebragt worden [47] Na aanvaarding van die besluit is die seël daarop gedruk deur prof. Hofmeijr wat meen dat “zoo de Kerk eene Opwekking ondervonden heeft, *hare* roeping haar dan ook duidelijker dan ooit moet geworden zijn. De uitslag dezer Vergadering zal moeten zijn dat de Leden onzer Kerk die roeping beter gevoelen[48].

Dat die Kaapse Kerk dit wat hy as sy roeping beskou het, goed verstaan het en daaraan getrou was, blyk uit die feit dat daar dwarsdeur die res van die negentiende eeu en nog weer in die twintigste eeu ’n lang reeks van herlewinge in hierdie kerk en die kerke met wie hy in kerkverband leef, ontstaan het[49].

Maar die pad van opwekkings en herlewings is nie die Gereformeerde pad nie, dis die pad van die Metodisme. T.N. Hanekom [50] en J.A.S. Oberholster [51] toon noukeurig aan hoedat die Kaapse Kerk hier diep onder invloed van die Metodisme gehandel het. Watter tragedie was dit dat die Kerk in sy stryd teen die bedreiging van die Liberalisme nie die nodige leertug toegepas het nie maar sy hand na die Metodistiese Revivalisme as bondgenoot uitgesteek het. Vir diegene wat met beroep op hul Calvinistiese erfenis hul teen hierdie Metodisme verset het, was daar nie meer plek in die Kaapse Kerk nie.

Tevergeefs het mense soos J.H. Pretorius van Burgersdorp geprotesteer: “Het is een uitgemaakte zaak dat die soorten van godsdienst in strijd zijn met de Geref. Godsdienst van ons Afrikaanse volk, die toch nog in die kern Kalvinisties is, zooals wij die van onze vaders geërfd hebben. Die soorten van Godsdienst zijn niets anders dan een navolging van Engels Methodisme, berekend om ons volk te vervreemden van de vaderlijke godsdienst, zeden en gewoonten”[52]. Dat die kerk in Suid-Afrika sy Calvinistiese erfenis met die Opwekkinge mettertyd vir die oppervlakkige Metodistiese gevoelsgodsdiens ingeruil het, is ook die oordeel van J.D. Vorster. Hy skryf in verband met die Opwekkinge: “Suid-Afrika het also sy rug op Calvinistiese Nederland gekeer en heilsoekend hom na die Metodisme van die Angelsaksiese wêreld gewend... Langs hierdie weg het ons onder die invloed van die Metodisme gekom”[53].

Die Metodiste het gejuig. Dit was veral die Wesleyaanse Kerk “wat daarvan kennis neem en die Here dank, “for the gracious revival of His work amongst the members of the Dutch Reformed Church within the Cape Colony, and the Orange Free State”[54].

Hierdie toedrag van sake kry ’n baie bedenklike aksent in die lig van die feit dat die Kaapse Kerk sy toevlug tot die Metodisme geneem het in sy stryd teen die Liberalisme wat in dieselfde tyd “sy kop in die Kaapse Kerk opsteek. Teen die Liberalisme is die Metodisme as strydmakker verwelkom”. [55] T.N. Hanekom vestig die aandag daarop dat ondanks die diversiteit van Metodisme en Liberalisme hul tog in die negentiende eeu baie na aan mekaar gekom het in die grondgedagte dat godsdiens nie soseer ’n saak van leerstellige oortuiging is nie maar ’n kwessie van lewe, ’n saak van die hart en die binnekamer. In hierdie verband haal Hanekom die baie betekenisvolle woorde aan van F. Lion Cachet: “In leer zijn onze Wesleyanen gematigde Arminianen; en het zou wel der moeite waard zijn te onderzoeken, in hoever zij schuld dragen aan

---

[47] Ibid., p. 49, 50.
[48] Ibid. Vergelyk ook die toespraak van die voorsitter van die Sinode, aangehaal onder punt 5.2.
[49] Voorbeelde. 1860; 1874; 1884; 1875; 1879; 1882. Hofmeyr, S. *Korte levensschets en nagelaten geschriften van Servaas Hofmeyr*, p. 23.
[50] Hanekom, T.J. *Die liberale rigting in Suid-Afrika*, p. 258.
[51] Oberholster, J.A.S. *Die Gereformeerde Kerke onder die kruis in Suid-Afrika*, p. 166
[52] Aangehaal deur Oberholster, J.A.S. *Die Gereformeerde kerke onder die kruis in Suid-Afrika*, p. 166.
[53] Vorster, J.D. *Die Metodistiese invloed in ons volkslewe*, p. 192.
[54] Hanekom, T.N. *Die liberale rigting in Suid-Afrika*, p. 258.
[55] Vorster, op. cit., p. 192.

het piëtistisch semi-pelagianisme, dat de geheele Kerk van Zuid-Afrika, vooral ook de onze, schijnt te beheerschen"[56]. Hanekom noem die verband tussen Metodisme en Arminianisme die weg waarlangs die Liberalisme die Kaapse Kerk binne gekom het[57]. J.D. Vorster vind dit tereg jammer dat die Calvinistiese beginsel nie toe sterk en suiwer teenoor die Liberalisme gestel is nie maar dat die Kerk sy toevlug tot die Metodisme geneem het. Die bondgenootskap met die Metodisme "het die Kerk duur gekos — nie alleen het dit meer as iets anders die kerklike bewussyn verswak en die Christelike beginsel uit die lewe geweer en ons volkskoers verander nie, maar veral toe in die twintigste eeu die Liberalisme weer ŉ aanslag op ons kerklike lewe maak, het dit in die Metodisme ŉ bondgenoot gevind teen die Calvinisme"[58]. Hierdie opmerking van Vorster is van besondere belang. Hieruit blyk naamlik dat ŉ Kerk wat so ŉ oordosis Metodisme inkry as wat die Kaapse Kerk tydens die Opwekkinge ingekry het, dit in die loop van ŉ eeu nie weer uit sy sisteem kry nie. Elkeen wat die verloop van die Kerkgeskiedenis in Suid-Afrika ken, sal hierdie stelling onderskryf. In die negentiende eeu is met die Opwekkinge die saak van die Metodisme kwistiglik gesaai. In die twintigste eeu het dit die oes van ŉ welige sektewese opgelewer. Dat die Metodistiese Opwekkinge in die twintigste eeu desondanks in kerklike kringe naleef, blyk uit die feit "dat die dankbare herdenking van genoemde herlewinge en die eeufees van die Pinksterbidure een groot gebeurtenis en geleentheid gemaak is"[59] en dat die eeufees van die Opwekkinge in Suid-Afrika luisteryk herdenk is in ŉ feesprogram "wat feitlik oor twee jaar" gestrek het[60].

## *5. ANDREW MURRAY "DER VATER DES ZWEITAUFENSCHEMAS IN SÜD-AFRIKA"*

### 5.1 Jeugjare en opleiding as predikant

ŉ Ondersoek na die invloed van die Metodisme in Suid-Afrika is nie volledig as daar nie ook aandag gegee word aan die persoon en werk van Andrew Murray (1828-1917) nie. Hy stam af uit ŉ Skotse familie uit Aberdeen, Skotland. Sy vader, Andrew Murray sr. (oorlede 1866) was predikant te Graaf-Reinet. Andrew jr. het as kind sy vader dikwels in sy studeerkamer hardop en dringend hoor bid om die uitstorting van die Heilige Gees[61]. Op tienjarige leeftyd is Andrew saam met sy broer John na Aberdeen, Skotland, gestuur met die oog op ŉ skoolloopbaan. In 1845 is hulle na Utrecht, Nederland, vir teologiese opleiding en om te leer Hollands praat. ŉ Streng asketiese trek het hom vroeg al in die lewe van albei geopenbaar en hul het hul onthou van alkohol, tabak en die geselligheidslewe. In Nederland het Andrew Murray onder invloed van die Reveil gekom en aangesluit by Sechor Dabar (Gedenk die Woord), ŉ godsdienstige studentevereniging wat heel sterk die gees van die Reveil geadem het[62]. Hierdie klub is om sy asketiese neigings skertsend "Chokolade-club" en "Bid-club" genoem. Daar was so ŉ sterk antipatie teen die lede van Sechor Dabar dat medestudente geweier het om langs hulle in die klas te sit of saam met hulle by die deur uit te stap.

Volgens J. du Plessis was daar ŉ baie groot ooreenkoms tussen Sechor Dabar en die Holy Club van die Wesley's. Die beginsels wat die Wesley's gehuldig het en die reëls waarvolgens hulle hul lewe ingerig het, "vertonen merkwaardige overeenkomst met die, waardoor zich John en Andrew Murray lieten beheerschen"[63]. Net soos Wesley het Andrew Murray ook plotseling tot bekering gekom. "Te Utrecht onderging hij de grote verandering die hij zijn bekering noemde en waardoor hij meer beslist des Heren eigendom werd. Hij placht te zeggen dat hij het juiste huis, de juiste

56 Aangehaal deur Hanekom, a.w., p. 260.
57 Hanekom, N.T. *Die liberale rigting in Suid-Afrika*, p. 260.
58 Vorster, J.D. *Die Metodistiese invloed in ons volkslewe*, p. 192.
59 Alheit, W.A. Eeufees van ons bidure. *Die Kerkbode*, 35(19):689, 1960.
60 Ibid.
61 Hollenweger, W.J. *Enthusiastisches Christentum*, p. 117.
62 Du Plessis, J. *Het leven van Andrew Murray*, p. 65.
63 Ibid., p. 66.

kamer, en natuurlijk de juiste datum kon noemen van zijn bekering[64]. In sy brief, gedateer 14 November 1845, skrywe hy aan sy ouers waarin hy hulle die blye tyding meedeel dat "uw zoon wedergeboren is"[65].

Tot in die besonderheid van die hart wat warm voel, stem sy bekering met dié van Wesley ooreen[66]. Die ooreenkoms tussen Wesley en Murray word deur Du Plessis soos volg aangedui: "Hij kwam met Wesley overeen in zijn praktische neiging, onvermoeide bedrijvigheid, en onophoudelijke evangelistiese reizen. Evenals Wesley, verlustigde hij zich in de prediking, evenals die, predikte hij het eenvoudige evangelie van bekering en geloof, en evenals die geloofde hij in een tegenwoordige en dadelijke zaligheid"[67]. Aan die vooraand van sy agtiende verjaardag skrywe hy 'n brief aan sy ouers wat heelwat lig op sy sielelewe werp. Hy vertel dat hy en sy medestudente met 'n sendinggenootskap begin het waarin hulle onder andere hul besighou met "smeekgebeden om de uitstorting van Gods Geest over de wereld"[68].

Tekenend van die gees waarin Murray in Nederland gevorm is, is die roerende afskeid wat hom en sy broer John by hul vertrek na Suid-Afrika te beurt geval het. 'n Vyftiental lede van Sechor Dabar was bymekaar om afskeid te neem van die Murray's. De Graaf gee daarvan die volgende beskrywing. "In ongedwongen ernst, in veel vrede en liefde, waren we bijeen op de kamer van Jan Drost, op de Marieplaats. John Murray ging voor. *'k Zal eeuwig zingen van Gods goedertierenheen* — dat was onze belijdenis, onze kracht op die dag, en onze hoop bij de naderende scheiding. Na 't gebed en het lezen van een schoon gedeelte van het avondmaalsformulier, klonk onze belijdenis en onze bede. *Jezus, Uw verzoenend sterven Blijft het rustpunt van ons hart en Vader vol van mededogen, Zie ons arme zondaars aan*. Nog eenmaal ging John Murray ons voor in den gebede, en daarna oefenden wij bij het gebruik van brood en wijn gemeenschap met het lichaam en met het bloed onzes Heeren, die gestorven is om onze zonden en die om onze rechtvaardigheid is opgewekt"[69]. Hier is 'n studentevereniging wat nagmaal bedien. Hulle het dus heelwat verder gegaan as Wesley — hy het "societies" gestig om mense te bekeer maar het die lede van die "societies" steeds aangeraai om by hul kerke sakramente te gebruik — daarvoor was die kerke darem nog goed genoeg!

### 5.2 Murray en die Opwekkinge

Na voltooiing van die studie in Utrecht het Murray na Suid-Afrika teruggekeer en was agtereenvolgens predikant te Bloemfontein, Worcester, Wellington en Kaapstad.

Veral aan die beginjare van sy bediening het Murray in sy prediking geweldig emosioneel geword. "Op de kansel gedroeg hij zich op zeer opgewondene, om niet te zeggen gewelddadige wijze, en Bijbel en kussen ontvingen van hem veel vuistslagen... Zijn prediking (was) als de donderslagen van Sinai"[70]'.

Murray was predikant te Worcester toe die Opwekkinge plaasgevind het. Na Montagu, waar die Opwekkinge begin het, het Worcester aan die beurt gekom en so kragtig is die dorp deur die "golf

---

64 Ibid., p. 69.
65 Aangehaal deur Du Plessis, op. cit., p. 70.
66 "Alhoewel ik zeggen kan dat mijn hart thans warm is..." Du Plessis, J. *Het leven van Andrew Murray*, p. 65. Vergelyk met Wesley se beskrywing van sy bekering: "Bij de beschrijving van de verandering, die God door't geloof in Christus in't harte werkt, werd mij 't hart wonderbaar warm". Aangehaal deur Hoekstra, H. *Het Methodisme* p. 4.
67 Du Plessis, J. *Het leven van Andrew Murray*, p. 468.
68 Aangehaal deur Du Plessis, op. cit., p. 72.
69 De Graaf in sy herinneringe aan Sechor Dabar, aangehaal deur Du Plessis, op. cit., p. 78.
70 Rabie. Sonder vermelding van bron aangehaal deur Du Plessis, op. cit., p. 210.

van zegen"[71] aangegryp dat daar 'n tydlank "vreemde tonelen"[72] aanskou is "welke een oningewijde, die onkundig is aangaande de werkingen van de Geest Gods, als het naakte fanatisme zou hebben bestempeld"[73]. Murray se aandeel aan die Opwekkinge was besonder groot: "*Andrew Murray* droeg niet weinig bij tot de verspreiding van de zegeningen der herleving. Men nodigde hem uit, konferentiën bij te wonen op plaatsen die zo ver van elkaar gelegen waren als Kaapstad en Graaff-Reinet, en overal waar hij optrad werd er een onmiddellijke en diepe indruk gemaakt[74]. Die gebeurtenis op 'n sekere Sondagaand is tekenend van die toestande in sy gemeente. Na die aanddiens [75] het 'n sestigtal mense in 'n saal vergader om biduur te hou. Op 'n sekere stadium het 'n vyftienjarige Kleurlingmeisie agter in die kerk gevra of sy ook 'n lied mag opgee en in gebed mag voorgaan. Die voorganger het toestemming gegee en na die sing van Gesang 39:4 het sy begin bid. "Onder het gebed was het, dat men iets als een geruis in de verte hoorde, dat harder werd en nader kwam, totdat het was alsof de zaal bewogen werd; en met een paar uitzonderingen ging de gehele schaar aan het bidden, meestal hoorbaar, sommigen fluisterende. Maar het was een oorverdovend geraas"[76]. 'n Ouderling wat daar verbygestap en die geraas gehoor het, het Murray gaan roep. 'n Ooggetuie vertel: "Hij (Murray — P.W.B.) liep een eind in de zaal af, en riep zo luid als hij kon: 'Mensen, stil!'. Doch men bleef voortbidden. Ik was intussen weer neergeknield. Ik dacht dat als de Heer kwam om ons te zegenen, ik niet op mijn voeten maar op mijn knieën zijn moest. Ds. Murray riep weer overluid: 'Mensen, ik ben uw leraar van God gezonden, stil!'. Doch er was niets aan te doen. Men hoorde hem niet, en ging voort met bidden, en roepen om genade en ontferming. Hij kwam weer naar mij, en zeide dat ik het versje moest zingen: 'Help de ziel die raad'loos schreit'. Alles hielp niets: men bad voort. Hij ging toen heen zeggende: 'God is een God van orde, en hier is alles wanorde', en daarmee verliet hij de zaal"[77]. Na hierdie gebeure het die bidure gereeld daagliks onder Murray se leiding plaasgevind. Tevergeefs het hy probeer om hulle in rustiger bane te lei. Toe hy die saak met sy vader bespreek, was dié egter begeester en het aan hom gesê: "Andrew, my seun, hoe het ek na tye soos hierdie verlang"[78].

Dat Murray hom ondanks sy besware teen die wanordelikheid van die Opwekkinge tog van harte met die beweging vereenselwig het, blyk uit sy woorde wat hy as voorsitter op die Sinode van 1862 daaroor uitgespreek het: "De Voorzitter (ds. Murray — P.W.B.) verklaard zich diep getroffen door de blijken van Gods tegenwoordigheid in het land, en wenscht dat een stem uit de Synode ga, alle gemeenten opwekkende om ernstig en geloovig te bidden, dat de Geest des Allerhoogsten in meerdere mate mogt uitgestort worden. Hij beantwoordt ook eenige bedenkingen die door enkelen tegen het Schriftmagtige der Opwekking worden aangevoerd, en bewijst uit de Heilige Schrift dat de Heer meestal, gelijk nu in de Opwekking, met Zijn volk heeft gehandeld, door namelijk, een tijd van krachtdadige werking vervangen te doen worden door een tijd van stilte, waarin zij zich Zijne beloften konden toeeigenen, waarna Hij weder een tijd van verlevendiging en bekrachtiging schenkt. Hij eindigt met de verpligtingen aan te toonen die op deze Vergadering en de Kerk van Christus rusten, om door deze Opwekking zich te laten dringen tot ongeveinsde dankbaarheid, tot diepe verootmoediging en tot gelovig en vurig bidden om eene meer algemeene uitstorting Zijns Geestes"[79].

---

71 Du Plessis, J. *Het leven van Andrew Murray*, p. 205.
72 Ibid.
73 Ibid.
74 Ibid., p. 211.
75 Volgens Keet het Murray die aand elders gepreek. Keet, D.J. *Herlewing in die geskiedenis van die kerk* (In: Herlewing; sy geskiedenis en voorbereiding, p. 14). Du Plessis deel niks daarvan mee nie, maar vermeld alleen dat Murray dié aand in Engels gepreek het, op. cit., p. 206.
76 Anon. Aangehaal deur du Plessis, J. *Het leven van Andrew Murray*, p. 205.
77 Ibid., p. 206.
78 Hollenweger, W.J. *Enthusiastisches Christentum*, p. 119.
79 Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika. *Handelingen der tiende vergadering van de Zynode*, p. 49.

## 5.3 Binnekerklike evangelisasieveldtogte

Van besondere betekenis met die oog op die Evangelisasiejaar 1974 is dit om kennis te neem van die feit dat Murray die vader van die evangelisasiegedagte in sy kerk was en sy besondere opvattinge dienaangaande op hierdie arbeid van sy kerk in die jare wat gevolg het, afgestempel het. Dit het soos volg gebeur: In die sewentiger jare van die negentiende eeu het die twee Amerikaanse opwekkingspredikers, Moody en Sankey "één van de merkwaardigste godsdienstige bewegingen van de negentiende (of elk ander) eeuw"[80] van stapel gestuur. Hierdie twee eenvoudige lekepredikers het die wêreld behoorlik in rep en roer gehad: hulle het ontsaglike skares getrek en duisende bekeerlinge gemaak. Die *Kerkbodes* van 1874 en volgende jare het breedvoerige verslae oor hierdie veldtogte geplaas. Die gevolg was dat daar opwekkinge te Swellendam, Montagu, Wellington, Kaapstad en Stellenbosch uitgebreek het waarby veral talle jongmense tot bekering gekom het. Die Sinode van 1876 het veel aandag en tyd bestee aan die saak van buitengewone dienste en het 'n Kommissie vir Spesiale Evangelieprediking aangestel om in die saak te handel. Dit het daarop uitgeloop dat Murray en Hofmeyr dringend versoek is "speciale evangelisatiereizen te ondernemen"[81]. In 1876 het Murray sy eerste toer van sewe weke deur die land onderneem. Voor sy reis in 1879 het Murray die rede vir die spesiale evangelieprediking in 'n verklaring in die *Kerkbode* uiteengesit. Die doel daarvan is "aan te dringen op de onmiddellike aanname van de Heer Jezus als Zaligmaker"[82]. Hy wys op die belangrikheid daarvan dat die gemeente van tyd tot tyd voor die "Heden, Nu" geplaas moet word. "Wanneer andere leraren opzettelijk overkomen om over dit éne te spreken (die eis tot bekering — P.W.B.) ... dan gebruikt Gods genade meermalen dit alles als een middel om de onbekeerde te doen gevoelen; nu is het de tijd, nu moet ik mij bekeren"[83].

Die geseënde vrugte van Murray se sewe evangelisasietoere het blykens Ringsverslae nie uitgebly nie. Veral in Hannover is onder die kinders en jongmense veel geseënde werk gedoen sodat "beide de jonge mannen en de jonge dochters een wekelikse bidstond hadden begonnen"[84]. Uit alles blyk dat hierdie evangelisasiereise veral op die gemeentes self toegespits is, nie om in die eerste plek buitekerklikes terug te bring nie maar "het volk des Heren heeft een hemelse verkwikking genoten"[85], dus, die gemeente is opgewek.

In die twintigste eeu is die praktyk wat deur Murray geïnisieer is, voortgesit. Nog so onlangs as 1967 skryf M.J. Smuts na aanleiding van 250 000 lidmate wat weg van die N.G. Kerk af beweeg, oor "Interne evangelisasie — die kerk se dringendste taak?". Dit ondanks die prinsipieel suiwere sinodebesluit van die N.G. Kerk 'n jaar tevore waarin uitdruklik bepaal word dat daar nie so iets soos binnekerklike evangelisasie bestaan nie[86].

Murray het met sy spesiale evangelieprediking die grondslag gelê van 'n beleid wat vandag in mindere of meerdere mate in Suid-Afrika naleef. Hierdie beleid word egter nie algemeen aanvaar nie. So skryf De Klerk in verband met die Projekte "Leef vir Christus en sy kerk" en die "Jeug-tot-jeug aksie" die volgende: "Die feit dat daar georganiseerde groepe binne die kerk geskool moet word om binne die kerk persoonlike werk te doen, plaas die kerk en sy ampsbedienings in die beskuldigdebank. Êrens het daar 'n geweldige kortsluiting in die lewe van die kerk en sy

80 Du Plessis, J. *Het leven van Andrew Murray*, p. 330.
81 Du Plessis, J. *Het leven van Andrew Murray*, p. 331.
82 Ibid., p. 333.
83 Ibid.
84 Ibid., p. 338.
85 Ibid.
86 Smuts, M.J. "Interne evangelisasie" — die kerk se dringendste taak? *Die Kerkbode*, 100(5):163-164, 1967.

bedienings ingesluip"[87]). Hierdie kortsluiting het nie onlangs ingesluip nie. Dit dateer uit die dae van Andrew Murray.

Waar die evangelisasie-aktiwiteit wat in die vorige eeu deur Murray geïnisieer is, uiteindelik nog gaan heen beweeg, kan vermoed word by die lees van die volgende berig in verband met die Evangelisasiejaar 1974: "Indien predikante die opgeleide jongmense — teen die einde van die jaar sal daar na verwagting 15 000 wees, — gebruik, kan die aksie die voorspel wees tot 'n Jesus-revolusie in Suid-Afrika op 'n groter skaal selfs as wat in sommige oorsese lande aan die gang is, glo sommige predikante"[88]. 'n Jesus-revolusie op groter skaal as in die buiteland! Sou dit werklik wees wat die organiseerders van die Jeug-tot-Jeugaksie beoog?

## 5.4 Geestesdoop en gebedsgenesing

Dit sal te ver aflei van die eintlike doel van hierdie ondersoek om noukeurig in te gaan op al die teologiese beskouinge van Murray. Trouens, Conradie verklaar dat teoloë nog nie Murray se bydrae tot die teologie vasgestel het nie[89].

Van besondere betekenis in verband met die huidige ondersoek is egter Murray se leer van die Geestesdoop en sy beskouing in verband met gebedsgenesing[90].

### *5.4.1 Geestesdoop*

Bondig vat Murray sy beskouing oor die Geestesdoop soos volg saam: Die Geestesdoop is nie daardie genade waardeur ons ons tot God wend, wedergebore word en trag om soos kinders van God te leef nie. "Toe Jesus Sy dissipels aan die profesie van Johannes (Hand. 1:4) herinner, was hulle alreeds deelgenote aan hierdie genade. Hul doop met die Gees het iets meer as dit beduie. Vir hulle sou dit word die bewuste teenwoordigheid van hul verheerlikte Heer, wat teruggekeer het om in hul harte te woon, asook hul deelname aan die krag van Sy nuwe lewe. Vir hulle was dit 'n doop van vreugde en krag in hul lewende gemeenskap met Jesus op die troon van Heerlikheid"[91].

Hierdie leer kom daarop neer dat daar tweërlei Christelike lewe is. Die eerste is die lewe waarin 'n mens van die werkinge van die Heilige Gees iets ervaar, soos die gelowiges van die Ou Testament wat die Gees nog nie as Pinkstergees ontvang het nie. Die tweede is 'n hoër lewe wat diegene besit aan wie die Gees bekend is as Pinkstergees en wat die volle vrede en krag van die verlossing besit. Hierdie tweede soort lewe is wat God wil dat sy kinders sal besit. Is dit nie presies hierdie leer wat sit agter die Metodistiese bekeringsdrywery wat so goed bekend is in Suid-Afrika nie? Dit het tot gevolg dat kerklidmate wat binne die kring van die verbond grootgeword het en belydenis van die geloof afgelê het, skielik onder die prediking van 'n "spesiale" evangelieprediker tydens 'n "evangeliesasieveldtog" tot 'n skokbekering kom — so asof hulle die vorige deel van hul lewe heidene was. Maar hierdie soort bekering, so skrywe J.D. du Toit in afwysing van die Metodisme, hou nie rekening met die uitspraak van Christus dat die aarde (op organiese wyse) eers 'n halm voortbring, dan 'n aar en dan die volle koring nie[92].

Die probleem met die bekering van mense wat jarelank al belydende lidmate van die kerk is, is dat óf hul belydenis oneg was óf hul bekering. By die Metodiste maak dit blykbaar nie saak nie. By die Calvinisme wel.

---

87 De Klerk, JJ. Persoonlike werk in ons kerk. *Die Kerkbode*, 112(125):832, 1973.

88 Anon. Evangelisasieveldtog kring steeds wyer. *Die Transvaler*, 6 Mei 1974, p. 7, kol. 4-9.

89 Conradie, B. *Andrew Murray na honderd jaar*, p. 140.

90 Vir die leer van die Geestesdoop vergelyk Murray, A. *Die werk van die Heilige Gees*, p. 9 e.v., en vir dié van gebedsgenesing, vergelyk Murray, A. *Jesus, die Geneesheer van die krankes*.

91 Murray, A. Die werk van die Heilige Gees. (In sy: *Versamelde werke*, 3, p. 11).

92 Du Toit, J.D. *Het Methodisme*, p. 141.

### *5.4.2 Gebedsgenesing*

Wat die leer van die geloofsgenesing betref, is Hollenweger van oordeel dat Murray "bedenklich nahe an die Theorien der amerikanischen Heilungsprediger"[93] kom. Murray maak onderskeid tussen lyding en krankheid en stel dat dit wel die wil van God is dat daar vir sy gelowiges lyding moet wees maar dat dit nie die wil van God is dat hulle siek moet wees nie. "Nêrens sê die Skrif, of sê die Here Jesus dat die krankheid 'n teken van die liefde van God, of 'n seën is, of met geduld gedra moet word nie. Die Heer het baie van ander lyding gepraat wat sy dissipels moes duld, maar orals van die siekte as 'n kwaad waarmee die sonde en die Satan te doen het en waarvan die mens behoort vrygemaak te word... Soos die sonde in die siel, is die siekte in die liggaam 'n teken van die mag van die Satan"[94]. Watter troostelose beskouing! Dit klink na Job se vriende.

Die konklusie wat Hollenweger uit hierdie opvatting trek, is vir die situasie van vandag met sy herlewende spiritualisme (gebedgenesing, tongetaal, ens.) van besondere betekenis. Hy sê dat dit nie verbasend is nie dat een van die eerste propagandiste van die kerk van Dowie, *die Christian Catholic Church*, 'n man met die naam van Le Roux was wat in Wellington grootgeword het waar Murray vyf en veertig jaar lank gewerk het. Le Roux het later leier van die Apostoliese Geloofsending geword. Hollenweger sê dat hy ongelukkig nie kon vasstel of Le Roux inderdaad lidmaat van Murray se gemeente was nie, maar "die oben angegegebene Gründe lassen es vermuten"[95].

Hier lê 'n interessante veld vir navorsing oop: In hoeverre het die beskouinge van Murray in verband met die Geestesdoop en gebedsgenesing die stoot gegee aan die opkoms van die bloeiende sektewese in Suid-Afrika? Kan die lyn getrek word vanuit Murray oor Hickson en Branham na Danny Bosman? Is dit sonder rede dat Hollenweger, by die bespreking van die geesdrywers in die Christendom, Murray en Dowie en die opkoms van die sektewese in Suid-Afrika in een asem noem?[96]

### 5.5 Murray as skrywer

Murray was 'n vrugbare skrywer. Hy het nagenoeg 250 werke geskryf[97]. 'n Blik op die titels van sy Versamelde Werke gee al dadelik 'n aanduiding van die onderwerpe wat hom na aan die hart gelê het: Die geloofslewe, die gebedslewe, die werk van die Heilige Gees, die binnekamerlewe, die bekering, herlewing, geloofsgenesing, sending — dit vorm skering en inslag van sy gedagtewêreld. Dat hier rykdomme van gedagtes opgesluit lê, kan nie ontken word nie, en die werke adem 'n gees van innige vroomheid soos aan die skrywer daarvan, volgens sy biograwe, eie was. Maar dan val, net soos by Wesley, al die nadruk eensydig op die leer van die verlossing. En dit is ook een van die grondfoute van Wesley se leerstellige werk: die eensydige oorbeklemtoning van die leer van die verlossing en die totale verwaarlosing van die res van die geloofsleer. 'n Vergelyking tussen die versamelde werke van Murray en dié van Totius dui 'n merkwaardige verskil aan. By eersgenoemde is 'n volgehoue toespitsing op die leer van die verlossing, by laasgenoemde 'n skopus van onderwerpe so ryklik geskakeerd as die lewe self, en altyd so dat die lig van God se Woord oor die verskillende lewensterreine val. Hierdie verskil in lewensbenadering dui presies die verskil tussen Metodisme en Calvinisme aan. Die Metodis ken net een leerstuk, dié van die verlossing, en hy kan sy belydenis op die rand van 'n stuiwer skrywe: siele wen vir Jesus. Die Calvinis daarenteë leef by die gedagte dat daar nie 'n duimbreed van hierdie wêreld is waarvan Christus nie sê: "Myne! "... en dis die profetiese taak van sy gelowiges om dit in die wêreld te gaan proklameer.

---

93 Hollenweger, W.J. *Enthusiastisches Christentum*, p. 123.

94 Murray, A. *Jesus, die Geneesheer van die krankes*, p. 63.

95 Hollenweger, W.J. *Enthusiastisches Christentum*, p. 123.

96 Stigter van die Christian Catholic Church in Zion. Vergelyk Hollenweger, W.J. *Enthusiastisches Christentum*, p. 117-134.

97 Conradie, B. *Andrew Murray na honderd jaar*, p. 118.

In die geskrewe werke van Murray ontbreek hierdie Calvinistiese proklamasie van Christus se universele Koningskap al te veel en sy besondere skrywerstalent kan vir hierdie gebrek nie vergoed nie.

### 5.6 Evaluering

Andrew Murray was, net soos Wesley, 'n groot man in die koninkryk van God, 'n man wat deur die genade wat hy ontvang het, baie dinge tot stand gebring het vir die verheerliking van God se Naam. Gedurende sy lang lewe (hy het agt en tagtig jaar oud geword) was hy ses maal gekies as Moderator van sy kerk en twee eredoktorsgrade is aan hom toegeken. Dat so 'n begenadigde man verreikende invloed uitgeoefen het, behoef geen betoog nie. Murray was "niet slechts een stem, maar een kracht, hij oefende niet slecths een invloed, hij schiep een dampkring. In het land zijner geboorte drukte zijn persoonlijkheid zich af op allen, die met hem omgang hadden... Zeer diepgrijpend was vooral de invloed die hij over zijn broeders in de evangeliebediening uitoefende"[98].

Dit kan egter nie weggeredeneer word nie dat die "dampkring" wat Murray geskep het, 'n Metodistiese dampkring was met heel weinig of niks van die tipies Calvinistiese daarin. Murray self het by geleentheid van die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in 1859 aan sy broer John geskrywe: "Wij zijn nooit in staat geweest, zelfs waar wij gewillig waren, het gemoed van de ware, stijve Doppers te bereiken. Onze taal was hun vreemd"[99]. Hoe kon dit ook anders! Hierdie mense was Calviniste in murg en been en het nog geleef by die gespierde reformatoriese godsdiens van die sestiende en sewentien de eeu. Die gees van die Gereformeerde belydenisskrifte en die Dordtse Kerk orde, dit was die dampkring waarin hulle geleef het, en dit was die taal wat hulle gepraat en verstaan het.

Die Metodisme en die Calvinisme is twee denkwêrelde wat in byna elke opsig diametraal teenoormekaar staan. "Wesley self het erken dat Calvinisme, 'most destructive of Methodism' is[100]. En Murray het hierdie pad wat aan die Calvinisme radikaal vreemd is, bewandel — dis jammer, want sy invloed leef vandag nog baie sterk na in Suid-Afrika.

In die voorwoord van sy "Versamelde Werke" staan hierdie pregnante woorde: "Andrew Murray is nie meer daar nie. Hy leef egter nog in ons gedagtes"[101]. Dat Murray en sy Metodistiese beskouinge en praktyke inderdaad in die gedagtes van vele mense leef, blyk uit die feit dat daar nog steeds 'n sterk aanvraag is na sy geskrifte — in die vertoonvenster van 'n plaaslike boekwinkel staan op die oomblik nie minder nie as tien van sy publikasies baie prominent uitgestal.

By al die piëteit wat die nagedagtenis van hierdie groot man waardig is, bly dit 'n feit dat hy aan die Metodisme in Suid-Afrika 'n geweldige stoot gegee het. By alles wat daar in sy persoon en beskouinge te waardeer is, was hy verantwoordelik vir die stimulering van godsdienstige sentimente wat aan die Calvinisme heeltemal vreemd is, met 'n nasleep van nadelige gevolge waarmee die Calviniste in die kerk waaraan hy behoort het, vandag nog nie heeltemal raad weet nie.

## *6. METODISTIESE INVLOEDE DEUR CHRISTELIKE VERENIGINGS*

### 6.1 Die idee van die "society"

Een van die tipiese trekke van die Metodisme is dat hy Christelike verenigings stig wat die taak van die besondere ampte oorneem, omdat die besondere ampte self nie goed funksioneer nie. So was dit al by die ontstaan van die Metodisme in Engeland. Wesley het "societies" en "classes"

---

[98] Du Plessis, J. *Het leven van Andrew Murray*, p. 446, 447.
[99] Brief aangehaal deur Du Plessis, op. cit., p. 190.
[100] Vorster, J.D. *Die Metodistiese invloed in ons volkslewe*, p. 188.
[101] Murray, A. *Versamelde werke*, 1. Stellenbosch, C.S.V., 1942, p. xviii.

gestig waarin die mense bekeer moes word en bekeerd gehou moes word sodat hulle weer ander kan bekeer. Wesley wil dus nie 'n "naar Gods Woord gereformeerde Kerk, maar ... een Society ... en zijne volgelingen hebben na zijn dood onafgebroken op de door hem gelegde grondslagen voortgebouwd"[102]. Eers na Wesley se dood het sy "societies" kerke geword maar in die plek van die "societies" het die "classes" gekom wat binne in die kerk die werk van die besondere ampte doen. J.D. du Toit verklaar dat hierdie praktyk vir die kerk nie 'n bate is nie, maar dat dit inderdaad kerkverwoestend werk [103] só kerkverwoestend dat Du Toit dit as sy oortuiging uitspreek: "Bij den Methodist is dus de eigenlijke idee van Kerk verloren gegaan"[104].

Iets soortgelyks het hom in Suid-Afrika vanaf die koms van die Metodisme voorgedoen en in mindere of meerdere mate word die verskynsel op die huidige dag nog aangetref.

### 6.2 Godsdienstige verenigings in Suid-Afrika

Dit is nie sonder betekenis dat dit 'n vereniging was wat die Metodisme in die Kaapse Kerk ingeloods het nie — "Het Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond"[105].

Dit was veral Murray wat die vermeende waarde van godsdienstige verenigings ingesien en hoog gewaardeer het. So was hy die eerste president van die *Young Men's Christian Association* (Y.M.C.A.) wat in 1865 te Kaapstad gestig is. In 1876 is onder invloed van die Oxford-Heiligheidsbeweging in verskillende dele van Suid-Afrika konferensies gehou. "Deze konferenties stelden zich ten doel, niet slechts de bekering der onbekeerden, doch meer bepaald de bevordering van het geestelijk leven van gelovigen"[106]. In sommige gevalle is vir die predikante besondere samekomste gehou gelyktydig met die "opwekkingsdiensten voor de gemeente"[107]. Dat Murray heelhartig met hierdie beweging saamgegaan het, blyk uit 'n woord van aanmoediging wat hy in verband met die byeenkoms wat in 1879 te Colesberg gehou is, geskrywe het[108]. In 1883 het Murray 'n bidkring gestig "die van onberekenbare zegen voor de Hollandse bevolking van Zuid-Afrika is geweest. Die heette (en heet nog) de *Bijbel- en Bidvereniging*. Voornaamste doel van deze vereniging was, leden der Kerk aantemoedigen tot het geregelde, dagelijkse Bijbellezen en tot het gebed" [109]. Soos al die ander Christelike verenigings was ook hierdie een op puur Metodistiese wyse besig om die werk van ampsdraers in die kerk te doen. Maar dit was nog nie die einde nie. Een van die laaste verenigings wat Murray voor sy dood gestig het, was 'n gebedsunie "waarij zich alleen zodanige Christenen aansloten, die zich wilde verbinden om minstens vijftien minuten elke dag te wijden aan voorbidding voor anderen, en voor de vooruitgang van de zaak des Heren in alle delen van de wereld"[110]. Na aanleiding van 'n toespraak van Murray het Hofmeyr in 1882 te Stellenbosch die "Christelike Onthoudings Vereniging" gestig. "Hij (Hofmeyr – P.W.B.) beweerde dat het voor ieder Christen plichtmatig was zich te verloochenen, en geen wijn te drinken of iets te doen, waaraan zich de zwakke broeder ergeren of stoten kan"[111]. Murray het ook 'n leidende rol gespeel in die totstandkoming van die *Cape General Mission*, 'n vereniging wat vanuit Engeland evangelisasiewerk in Suid-Afrika kom doen het, met Spencer Walton as belangrikste arbeider. Hieruit het weer ontstaan die *South African Keswick*, 'n jaarlikse samekoms te Wellington (waar Murray predikant was) "op het model van de

---

[102] Du Toit, J.D. *Het Methodisme*, p. 172.
[103] Ibid., p. 115.
[104] Ibid., p. 119.
[105] Vergelyk punt 2 hierbo.
[106] Du Plessis, J. *Het leven van Andrew Murray*, p. 322.
[107] Ibid.
[108] Ibid.
[109] Ibid., p. 371.
[110] Na Murray se dood is hierdie vereniging genoem: Die Andrew Murray Gebedsunie – Ibid., p. 373.
[111] Du Plessis, J. *Het leven van Andrew Murray*, p. 373.

bekende heiligheidsamekomst te Keswick in het noorden van Engeland"[112]. Die doel van hierdie samekomste was "om Christenen te doen inzien, hoedanig een leven van algehele toewijding behoort te zijn, en te verstaan dat men dit leven deelachtig kan worden door de beoefening van het eenvoudige geloof, gepaard met een heelhartige overgave[113].

By al hierdie godsdienstige verenigings moet ook nog genoem word die Christelike Strewersunie, die Christen-Studentevereniging, die Oxfordgroep (later bekend as Morele Herbewapening), die Afrika Evangeliese Bond, die Jeug-vir-Christusbeweging en in die heel jongste tyd die "Jesus People". Elk van hierdie verenigings het sy "bekeerlinge" en volgelinge en oefen dus sy invloed uit. Om maar een voorbeeld te noem: In verband met die Oxfordgroep verklaar D.J. Keet: "Sommige van u, soos ekself, het daardeur groot seën ontvang en u weet seker almal dat die beweging oor meer as veertig lande versprei het, honderdduisende tot oorgawe of vernude oorgawe aan Christus en tot nuwe lewensverhoudings teen die medemens gebring het"[114]. Dit is ŉ teologiese professor van een van ons drie Afrikaanse Kerke wat so spreek. Watter taal praat sy studente, en watter taal praat die lidmate wat deur sy kwekelinge kerklik bearbei word? Hierdie verenigings toon almal in mindere of meerdere mate trekke van Metodistiese ooreenkoms: hulle wil mense bekeer.

Omdat die Christelike Strewers-Unie en die C.S.V. die mees invloedryke van die genoemde verenigings is, word hulle in die volgende paragrawe behandel. Wat van hulle geld, geld in ŉ sekere sin van al die ander genoemde bewegings: hulle vertoon almal tipiese trekke van die "societies" van Wesley. Hulle doel is om mense te bekeer, en om die doel te bereik, dring hulle in die kerk in, gewoonlik onder die voorwendsel dat hulle "interkerklik" is en doen dan die werk wat Christus, nie aan ŉ vereniging nie, maar aan die kerk self opgedra het. Die behandeling van die Strewers- en die Christenstudentevereniging sal oorvloediglik illustreer wat bedoel word.

## 6.3 Die Christelike Strewers-unie

### *6.3.1 Ontstaansgeskiedenis en groei*

In 1881 het die Independente-predikant dr. Francis E. Clarke in Portland, Maine, V.S.A. die eerste Christelike Strewersvereniging gestig. Tydens ŉ week van gebed aan die begin van die jaar het tussen 30 en 40 jongmense in sy gemeente tot bekering gekom, en die vraag het by Clarke ontstaan "hoe om hulle verder te help in hul Christelike lewe"[115].

Die antwoord op die vraag was die stigting van die eerste Strewersvereniging op 2 Februarie 1881. Spoedig het ander kerke hierdie voorbeeld gevolg en die Strewersvereniging het heel gou ŉ wêreldwye organisasie geword. Toe die halfeeufees van die Strewers in 1931 gevier is, "het die Strewersverenigingе die wêreld letterlik oorvleuel en is daar 80 000 verenigings geregistreer"[116].

Ses jaar na die ontstaan van die eerste vereniging dit wil sê in 1887 het die eerste Strewersvereniging in Suid-Afrika deur bemoeiing van dr. A.S. Bliss van die Hugenote Seminarie, in Wellington, ontstaan. Ook hier was die groei fenomenaal. In 1894 was Andrew Murray die eerste president van die "South African Christian Endeavour Society". Uit die staanspoor het hierdie verenigings — soos dit in Metodistiese kringe gebeur — hulle "met krag en toewyding (gewerp) in die werksaamhede van die gemeentes aan wie hulle aanhangig is"[117]. In die

[112] Ibid., p. 397.
[113] Ibid., p. 397.
[114] Keet, D.J. Herlewing in die geskiedenis van die kerk (In: *Herlewing; sy geskiedenis en voorbereiding*, p. 12).
[115] Van Heerde, G.L. Ontstaan en geskiedenis van die C.S.-Unie in Suid-Afrika. (In: W. de W. Strauss, *red. Strewersgedenkboek*, 1901-1951, p. 9).
[116] Ibid., p. 10.
[117] Van Heerde, G.L. Ontstaan en geskiedenis van die C.S.-Unie in Suid-Afrika. (In: W. de W. Strauss, *red.*

krygsgevangenekampe in St. Helena, Indië en die Bermudas het die Strewersverenigínge 'n groot rol gespeel in die godsdienstige lewe van die gevangenes. Daar was takke met 170, 400, 515 en selfs 800 lede. "Ons lees van vergaderings deur 1 800 mense bygewoon, van geestelike seëninge, van toewyding, van bekering. Hoeveel jong manne het nie in die kampe die roeping ontvang om predikante en sendelinge te word nie"[118]. Dit alles vind plaas, nie in die kerk van Christus nie, maar in 'n mensgemaakte godsdienstige vereniging. So wil die Metodisme dit. Maar so wil die Calvinisme dit nie.

Na die Tweede Vryheidsoorlog is die behoefte gevoel om die verhouding tussen die Strewersverenigínge en die N.G. Kerk te reël. Die Kaapse Sinode het besluit: "De Synode spreke hare waardering uit voor het werk van de Christelijke Jongliede en Streevers Vereenigingen gedaan en wil dat de verschillende Kerkeraden en Gemeenten waar zoodanige vereenigingen bestaan, die onder hun toezicht en bescherming nemen"[119]. Soortgelyke besluite is ook deur die Transvaalse en Vrystaatse Sinodes geneem. Uit hierdie besluite blyk dat die Strewers as vereniging binne in die Kerk aanvaar en verwelkom is. Merkwaardig is die feit dat daar uit die staanspoor mense was wat aangevoel het dat die Gereformeerde pad hier byster geraak is en dat hierdie vereniging 'n Metodistiese pad opgaan. Besware wat verneem is: "Die Strewersbeweging sou Wesleyaans wees, 'n Kerk binne die Kerk; dit sou in die hande van die sektes werk; die beloftekaart sou ongereformeerd en onbybels wees; die seuns en dogters wat uitgaan om dienste onder kleurlinge te hou sou mense wees wat 'hul lyf predikant hou'"[120].

Die Strewersverenigínge het gegroei totdat hulle in 1951, by die halfeeufees van die Christelike Strewersunie, 400 takke met ongeveer 10 000 lede getel het. In dieselfde jaar het die Strewersverenigínge met ander Christelike jeug-organisasies saamgesmelt om so die Nederduitse Gereformeerde Kerkjeugvereniging (K.J.V.) te vorm[121]. In hoeverre die doelstellinge, werkwyses, ideale en klimaat van die Strewers in die K.J.V. nalewe, word sydelings deur Kemp aangetoon in sy proefskrif: *Kerk en kerklike jeugvereniging*.

#### *6.3.2 J.D. du Toit en die Strewersvereniging*

In 1905 het J.D. du Toit in sy boekie *De Streversvereeniging* aangetoon dat daar 'n besonder groot ooreenkoms is tussen die Strewersvereniging en die Metodisme: "De Streversvereeniging is niets anders dan een voortzetting van Wesley's Vereeniging"[122]. Albei hierdie verenigínge het opgekom uit protes teen die doodsheid van die kerk. Albei verlang geen opsegging van die kerklidmaatskap — die Strewersvereniging beroep hom daarop dat hy interkerklik is, dit wil sê (afgesien daarvan of die kerke daarvan hou) kan 'n lidmaat van enige kerk ook lid van die Strewersvereniging word. Albei het dieselfde doel: die bevordering van 'n ernstige Christelike lewe en albei bedoel om daardeur die kerklike lewe te bevorder: "Het doel der Unie zal zijn de behartiging van de belangen der Kerk van Christus in het algemeen en der Ned. Geref. Kerk in het bijzonder"[123]. Daar was selfs 'n bepaling: "Daar deze Vereeniging een deel der Kerk is, zullen de predikant, ouderlingen en diakenen en het hoofd der Zondagschool ex officio Eereleden zijn"[124].

Maar met al sy goeie bedoelinge bewys hierdie vereniging die kerk geen diens nie — aldus Du Toit. "De Streversvereeniging gebruikt het rechte middel niet. Door haar werksaamheid wordt de Kerk,

---

*Strewersgedenkboek*, 1901-1951, p. 10).

118 Aangehaal deur Van Heerde, op. cit., p. 12.

119 Van Heerde, Ontstaan en geskiedenis van die C.S.-Unie in Suid-Afrika. (In: W. de W. Strauss, *red.* *Strewersgedenkboek*, 1901—1951, p. 12).

120 Ibid.,p. 13.

121 Kemp, J.I. *Kerk en kerklike jeugvereniging*, p. 236.

122 Du Toit, J.D. *De Streversvereeniging*, p. 4.

123 Reglementen der Unie van de Vereeniging tot Christelijk Streven in verband met de Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika, art. 3. Aangehaal deur Du Toit, *De Streversvereeniging*, p. 4.

124 *Model Constitutie*, aangehaal deur Du Toit, op. cit., p. 4.

dit geloven wij vastelijk, niet opgebouwd, maar afgebroken... Ons bezwaar tegen de Streversvereeniging is dus, dat zij, gelijk Wesley's Vereeniging, de hervorming der Kerk verijdelt en zichzelf in de plaats daarvan stelt"[125].

'n Tipies Metodistiese trek by die Strewersvereniging is sy bekeringsbeskouing — 'n beskouing wat vandag nog nalewe in Suid-Afrika[126]. Die Strewersvereniging het sy lede ingedeel in: Werkende, mede- en erelede. Werkende lede is jongmense "die geloven Christen te zijn"[127]. Medelede, ook genoem meegaande lede, is "jongelieden van goede beginselen, die nog niet wenschen als Christenen beschouwd te worden" en "de Vereeniging zal steeds in het oog houden dat zij mettertijd tot werkende leden behooren over te gaan"[128]. Hierop is Du Toit se kommentaar: "Deze (die meegaande lede — P.W.B.) staan zoover wij kunnen uitmaken, noch tusschen de bekeerden en onbekeerden in, en wat noch buiten de Vereeniging zich bevindt, moet als onbekeerd worden aangemerkt en behandeld. Wie voelt niet, dat wij hier met dezelfde drie onderscheidingen als bij de Methodistische Kerken te doen hebben? Er zij er: (1) die gelooven dat zij Christenen zijn, (2) die bijna dat geloven, doch noch niet als zoodanig wenschen beschouwd te worden en (3) die noch voor Christus moeten 'gewonnen' worden"[129].

Maar hierdie indeling van die lidmate van die gemeente volgens die geloof van die mens, en nie volgens die beloftes van God in die genadeverbond nie, is volgens Du Toit [130] onbybels en ongereformeerd omdat dit die leer van die genadeverbond nie tot sy reg laat kom nie. Wie ten volle met die leer van die genadeverbond rekening hou, weet dat 'n kind van die gemeente as eiendom van die Here aangemerk moet word en daarom kan hy gevolglik nie meer vir Christus gewen word soos die Strewers wil nie[131].

'n Gedoopte kind van die gemeente hoef hom nie deur 'n belofte (volgens die eis van die Modelkonstitusie) aan die Strewers te verbind, aangesien hy al van voor sy geboorte aan die Here verbind is. En as hy tot die jare van die onderskeiding gekom het, aanvaar hy bewustelik die verbond en bely die leer van die verbond in die midde van die gemeente.

Op die vraag: wat van die onbekeerde verbondskinders? antwoord Du Toit [132] dat hulle as verbondskinders behandel en vermaan moet word, en as hulle hul in die onbekeerdheid van wandel verhard, dan moet hulle langs die weg van kerklike tug as kinders van die verbond afgesny word. Heel sterk is die volgende uitsprake van Du Toit: "Wij gelooven dat de Strevers-vereenigingen nooit opgekomen zouden zijn, als de Kerken bij het Verbond gebleven waren en haar leden als Verbondskinderen hadden aangezien"[133].

'n Verdere karaktertrek van die Strewersvereniging is dat dit geen belydenis onderskryf nie. Ook in hierdie opsig verloën die Strewersvereniging nie sy Metodistiese karakter nie. Wesley het sy volgelinge uit alle moontlike kerke getrek. *Die Algemene Reëls van Wesley se Societies* was 'n suiwer ekumeniese dokument sonder 'n enkele leerstellige bepaling[134]. Dit bly 'n vraag hoe die Strewersvereniging mense van geheel en al uiteenlopende geloofsoortuiging, byvoorbeeld Calviniste en Arminiane wat radikaal teenoor mekaar staan in die leer van die uitverkiesing, in een vereniging byeen wou hou. Dit sou alleen kon as daar blinde onverskilligheid jeens die belydenis was. Maar onverskilligheid teenoor die belydenis loop gewoonlik uit op vyandskap

---

125 Du Toit, J.D. *De Streversvereeniging*, p. 5.
126 Een van Jesus se volgelinge. *Stap vir stap*, p. 1-14. Marais, W. *Die weg tot saligheid*, p. 5-63.
127 *Model Constitutie*, art. III, aangehaal deur Du Toit, op. cit., p. 11.
128 Ibid.
129 Du Toit, op. cit., p. 11.
130 Ibid.
131 Du Toit, J.D. *De Streversvereeniging*, p. 16.
132 Ibid., p. 17.
133 Ibid., p. 18.
134 Ibid., p. 20.

teenoor die belydenis. Vandaar na die sektewese is dit 'n hanetreetjie — immers by die sektewese word geglo dat die kerklike belydenisskrifte gelyk staan aan die letter wat doodmaak terwyl dit alleen die Gees is wat lewendig maak.

Die Strewersvereniginge wou niks weet van die leer nie, hulle het swaar aksent gelê op die lewe. Een van die doelstellinge was: "Een ernstig Christelijk leven"[135]. Een maal per maand moes elke vereniging 'n toewydingsbidstond hou "waar elke werkende lid verwacht wordt betreffende zijn vooruitgang in het Christelijk leven te spreken[136]. So word ook in die *Christian Student* geskrywe: "Ons onderwerp nadrukkelijk het Leven" en "Hoofdoel: een diep geestelijk leven aan te kweeken"[137].

Ook in hierdie opsig, sê Du Toit, "gelijken de Vereeniging van den Methodist Wesley en de Streversvereeniging als twee droppels water op elkaar"[138].

Maar in hierdie opsig verskil albei soos dag by nag van die Kerkreformasie van die sestiende eeu. Toe was die lewe geheel en al bedorwe. Maar Luther het nie met 'n sedelike lewensverbeteringsprogram begin nie — hy het in 95 stellinge die ware leer teenoor die dwaalleer van Rome gestel. Calvyn het sy reformatoriese aksie van stapel gestuur met sy *Institusie of Onderwysing in die Christelike godsdiens*. Eers die leer suiwer, het Luther en Calvyn gesê, en dan is daar hoop om die lewe te reformeer. Daarteenoor is die kreet van Wesley en die Strewers: Geen leer, alleen die lewe!

En die lewe van heiligmaking bestaan volgens Wesley en die Strewers uit die onderhouding van 'n hele reeks bepalinge, verpligtinge, onthoudinge, voorskrifte. Hoe lewenswaar is die opmerking van Du Toit dat 'n mens wat in 'n Gereformeerde klimaat grootgemaak is, dit in die atmosfeer van die Strewers nie kan uithou nie. "Gekomen in den dampkring der Strevers het zij door hun tegenwoordigheid of geschriften, zal hij niet ruimer of vrijer ademen, maar integendeel zich in de borst beklemd gevoelen en naar frisscher lucht hijgen, ten einde de longen vrijer spel te geven... Door het afvragen van beloften, door het vermenigvuldigen van uitwendige godsdienstige verplichtingen, door het dragen van lintjies en knoopjes, door het teekenen van 'pledges' en het drijven van de afschaffing in zoovele dingen, gaat het leven geheel en al op in het uitwendige, en het einde van dit alles is niet de verrijking, maar verarming van datzelfde leven"[139].

Eenmaal op die pad van verdringing van die kerklike ampte moet die Strewersvereniging aan sy ideale die gewenste vorm gee. In hierdie geval is die gewenste organisasievorm dié van komitees. Dit wemel letterlik van komitees by die Strewers. In die Modelkonstitusie word die volgende genoem: Uitkyk-komitee, Bidstonde-komitee, Gesellígheidskomitee, Uitvoerende komitee, Sondagskoolkomitee, Besoekkomitee, Musiekkomitee, Sendingskomitee, Blommekomitee, Matigheidskomitee, Ondersteuningskomitee, Goeieboeke-komitee. So word die heiligmaking georganiseer en geforseer tot 'n lewe volgens 'n reeks vasgestelde reëls — 'n eindelose variasie op die tema van "Raak nie, smaak nie, roer nie aan nie"[140].

Dat die Strewersvereniging homself by die kerk kom aandien as 'n selfgemaakte kruk onder die skouers van die kreupel ampte in die kerk, hoef seker skaars gesê te word. Hierdie toedrag van sake laat Du Toit heel skerp konkludeer: "De Streversvereeniging is een bastaard-Kerk en daarom is ook het Streefwerk een bastaard-ambt"[141]. Ten slotte toon Du Toit aan dat die groot ideaal van die Strewers, naamlik siele wen vir Jesus, presies ooreenstem met dié van die Metodisme met sy

135 *Model Constitutie*, art. II. Aangehaal deur Du Toit, op. cit., p. 26.
136 *Model Constitutie*, art. VII.
137 Ibid., art. V, 8, p. 4 en VI, 3, p. 5.
138 Du Toit, J.D. *De Streversvereeniging*, p. 26.
139 Ibid., p. 30.
140 Kol. 2:20-23.
141 Du Toit, J.D. *De Streversvereeniging*, p. 35.

leer van die algemene versoening[142].

### *6.3.3 Invloed*

Wie daaraan dink dat die Strewersverenigingе meer as 'n halwe eeu 'n florerende bestaan in Suid-Afrika gehad het en voluit kerklike beskerming geniet het, sal meteens begryp hoe diep die Metodisme in Suid-Afrika gewortel is. Sy invloed blyk uit die volgende uitsprake:

Volgens Van der Merwe vorm die Strewersvereniging "die gesonde geestelike kern in die gemeente waar dit bestaan... om soos 'n suurdeeg sy invloed te laat geld met die oog op die godsdienstige vorming van die toekomstige ouderling en diaken van die gemeente. Wie sal die vormende invloed kan bereken wat die Strewersvereniging gehad het op die jong gemoed van die toekomstige predikant, die sendeling, die onderwyser(es)! Te lank sal die lys word as ons die name sal moet neerskryf van die groot getalle wat onder invloed van die Strewersvereniging sy verhewe roeping as leraar of as onderwyser gevind het. Veel wyer egter vind ons die invloed; want op elke terrein van die latere lewe in Kerk, staat en maatskappy vind ons die spore van invloed tot praktiese werklikheid ontplooi, soos dit op die toenmalige jong gemoed in die Strewerskring afgedruk is"[143]. Die Strewersvereniging (en nie die kerk of sy besondere ampte nie) was daarvoor verantwoordelik dat die huisaltare in baie huise brandende gehou is. Die Strewersvereniging was die kweekplek van goeie Sondagskoolonderwysers en onderwyseresse. Die Strewersvereniging was dit wat op kennelike wyse voorsien het in die sendingbehoeftes van die kerk. "Kenmerk is die lewende aandeel wat die Beweging as geheel in die Sendingpoging het: deur finansiële steun; deur takke plaaslik in die vorm van praktiese dienste, asook buitelands deur geldelike bydraes as andersins"[144].

'n Laaste getuienis oor die invloed van hierdie organisasie. Human, gewese reisende sekretaris van die Strewers verklaar: "Van die Kaap tot aan die Kongo het ek die krag en hulp van die Strewerstakke opgemerk in die geestelike lewe van die gemeentes. Meer as een leraar het getuig: 'Die strewerslede is my hulppredikers' ... 'n Mens kan byna sê 'n gemeente kan nie bestaan sonder 'n Strewerstak nie"[145]. Presies hierdie belydenis dat die kerk byna nie sonder 'n godsdienstige vereniging as kruk onder sy skouers kan bestaan nie, vertel die verhaal van die toestand waarin die kerk hom bevind en van hoe diep die Metodisme hom in die kerklike lewe in Suid-Afrika ingewortel het.

## 6.4 Die C.S.V.

### *6.4.1 Geskiedenis*

Dit was Andrew Murray wat in die negentiger jare van die negentiende eeu twee jongmanne, Fraser en Wishard, uit Amerika na Suid-Afrika genooi het om hier ook 'n afdeling van die Wêreld-Christenstudente-Federasie te kom stig. Die stigting het plaasgevind op 28 Julie 1896 nadat voorbereidingswerk gedoen is deur 'n komitee bestaande uit proff. N.J. Hofmeyr, I.J. Marais, C.F.J. Muller, di. J.H. Neethling, G.R. Ferguson en mejj. Bliss en Ferguson. Die C.S.V. het welig gegroei sodat C.W. Retief in 1941 kon verklaar: "Die C.S.V. het 'n tak van sy vereniging, sover bekend, op

---

142 Ibid., p. 36.

143 Van der Merwe, J.A. Bydrae van die Christelike Strewersunie, ter bevordering van die geestelike lewe van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. (In: Strauss, W. de W. *red. Strewersgedenkboek*, 1901-1951, p. 35).

144 Van der Merwe, J.A. Bydrae van die Christelike Strewersunie ter bevordering van die geestelike lewe van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. (In: Strauss, W. de W. *red. Strewersgedenkboek*, 1901-1951, p. 36).

145 Human, D.C.H. Die Strewerslede is my hulppredikers. (In: Strauss, W. de W., *red., Strewersgedenkboek*, 1901-1951, p. 122).

elke dorp waar 'n gemeente van die Ned. Geref. Kerk bestaan"[146]. In 1952 bevind Saunders[147] dat die C.S.V. 37 513 lede het en nie lank gelede nie het die Afrikaanse afdeling van die C.S.V. die sestigduisend-kerf verbygesteek[148]. Die jongste syfer is ongelukkig nie aan skrywer bekend nie. Tot in 1964 was die C.S.V. geaffilieer met die Wêreldfederasie van Christen-studente, maar in daardie jaar is hierdie band verbreek[149]. Op 12 Januarie 1965 is die Afrikaanse Christen-Studente-vereniging (A.C.S.V.) te Bloemfontein in die lewe geroep "as opvolger van die voormalige Afrikaanse Afdeling van die C.S.V. van Suid-Afrika wat by dieselfde geleentheid opgehou bestaan het. Dit is gestig as 'n afsonderlike, selfstandige Vereniging met sy eie Konstitusie, Hoofbestuur, naam en eiesoortige werksinkleding"[150].

Die doelstelling van die A.C.S.V. het dieselfde gebly as dié van die C.S.V. By hierdie geleentheid is vir die A.C.S.V. as belydenisgrondslag die Drie Formuliere van Enigheid aanvaar, "omdat dit ook noodsaaklik is dat by die lede van die Vereniging, wat byna geheel en al bestaan uit doop- en belydende lidmate van die N.G. Kerk, lojaliteit teenoor die eie kerk en belydenis bevorder sal word[151]. Naas die A.C.S.V. met sy meer as sestig duisend lede bestaan daar ook nog 'n selfstandige C.S.V. vir elk van die volgende groepe: Die Engelse, die Bantoe, die Kleurlinge[152].

Hier is dus 'n magtige jeugorganisasie wat 'n aansienlike persentasie van die jeug van Suid-Afrika uit elke denkbare bevolkingsgroep betrek en beïnvloed. Dat hierdie vereniging 'n sterk Metodistiese inslag het, blyk uit sy doel, verhouding tot kerk en skool, en werksaamhede. Daaraan sal vervolgens aandag gegee word.

### *6.4.2 Doel*

Die C.S.V. en ook die A.C.S.V. is by uitstek Christelike jeugbewegings. "Die leuse 'Maak Jesus Koning' vertolk die doel daarvan, naamlik om die jeug vir Christus te wen"[153]. Die doel van die C.S.V. sowel as die A.C.S.V. blyk duidelik uit hul grondwet:

"1. Om studente te beweeg om die Christelike geloof in God — Vader, Seun en Heilige Gees — volgens die Bybel aan te neem, en as ware dissipels van Jesus Christus te lewe;

2. om 'n dieper geestelike lewe by studente aan te kweek en ernstige studie van die Bybel as die geïnspireerde Woord van God onder hulle te bevorder;

3. om studente te beweeg om hulle te wy aan die uitbreiding van Gods Koninkryk onder hulle eie volk en deur die gehele wêreld;

4. om getrouheid aan die Kerk van Christus in die algemeen en aan hulle eie kerk in besonder by studente aan te moedig"[154].

Dat die C.S.V. (en ook die A.C.S.V.) kragtens sy doelstellinge 'n tipies Metodistiese trek vertoon, kan nie ontken word nie. Immers, die stigting van verenigings ("societies") om mense te bekeer en bekeerd te hou, dit was by uitstek die kenmerk van die Metodisme. J.D. du Toit getuig dat Wesley "die Kerk niet hervormde maar in plaats daarvan Vereenigingen stichten waarvan men lid kon worden zonder zijn eigen kerk te verlaten. Ten Doop en ten Avondmaal moest men ieder in

---

146 Retief, C.W. Die C.S.V. en die gedoopte lidmate van ons kerk. *Die Kerkbode*, 48(15):597, 1941.

147 Saunders, R. *Enkele godsdienstige en opvoedkundige aspekte van die C.S.V. soos bevind in Afrikaanse skole aan die Witwatersrand*, p. 5.

148 Treurnicht, A.P. Kritiek op C.S.V. *Die Kerkbode*, 94(7): 196, 1964.

149 Bell, G.J.V. C.S.V. breek met Wêreldfederasie. *Die Kerkbode*, 94(18):567, 1964.

150 A.C.S.V. Hoofkantoor. *Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika*, p. 2.

151 Ibid., p. 2,3.

152 Skrywer kon ongelukkig nie daarin slaag om ledetalle te bekom nie.

153 *Saunders, R. Enkele godsdienstige en opvoedkundige aspekte van die C.S. V. soos bevind in Afrikaanse skole aan die Witwatersrand*, p. 5. Later is die leuse van die A.C.S.V. verander na: Jesus is Koning.

154 A.C.S.V.-Hoofkantoor. *Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika*, p. 3.

zijn eigen kerk gaan (daarvoor was de Kerk nog goed genoeg), maar stichting en opwekking van waar geestelijk leven was slechts in Vereeniging te vinden"[155]. By die C.S.V. en A.C.S.V. gebeur (met die nodige wysiginge) dieselfde. Dit wil jongmense tot die Christelike geloof bekeer en hulle aanmoedig om as ware dissipels van Christus te lewe. Dit wil 'n dieper geestelike lewe by studente aankweek. Dit wil evangelisasie- en sendingwerk doen en les bes ... kerkgetrouheid bevorder. Maar dit alles is tog die werk van die besondere ampte, by name dié van predikant en ouderling.

C.W. Retief is heeltemal korrek as hy in hierdie verband opmerk dat gelowiges in die amp van die gelowige met mekaar moet praat oor hul sieleheil "maar dis 'n ander saak as 'n vereniging, in sy leiers, hierdie saak onder ander hom ten doel stel. Dan word so 'n vereniging 'n Kerk, en daarvoor wil die C.S.V. hom nie uitgee nie[156].

Retief betreur tereg die feit dat die C.S.V. hom ongevraag kom indring op die terrein van die plaaslike kerk. Hy sê: Kinders word in huis, katkisasie en prediking bearbei maar... "Nou kom van buite af 'n persoon of persone, wat op die gevormde godsdienstige agtergrond van die kind intensiewe siele-arbeid kom verrig en dit net vir 'n paar dae. En hierdie handeling is nie beperk tot die lede van die C.S.V.-tak nie, maar al die kinders wat skoolgaan, word betrek. En in al hierdie geestelike werksaamhede word die plaaslike kerkraad of predikant nie geken nie, behalwe deur 'n kennisgewing dat die besoekers kom; dis 'n vanselfsprekendheid dat die C.S.V. hierdie reg besit"[157].

Volgens Van Blerk vind daar inderdaad skadelike oorvleueling plaas tussen die kerklike bearbeiding en die bedrywighede van die C.S.V.[158]. "Dieselfde kinders behoort ook aan die Sondagskool en kry ook 'n Sondagskoolrooster met dagstukkies en verwag word dat hulle dit sal lees... Is al twee nou nodig, waar dit om dieselfde kinders gaan — C.S.V. en Sondagskool?"[159].

En daarom stel C.W. Retief tereg die vraag: "Is die C.S.V. hier op 'n terrein waarop hy reg het? Is die C.S.V. dan 'n Kerk met ampte van prediking beklee? As dit die geval is, wat is dan die werk van die predikant in die gemeente, as 'n organiese eenheid, as reisende sekretarisse(esse) hierdie soort werk in die gemeente moet doen?"[160].

Die Metodisme teer veral op kerke waar die besondere ampte nie na behore funksioneer nie. Volgens J.D. du Toit [161] is die Metodisme 'n tipiese begeleidende verskynsel van die volkskerk waar die ampte aan die slaap geraak het. Aan die ander kant, in 'n kerk waar die besondere ampte aktief werk, moet die optrede van 'n Metodistiese godsdienstige vereniging wat die werk van die ampte wil oorneem, onvermydelik tot botsing lei. Sowel eersgenoemde as laasgenoemde het in Suid-Afrika gebeur, soos uit die res van hierdie artikel sal blyk. Om dit aan te toon, is dit nodig om aandag te gee aan die verhouding tussen die C.S.V. en die kerk.

### *6.4.3 Die C.S.V. en die kerk*

#### 6.4.3.1 Die C.S.V. as "interkerklike" beweging

Volgens talle getuienisse uit sy eie midde wil die C.S.V., net soos ander Metodistiese verenigings, graag deurgaan as 'n "interkerklike" beweging. Die volgende bevestig dit: "Die Christen-Studentevereniging is 'n interkerklike en internasionale beweging..."[162]. Dit is ook die bevinding

---

155 Du Toit, J.D. *De Streversvereeniging*, p. 3.
156 Retief, C.W. Die C.S.V. en die gedoopte lidmate van ons kerk. *Die Kerkbode*, 48(15):598, 1941.
157 Ibid., p. 597.
158 Van Blerk, J.A. *Die Christen-studentevereniging*. I, 53(17):369, 1941.
159 Retief, C.W. Die C.S.V. en die gedoopte lidmate van ons kerk. *Die Kerkbode*, 48(15):597, 1941.
160 Ibid., p. 597.
161 Du Toit, J.D. *Het Methodisme*, p. 147.
162 Du Toit, J.G.M. Die C.S.V. en die Kerk. Die Kerkbode, 47(22): 1000, 1941.
Presies dieselfde word gesê in *Die C.S.V. roep*, p. 4. (Aangehaal deur Van der Walt, S.P. Die

van Saunders wat 'n intensiewe studie van die C.S.V. aan die Witwatersrand gemaak het. Hy skryf: "In sy verhouding tot die Protestantse Kerke funksioneer die C.S.V. as 'n interkerklike beweging. Dit het alreeds duidelik geblyk uit onderafdeling (d) van artikel 1 van die grondwet"[163].

Wat dit beteken dat die C.S.V. "interkerklik" is, word offisieel deur die Assistent Algemene Sekretaris van die C.S.V. verduidelik. Dit kom, volgens hom, eenvoudig daarop neer dat die C.S.V. "nie on- of antikerklik" is nie[164]. Saunders gee sy bevinding in verband met die betekenis van die "interkerklikheid" van die C.S.V. soos volg weer: "Hieronder moet nie verstaan word dat die C.S.V. onverskillig of negatief staan teenoor die erkende kerke nie, maar wel dat dit nie 'n aparte kerk stig nie... Die lede behoort aan verskillende kerke, en die C.S.V. beskou dit as sy taak om liefde vir die Kerk van Christus in die vorm waarin elke lid daarin gebore en opgegroei het aan te wakker... Net soos dit alle Christelike Kerke wil insluit, wil dit ook die studerende jeug van al die nasies wat deur die Evangelie bereik is, insluit"[165] Die C.S.V. se interkerklikheid beteken dus soveel as dat dit nie onkerklik of antikerklik is nie. Hierdie soort "interkerklikheid" is 'n tipiese trek van die Metodisme. Dit wil 'n Christendom bo geloofsverdeeldheid. Dit stel die deure oop vir lidmate van alle kerke en op die manier dring dit ongevraagd in die eie, Godgegewe werk van verskillende kerke, so asof die kerke nie hul eie werk doen of kan doen nie. So word die C.S.V. 'n rankplant wat oral by die kerklike vensters inrank. Daaroor later meer.

Die begrip interkerklik beteken nie in die eerste plek dat die deure van 'n organisasie oopstaan vir lede van alle kerke nie, maar dat die verskillende kerke amptelik hul medewerking aan so 'n organisasie toegesê het. Om 'n voorbeeld te noem: op talle plekke in Suid-Afrika word in die afgelope dekades gesamentlike Hervormingsfeeste deur die drie Afrikaanse Kerke gehou. Hierdie feeste is interkerklik in die ware sin van die woord, want die drie Afrikaanse Kerke werk amptelik daarin saam.

As interkerklikheid bewuste amptelike samewerking van kerke in 'n bepaalde gemeenskaplike organisasie beteken, kan daar van interkerklikheid by die C.S.V. geen sprake wees nie, omdat slegs een van die drie Afrikaanse Kerke met besondere bande aan die C.S.V. verbonde is en die ander twee hulle bewustelik van die C.S.V. gedistansieer het.

Teen die beweerde "interkerklikheid" van die C.S.V. het daar in die loop van die tyd ernstige besware opgekom. So verklaar P.A. Verhoef, K.N. van Niekerk en I.F. Retief in 'n gesamentlike skrywe: "ons kan slegs interkerklik wees as ons inderdaad kerklik is, dit wil sê aan 'n sigbare, geïnstitueerde Kerk behoort. Interkerklikheid sonder kerklikheid is een van twee: óf 'n groter Kerk (maar dan is dit nie meer interkerklik nie) óf dit is in die ruimste sin slegs intergeestelik, maar dan buitekerklik, en daarom beslis nie-kerklik"[166]. Volgens hierdie drie skrywers moet die "interkerklikheid" van die C.S.V. ten opsigte van die belydenis op "grenselose willekeur"[167] uitloop. 'n Verdere beswaar wat hulle teen die C.S.V. se "interkerklikheid" opper, is dat dit kerklidmate se kerkbewustheid ondermyn al beweer die C.S.V. ook dat hy hom ten doel stel om "getrouheid aan die kerk van Christus in die algemeen en aan hul eie kerk in besonder by studente aan te moedig"[168]. Die C.S.V. "ondermyn beslis die lidmate se kerkbewustheid — wat tewens 'n ondergrawing van die kerklike lewe as sodanig beteken. En hierdie ondergrawingsproses sal sterker wees namate die lede van die interkerklike beweging des te vuriger hul beweging

---

Christenstudentevereniging van Suid-Afrika. *Die kerkblad,* 61 (1482): 8, 1959.

163 Saunders, R. *Enkele godsdienstige en opvoedkundige aspekte van die C.S. V. Soos bevind in Afrikaanse skole aan die Witwatersrand*, p. 6.

164 Du Toit, J.G.M. Die C.S.V. en die kerk. *Die Kerkbode*, 47(22):1000, 1941.

165 Saunders, R. *Enkele godsdienstige en opvoedkundige aspekte van die C.S.V. soos bevind in Afrikaanse skole aan die Witwatersrand*, p. 6.

166 Verhoef, P.A. e.a. Die C.S.V. en die kerk. *Die Kerkbode*, 47(25):2044, 1941.

167 Ibid.

168 Ibid.

aanhang"[169].

C.W. Retief sinjaleer dieselfde gevaar. Hy sê die C.S.V.-lid se "kerk staan beslis 'n sport laer as die C.S.V. En hierdie gemoedstoestand sal by die meeste persone op die manier bearbei, nooit weer verdwyn nie, 'n teer plekke vir die C.S.V. bly altyd agter en dit ten koste van die kerk se organisasie. Waar die kerk op godsdienstige gebied, die hoogste inspirasies moes bied vir sy lidmate bly hulle in hierdie opsig koud staan teenoor hul kerk. Moet ons nie, in hierdie lig gesien hierin een van die oorsake soek waarom lidmate van die Kerk meermale so maklik hul kerklike verband loslaat en aansluiting soek by die sektebeweginge nie?"[170].

'n Laaste beswaar wat Verhoef, Van Niekerk en Retief noem, is: "Die interkerklike beweging, in sy gewaande selfstandige bestaan, is parasities ook nog in 'n ander opsig, naamlik op finansiële gebied"[171]. Dit is ook die beskouingvan Van Blerk wat beswaar het dat die C.S.V. "die Sinode agter hulle het om geld in te samel van die gemeentes"[172]. Hy druk hom skerp uit en sê: "Hierdie organisasie teer op die gee-krag van die gemeentelede, waarop alleen 'n kerkbestuur aanspraak het en wat alleen by die kerkkas tuishoort"[173]. En verder: "Hierdie beweging teer op die lewensap van die Kerk, wat hom in staat stel en 'n kans gee om na willekeur 'n leer te propageer wat nie noodwendig hoef te klop met die belydenisskrifte van die Kerk nie"[174]. Hy gebruik die beeld van 'n rankplant, om die C.S.V. te tipeer, 'n parasiet wat teer op die kerklike boomstam: 'Ja, hierdie plant het sy ranke deeglik vasgeklem om die stam van die Kerk in al sy vertakkings, vanaf Tafelbaai tot in die verre noorde, oor die Kerk se ganse invloedsfeer'"[175].

Loubser is klaarblyklik nie beïndruk deur die verklaring as sou die C.S.V. se "interkerklikheid" die betekenis hê van "nie on- of antikerklik" nie. Hy is bevrees dat die C.S.V. se "interkerklikheid" presies die teenoorgestelde weg kan opgaan. Duidelik stel hy sy standpunt: "Ons moet onthou, 'n interkerklike beweging word maklik antikerklik... soos tewens deur die sektes bewys"[176].

In die lig van al die bostaande oorweginge is dit seker nie te skerp gestel nie as Verhoef, Van Niekerk en Retief konkludeer dat die C.S.V. dwaal "in sy bewering van 'n suiwer interkerklike... beweging te wil wees. Feit is dat die C.S.V. nie is wat hy voorgee om te wees nie, en is wat hy wesenlik nie wil wees nie"[177].

Hierdie fiktiewe, beweerde "interkerklikheid" van die C.S.V. kry 'n besondere betekenis in die verhouding waarin die C.S.V. tot die kerke in Suid-Afrika, in sonderheid die drie Afrikaanse Kerke, staan.

6.4.3.2 Die C.S. V. en die kerke in Suid-Afrika

Dat die Engelse afdeling van die C.S.V. inderdaad interkerklik in die ware sin van die woord is, is 'n feit wat geboekstaaf word deur die Reglement van die C.S.V. Hier bestaan, aldus die Reglement, 'n Sentrale Komitee met een verteenwoordiger uit elk van die volgende kerke: "Baptist Church of South Africa, Church of England in South Africa, Church of the Province of South Africa, Congregational Church of South Africa. Methodist Church of South Africa, Presbiterian Church of South Africa and other Protestant Churches"[178] In hierdie samevoeging van kerke, verklaar

---

169 Ibid., p. 2045.
170 Retief, C.W. Die C.S.V. en die gedoopte lidmate van ons kerk. *Die Kerkbode*, 48(15):598, 1941.
171 Verhoef, P.A. e.a., op. cit.
172 Van Blerk, J.A. Die Christen-studentevereniging. *Die Kerkbode*, 53(17):369, 1944.
173 Ibid., p. 369.
174 Van Blerk, J.A. Die Christen-studentevereniging. *Die Kerkbode*,53(17) :369, 1944.
175 Ibid.
176 Loubser, J.H. Die Christen-studentevereniging. *Die Kerkbode*, 52(14):302, 1944.
177 Verhoef, P.A. e.a. Die C.S.V. en die kerk. Die Kerkbode, 47(25):2045, 1941.
178 Sonder vermelding van bron aangehaal deur Van der Walt, S.P. Die Christenstudentevereniging van Suid-Afrika. *Die Kerkblad*, 61 (1482), p. 8, 1959.

S.P. van der Walt, "het ons werklik 'n spelonk van Adullam insover dit die leer betref. 'n Mens het 'n mooi Gereformeerde gemeenskap by die Church of England in S.A., maar 'n sterk Roomse tendens by die Church of the Province of S.A. *Hierbenewens het 'n mens die metodisme sterk verteenwoordig met al sy lossighede wat betref die konfessie*"[179]. Tereg stel Van der Walt die vraag in verband met die uiteenlopende leerstellige beskouinge van die saamwerkende Engelse kerke of 'n Metodis kan tuis wees in 'n Gereformeerde huis en of 'n Gereformeerde interkerklik konneksies met 'n ongereformeerde kan onderhou.

Heeltemal anders gesteld is dit met die verhouding van die C.S.V. tot die drie Afrikaanse Kerke. In alles wat skrywer hiervan oor die verhouding van die C.S.V. tot die Afrikaanse Kerke gelees het, is geen getuienis gevind dat die "interkerklikheid" van die Afrikaanse afdeling van die C.S.V. ook betrekking het op die N.H. Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerk nie. Die "interkerklikheid" van die C.S.V. het alleen betrekking op die N.G. Kerk — daarvoor bestaan oorvloedige getuienis. Terwyl die C.S.V. in die kerklike pers van die N.H. en Geref. Kerke skerp veroordeel word, het daar deur die jare baie simpatieke artikels, selfs in die redaksionele kolomme van *Die Kerkbode*, verskyn, en Sinodes van die N.G. Kerk het hul seën oor die C.S.V. uitgespreek[180].

Dit is belangrik om steeds te onthou by die lees van die reeks uitsprake wat nou hieronder volg, dat dit dinge is wat gesê word van 'n organisasie wat homself interkerklik noem en wat veral by die skole (daaroor later meer) soms in skooltyd optree om kinders van al drie die Afrikaanse Kerke te evangeliseer en te bekeer.

Wat die ontstaan en voortbestaan van hierdie "interkerklike" beweging betref, getuig die Raad van die C.S.V. die volgende: "Die kerk in wie se boesem die C.S.V. van Suid-Afrika gebore is — en wel reeds in 1896 — is die Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat nie alleen volle vertroue in die C.S.V. uitgespreek het by baie geleenthede nie, maar wat in die Afrikaanse afdeling van die C.S.V. 'n doeltreffende orgaan het vir sy arbeid onder die skoliere en studente. Nie alleen behoort die lede van die Afrikaanse afdeling van die C.S.V. haas uitsluitend tot die Ned. Geref. Kerk nie, maar in die Hoofbestuur (sowel as plaaslike besture) is die kerk goed verteenwoordig deur sy predikante, professore en moderatuurslede, wat leiding gee, waak oor die rigting wat dit bewandel en sy hand hou oor sy werk"[181].

C.W. Retief verklaar dat hierdie "interkerklike'' beweging sy lede wat die platteland betref, "byna uitsluitend uit kinders van ons kerk" (die N.G. Kerk — P.W.B.) betrek[182].

Toe daar in 1964 sprake gekom het om hierdie "interkerklike" vereniging dan maar heeltemal openlik 'n kerklike vereniging van die N.G. Kerk te maak, het L. du T. Retief op die oorbodigheid en onwenslikheid van so 'n stap gewys, want "ons kerk het tog in elk geval die feitlike beheer oor die beweging, indien nie die wetlike nie. Ons predikante en Kweekskoolprofessore neem baie jare reeds leiding in die hoofbestuur. En die C.S.V. met sy baie onderwysers en talle leerling-kringleiers doen 'n groot werk om deur Bybelstudie en geestelike verdieping ons kinders beter lede van die N.G. Kerk te maak"[183].

Na aanleiding van die kritiek wat daar in die N.G. Kerk self oor hierdie "interkerklike" beweging uitgespreek is, het die redakteur van *Die Kerkbode* vir die C.S.V. soos volg in die bresse getree: Die C.S.V. is "'n beweging waaraan byna sestigduisend lede van die N.G. Kerk behoort ... en waaroor dié kerk in sy sinodes telkemale sy seën uitgespreek het omdat hy die C.S.V. waardeer

---

179 Van der Walt, S.P. Die Christenstudentevereniging van Suid-Afrika. *Die Kerkblad*, 61(1482), p. 89, 1959.

180 Vergelyk Van Blerk. J.A. Die Christen-studentevereniging. *Die Kerkbode*, 53(17):369, 1944. Treurnicht, A.P. Kritiek op die C.S.V. *Die Kerkbode*, 94(7):196, 1964.

181 Christen-studentevereniging van Suid-Afrika. Raad. Die C.S.V. verklaar sy standpunt. *Die Kerkbode*, 93(19):611, 1964.

182 Retief, C.W. Die C.S.V. en die gedoopte lidmate van ons kerk. *Die Kerkbode*, 48(15):597, 1941.

183 Retief, L. du T. Die C.S.V. en die Kerk. *Die Kerkbode*, 94(27):906, 1964.

en deur amptelike verteenwoordiging in sy besture oor die beweging toesig hou"[184].

Hierdie "interkerklike" beweging staan nie net in 'n intieme verhouding tot die N.G. Kerk nie, hy is gebore in die boesem van hierdie kerk en hy staan inderdaad in diens van genoemde Kerk. Dit blyk uit die volgende verklaring uitgereik deur die Raad van die C.S.V.: Die C.S.V. tree "in die praktyk op as Vereniging in diens van die Ned. Geref. Kerk, en dit is getrou aan die leer en beleid van die N.G. Kerk..."[185].

Waaruit die diens van hierdie "interkerklike" beweging bestaan, kan maklik afgelei word uit wat Malan skrywe: "Ek het bewus geword dat my kerk sy jongmense verwaarloos het... Vir meer as vyftig jaar het die C.S.V. vir ons in die bresse getree. Ek voel oortuig hy was 'n genadegawe van God aan ons jongmense, want toe ons eie kerk ons laat links lê het, het hy ingetree en ons geestelik gevorm deur deeglike Bybelstudie, met liefde vir die Koning van ons Kerk"[186]. Wie die omvang van die Metodistiese invloed in Suid-Afrika wil bereken, moet met hierdie getuienis rekening hou: Vir meer as 'n halwe eeu was hierdie Metodistiese "interkerklike" organisasie besig om die kinders en jongmense van die grootste kerk in Suid-Afrika geestelik te vorm omdat hulle eie kerk hulle laat links lê het! Geen wonder dat Van Blerk met hierdie toedrag van sake geen vrede kon neem nie. Hy sê: "As die geestelike versorging van die jeug van ons Kerk oorgegee word aan 'n vereniging wat los van die Kerk staan, moet dit ons dan nie verbaas as die opkomende geslag in ons Kerk al meer kerklos opgroei nie?[187].

Die diens wat hierdie "interkerklike" beweging aan die kerk gelewer het, bestaan egter nie net uit die geestelike versorging van die kerk se kinders en jongmense nie, maar ook uit die aktivering van die kerkjeug om evangelisasie- en sendingwerk te doen. Dus weer eens 'n tipies Metodistiese trek — 'n "interkerklike" vereniging wat die kerk se taak na buite vir sy rekening neem. "Die Vereniging het ook sy uitgebreide sendingwerksaamhede waarin Christen-studente die geleentheid ontvang om elke week praktiese sendingwerk te doen, self 'n studie te maak van die verskillende sendingvelde... Die Vereniging stel hom ten doel om die belangstelling vir sendingwerk op te wek en voltyds arbeiders vir die sendingvelde te werf. Hierdeur het die Vereniging een van die vernaamste kanale geword waardeur die kerk kandidate vir die sendingvelde kan werf en verskaf"[188].

Die C.S.V. doen nie net sending nie maar ook evangelisasie. Dit blyk uit die volgende amptelike uitspraak van die C.S.V. naamlik dat die C.S.V. "'n suiwer geestelike doelstelling het, met 'n duidelike evangelisasieprogram, wat sy lede wil aktiveer tot persoonlike getuienis vir Christus (vandaar sy groot sending-aksie deur studente..." [189] . En verder: "Die Christen-studente vereniging — wat 'n kragtige evangelisasiehulpdiens aan die kerke ten opsigte van die studerende jeug op skole, kolleges en universiteit verrig..."[190].

Daar bly uiteindelik van die voormalige C.S.V. se beweerde "interkerklikheid" niks oor nie wanneer die A.C.S.V. verklaar: "Dit is die hartlike begeerte van die Vereniging om in sy karakter, werkspatroon en organisasie, ens. baie nou geskakel te wees met die Kerk en by name die Ned. Geref. Kerk en sy jeugwerksaamhede, waartoe byna honderd persent van sy lede as doop en belydende lidmate behoort. Hy sien homself steeds as 'n hulpvereniging van die kerk in die arbeid

---

184 Treurnicht, A.P. Kritiek op die C.S.V. *Die Kerkbode*, 94(7): 196, 1964.

185 Christen-studentevereniging van Suid-Afrika. Raad. Die C.S.V. verklaar sy standpunt. *Die Kerkbode*, 93(9):611, 1964.

186 Malan, J.P. C.S.V. en kerk. *Die Kerkbode*, 94(7):538, 1964.

187 Malan. J.P. C.S.V. en kerk. *Die Kerkbode*, 94(7):538, 1964.

188 A.C.S.V.-Hoofkantoor. *Die Afrikaanse Christen-studentevereniging*, p. 5.

189 Christen-studentevereniging van Suid-Afrika. Raad van die C.S.V. Die C.S.V. verklaar sy standpunt. (In: *Kerkbode*, 93(19):611, 1964.

190 Ibid.

onder die studerende jeug"[191].

#### *6.4.4 Die C.S.V. en die skole*

Die skole in Suid-Afrika is hoofsaaklik staatskole. Die onderwys op skool mag daarom geen kerklike karakter hê nie. Tog is dit 'n feit dat hierdie "interkerklike" vereniging wat, soos hierbo aangetoon is, "in die boesem" van die N.G. Kerk gebore is en deur meer as 'n halwe eeu vir alle praktiese doeleindes 'n N.G. kerklike jeugvereniging was wat met die aller-innigste band met hierdie kerk verbind is, op die staatskole sy vernaamste arbeidsveld het[192]. "Sedert die ontstaan van die voormalige C.S.V. 68 jaar gelede, het die Vereniging in sy werksaamhede volle toegang gehad tot die skole, kolleges en universiteite. In die skole is dit deurgaans 'n volwaardige buitemuurse aktiwiteit"[193]. Dat dit nie altyd 'n buitemuurse aktiwiteit gebly het nie, blyk volgens L. du T. Retief daaruit dat in verskeie skole in Kaapland die C.S.V. in skooltyd 'n plek op die skoolrooster kry. Hy sê: "In verskeie skole waar ek was — en is — word die C.S.V.-kringe in skooltyd gehou, tyd wat op die rooster voorsien word"[194]. Hy sal dit juis om hierdie rede jammer vind as die C.S.V. openlik uitkom daarmee dat dit 'n vereniging van die N.G. Kerk is. Daarmee, sê hy, sal die greep wat die C.S.V. op die skole het, skade ly. "Hoekom nou, deur dit 'n vertakking van die N.G. Kerk te maak, alle kinders van ander Afrikaanse Kerke en Protestantse groepe uitsluit? En wat gaan gebeur in ons skole? Ek wonder of daar selfs Afrikaansmediumskole in ons land is waar al die leerlinge aan die N.G. Kerk behoort"[195]. Dat hier 'n ernstige diskrepansie aan die orde van die dag is, is die bevinding van C.W. Retief. Hy sê: "Ook die skoolkinders, nie behorende aan die C.S.V. nie, word in die skoollokale toegespreek en ook hier word klem gelê op die bekering"[196]. As dít geen kerklike imperialisme is nie, wat is dit dan wel? Sou dit al ooit by hierdie mense opgekom het om hulle vir 'n oomblik in te dink in die plek van ouers en kinders wat aan een van die twee ander Afrikaanse Kerke behoort? Hierdie vraag word te meer klemmend as daar gelet word op die metodes wat die C.S.V. (en ook die A.C.S.V.) toepas om sy doel te bereik.

### 6.5 Werkwyse en invloed van die C.S.V.

Die doel van die C.S.V. is, kort saamgevat, "die evangelisering en geestelike opbouing van die studerende jeug en die samesnoering van kragte tot 'n magtige bende vir Christus en sy kerk"[197].

Die "evangelisering en geestelike opbouing" word op die volgende maniere bewerkstellig. Eerstens bestaan die werk van die C.S.V. uit "weeklike byeenkomste gedurende die skoolkwartaal. In die byeenkomste word 'n stukkie uit die Skrif gelees, 'n paar gedagtes deur die leier oor die gelesene gesê, saamgebid en saamgesing. Sy lede word verder aangemoedig om elke dag 'n stukkie uit die Bybel te lees, volgens sekere opgestelde dagstukkies"[198]

Tweedens werk die C.S.V. deur middel van gereelde kampe, veral by strandoorde, waar daar vir jongmense dienste gehou word. Hoe groot die invloed van hierdie kampe is, blyk uit die volgende uitspraak van die C.S.V. self: "Meer as 6 000 seuns en dogters en studente neem jaarliks deel aan die meer as 30 georganiseerde streekkampe op die groot aantal terreine wat die eiendom is van die Vereniging. As die aantal takkampe wat jaarliks plaasvind, hierby gereken word, sal die getalle aansienlik hoër wees"[199]. Naas die kampe word daar ook jaarliks wyks-, provinsiale en nasionale

---

[191] A.C.S.V.-Hoofkantoor. *Die Afrikaanse Christen-studentevereniging*, p. 3.

[192] Ibid., p. 2

[193] Ibid., p. 3.

[194] Retief, L. du T. Die C.S.V. en die kerk. *Die Kerkbode*, 94(27):906, 1964.

[195] Ibid.

[196] Retief, C.W. Die C.S.V. en die gedoopte lidmate van ons kerk, *Die Kerkbode*, 48(15):597, 1941.

[197] Saunders, R. *Enkele godsdienstige en opvoedkundige aspekte van die C.S. V. Soos bevind in Afrikaanse skole aan die Witwatersrand*, p. 7.

[198] Retief, C.W. Die C.S.V. en die gedoopte lidmate van ons kerk. *Die Kerkbode*, 48(15):597, 1941.

[199] A.C.S.V.-Hoofkantoor. *Die Afrikaanse Christen-studentevereniging*, p. 5.

konferensies gehou en dié word "gemiddeld deur meer as 4 000 studente bygewoon"[200].

Derdens doen die C.S.V. sy werk deur middel van rondreisende sekretarisse(-esses). Hulle is eintlik die sleutelfigure van die C.S.V. wat in die gemeentes indring en die werk van die besondere ampte gaan doen[201]. Dit blyk uit die volgende mededeling van C.W. Retief: "Hier vind ook plaas die intensiewe sielebearbeiding. In die samekomste van die lede van die takke en die reisende sekretarisse(-esse) word deur laasgenoemde aangedring dat die jongmense hulle moet oorgee aan die Here. Hulle word deur die sekretarisse(-esse) uitgenooi om in die privaat met hom of haar oor geestelike moeilikhede, wat die kinders mag ondervind, te kom praat[202]. In die "evangelisering en geestelike opbouing" waarna hierbo verwys is, speel die bekering van die kinders en jong mense 'n baie groot rol. Die Metodisme gaan immers altyd van die veronderstelling uit dat almal wat nie aan sy vereniging behoort nie, geëvangeliseer en bekeer moet word. Maar, volgens Saunders is dit juis hierdie aspek van die C.S.V. se werk wat sy amptenare hoofbrekens besorg "omdat daar soveel opvattings aangaande die bekering bestaan. Die C.S.V. bied ruim geleentheid aan mense wat nie in teologie gestudeer het nie om aktief deel te neem aan sy werksaamhede, en dit gebeur dat daar van hulle is wat ongebalanseerd en ontaktvol optree. So het die skrywer een môre 'n biduur by die kamp te Winklespruit bygewoon waar die spreker die seuns onder die indruk gebring het dat jy nie waarlik bekeerd kan wees as jy nog jukskei speel nie. By 'n latere geleentheid het hierdie man egter saam met die skrywer en 'n aantal onderwysers wat as C.S.V.-werkers opgetree het, op die strand jukskei gespeel. So-iets kan nie anders as om twyfel en verwarring in die kinders se gemoed te laat ontstaan nie"[203].

Dat die gevaar van dwepery in hul bekerings- en evangeliseringsarbeid bestaan, word klaarblyklik deur die C.S.V. se bestuursinstansies self ook besef. Saunders haal die volgende aan uit 'n C.S.V.-hoofbestuursnotuleboek: "Leiers(dsters) moet gemaan word tot versigtigheid teen metodes wat onskriftuurlik is en wat as opsweping bestempel kan word"[204]. Hy vertel voorts hoe 'n sekere reisende sekretaris "baie ernstig met C.S.V.-werkers gepraat en gewaarsku (het) teen geesdrywery. Sy bevinding was dat talle seuns elke jaar by die kampe bekeer raak, en as hy later die skole besoek, moet hy vind dat die seuns vir die saak van die Heer verlore is, en in baie opsigte vervreemd is van die godsdiens"[205]. Die oorsaak van hierdie terugval in die wêreldse weë van talle "bekeerdes" hoef nie ver gesoek te word nie. C.W. Retief slaan die spyker op die kop as hy beweer: die C.S.V.-arbeiders bring die kinders "baie maklik onder die indruk dat die bekering 'n daad is wat rus op die wil van die mens en produk van sy eie wil is. Hoe goed ook bedoel, ons jongmense kom soms onder verkeerde indrukke en raak in die grootste verwarring, wat meermale lei tot vertwyfeling, as die sake nie reg en duidelik vir hulle verklaar word nie"[206]. Daarom wil C.W. Retief weet: "Is die broeders en susters, wat ook met die tot-bekering-bring van ons kinders hulle besig hou, ten volle onderleg met die heilswaarhede waaroor dit gaan, veral as hulle geen teologiese opleiding geniet het nie?[207]. Dié toedrag van sake laat hom waarsku teen die gevaar daarvan dat mense op die mees gevoelige leeftyd van die kinders "van buite kom" en die vrug van die deur God ingelegde saad van die wedergeboorte wat nog langsaam besig is om te groei tot die rypheid van die bewuste bekering, oorhaastig ryp te druk[208]. Dat hierdie Metodistiese bekerings-

---

200 Saunders, R. *Enkele godsdienstige en opvoedkundige aspekte van die C.S.V. Soos bevind in Afrikaanse skole aan die Witwatersrand*, p. 8.

201 Oor die indringing op kerklike terrein, vergelyk die opmerkinge van C.W. Retief en Van Blerk onder punt 6.4.2 hierbo.

202 Retief, C.W. op. cit.

203 Saunders, R. *Enkele godsdienstige en opvoedkundige aspekte van die C.S.V. soos bevind in Afrikaanse skole aan die Witwatersrand*, p. 16.

204 Ibid.

205 Ibid., p. 8.

206 Retief, C.W. Die C.S.V. en die gedoopte lidmate van ons kerk. *Die Kerkbode*, 48(15):598, 1941.

207 Ibid.

208 Retief, C.W. Die C.S.V. en die gedoopte lidmate van ons kerk. *Die Kerkbode*, 48(15):598, 1941.

drywery deur leiers en leidsters wat nie in die Gereformeerde teologie onderlê is nie, tot sektarisme kan lei, is geen denkbeeldige gevaar nie. In hierdie verband waarsku Loubser: “Let maar op die sektariese metodes en ongereformeerde prediking van leke wat strand- en kampdienste hou in baie gevalle, en wat onder beskerming van bogenoemde vereniging toegelaat word! (Veral moet ons waak teen prediking met sterk Metodistiese inslag wat gekenmerk word deur oordrewe gevoelsuiting met die mens as middelpunt in plaas van gereformeerde prediking met die Skepper as middelpunt[209]). Die gevaar van sektarisme word ook deur Strauss aangetoon: Hy sê dat die wortelfout van die C.S.V. is “dat hulle aan lidmate van die kerk die godsdiens wil doseer. Daarmee probeer hulle om in die skoene van die profetiese amp te gaan staan sonder dit wat kerklik daarby hoort, naamlik die ander ampte en die gemeente ens. Dit word ’n verkapte prediking en ook in ’n K.J.V. spoedig ’n broeiplek van dwaling en verskuilde sektarisme[210].

Dit sal werd wees om te weet hoeveel lidmate van die Afrikaanse Kerke wat later by die sektes aangesluit het, in hul jeugjare lid was van die C.S.V. Dit laat die vraag ontstaan: Is die C.S.V. nie dalk die kweekplek van die bloeiende sektewese in Suid-Afrika nie? Want dat die C.S.V. ’n ontsaglike invloed op die godsdienstige lewe in Suid-Afrika het, kan nie ontken word nie. ’n Organisasie met sestig duisend lede, kampe wat jaarliks deur ses duisend jongmense bygewoon word, konferensies met opkomste soveel as vier duisend waar menige jong lewe vir Christus gewin is en waarvan baie kerklidmate, predikante, volksraadslede en selfs ’n Kabinetsminister getuig van blywende seën wat hulle daar ontvang het[211], kan nie anders as om ’n sleutelposisie in die kerklike en volkslewe te beklee nie. Die oë mag dan ook nie gesluit word vir talle getuienisse van mense wat in hierdie beweging volgens hulleself die lig gesien en groot seën ontvang het nie. Die vraag is maar net: Waarom moes hulle dit juis in die C.S.V. ontvang? Waarom het hulle dit nie in hul kerke ontvang nie?

Die C.S.V., wat sy hoofsentrum al die jare in Stellenbosch gehad het, is maar net een van die Metodistiese bewegings wat in Suid-Afrika handjie bysit om die groot wa van die kerk se wiele aan die rol te kry en aan die rol te hou. Naas die C.S.V. was daar voorheen die Christelike Strewers (wat later in die K.J.V. opgegaan het), die Oxfordgroep, later bekend as Morele Herbewapening, en daar is nog die A.E.B., die Jeug-vir-Christusbeweging en van resente datum die “Jesus People” wat almal op die Metodistiese stramien voortgeborduur het en nog voortborduur. Geen wonder dat die kerklike, godsdienstige en kulturele lewe in Suid-Afrika daar soms bedroewend uitsien nie. Om hiermee op hoogte te kom, is dit nodig om in die volgende paragrawe aandag te gee aan die gevolge van die Metodisme in die praktyk.

## *7. DIE GEVOLGE VAN DIE METODISME IN DIE PRAKTYK*

Watter gevolge het die Metodisme in die praktyk, in die kerklike, kulturele en nasionale lewe in Suid-Afrika? Hierdie vraag kan moeilik beter beantwoord word as in die volgende breed-aangehaalde uitspraak van J.D. Vorster: “Die invloed van die Metodisme wat langs hierdie indirekte weg (die weg van Verengelsing — P.W.B.) sy greep op ons volkslewe gekry het, is duidelik aan te wys. Op kerklike terrein het dit wel nie gelei tot leerverandering nie maar tot minagting van die leerstellinge. Immers die leer is nie meer gelykwaardig nie maar ondergeskik aan die lewe gestel. Dit het tot gevolg gehad ’n vervlakking van die godsdienstige lewe, want meer en meer het

---

209 Loubser J.H. Die Christen-studentevereniging. *Die Kerkbode*, 52(14):301, 1944.

210 Strauss, H.J. Kerklike verenigings; 'n deformatoriese koers. *Gereformeerde Vaandel*, 19:107, 1951. Strauss skeer die C.S.V. en die K.J.V. oor een kam. Vergelyk in hierdie verband die onhoudbare standpunt van Kemp in “Kerk en kerklike jeugvereniging . In die raamwerk van die Gereformeerde Kerkreg is ’n kerklike vereniging immers ’n vierkantige sirkel want dit impliseer twee gesagsinstansies op dieselfde terrein.

211 Saunders, R. *Enkele godsdienstige en opvoedkundige aspekte van die C.S. V. soos bevind in Afrikaans skole aan die Witwatersrand*, p. 8.
Liebenberg, KJ. Die Afrikaanse Christenstudentevereniging van S.A. *Omsendbrief*, 25 Januarie 1967.

mense gaan teer op geestelike ervarings en nie meer diep en vol en ryk uit die Skrif geleef nie. Die godsdiens is in die gevoel veranker. Ook die miskenning van leerverskille het oppervlakkigheid in die hand gewerk. So is 'n tipe Christen gekweek wat rigtingloos en aan alle winde van leer en twyfel onderworpe was. Die hoofklem is gelê op verdraagsaamheid, 'liefde' en 'eenheid' terwyl geloofskrag, roepingsbewussyn en selfstandigheid en afhanklikheid van God alleen ondermyn is. Dit het 'revivals' elke keer weer nodig gemaak, ons mense 'n smaak gegee vir vreemde, veral buitelandse 'revivalists' en die grond voorberei vir sektevorming. Ook die verslapping van kerktug moet aan hierdie invloed gewyt word, want die Metodistiese kerkbegrip en regering en sy miskenning van die verbondsleer en sy metode het dit stelselmatig ondermyn. Die skeiding van leer en lewe het gelei tot 'n ander prakties godsdienstige lewe. Die ou Calvinistiese vroomheid is gedeeltelik vervang deur die subjektief sterk gevoelsgekleurde asketiese vroomheid van die Metodis. Veral op die wyere gebied van die volkslewe was die Metodisme skadelik. Deur die verdringing van die leer van die soewereiniteit van God, die radikale skeiding van natuur en genade en die sterk asketiese inslag het die Metodisme godsdiens beperk tot die binnekamer en die kerk, en die Christelike beginsel uit die lewe geweer. Dis veral hierdie beginsel wat ons volkslewe skadelik geaffekteer het. Dit het lynreg ingegaan teen die Calvinistiese beginsel van die ere van God op alle terreine wat ons volkslewe gevorm het en die gevolge kon nie uitbly nie... Die eerste slagoffer van hierdie politiek was ons skole. Eers is die dogmatiese onderrig in 1841 uit die skool geban, en is alleen die Bybel so eg na Metodistiese trant onderwys as 'common source of religious truth and faith to Christian men of all denominations' toegeken (sic). Dit was maar die begin van die sekularisering van die skool... Met 'n neutrale opvoeding is die ontkerstening onder ons volk en denasionalisering van ons volk verhaas. Hoewel die Metodisme dus verwelkom is as 'n hulp was die gevolge eventueel skadelik.

Op dieselfde wyse en onder dieselfde invloede is die Christelike beginsel uit die staatslewe geweer. Die breë volkslae, onder die invloed van die Metodistiese beginsel van skeiding tussen natuur en genade, was tevrede om hulle terug trek in die kerk en die volksake oor te laat aan neutrales wat met die Christelike-Nasionale rigting nie rekening gehou het nie, maar dit altyd onderlangs beveg het. Die Skrif is gebind aan die kerk en die binnekamer. Nie meer is alle terreine roepingsbewus opgeëis vir Christus en sy gesag daar kloek en kragtig geproklameer nie. Waar dit nog probeer is, is die Afrikaner hokgeslaan met die valse strydkreet: godsdiens mag nie in die politiek gesleep word nie... Selfs die maatskaplike en geselligheidslewe is nie onaangetas gelaat nie. Deur die miskenning en verwaarlosing van die verbondsleer, onder invloed van die Metodisme wat die kind bloot as heiden sien; die kweking van 'n valse asketiese vroomheid wat die jeug afgestoot het; en die skeiding van natuur en genade waardeur die Christelike beginsel uit die verskillende lewenssfere (sic) geweer is, is die gesinslewe verbrokkel en het die jeug van ons volk hul al meer en meer aan die Christelike beginsel onttrek"[212].

By al hierdie skades wat die Metodisme in S.A. berokken het, moet nog een genoem word. Het die Metodisme met sy oorbeklemtoning van die bekering, die gevoel, die Heilige Gees en die gebed nie op sy beurt 'n oordrewe reaksie by Calviniste uitgelok nie — dikwels tot verarming van die Calviniste? Dis jammer. Anti-Metodistiese, negatiewe Gereformeerdheid is net so onaanvaarbaar soos die Metodisme self.

### *8. KONKLUSIE*

Aan die einde van sy studie oor die Metodisme verklaar J.D. du Toit: "Waar in den boezem der Christelijke Kerk de stroom van geestelijk leven in orthodoxisme en rationalisme verzandt, daar is een Revival naar Methodistischen trant maar al te vaak het eenige redmiddel[213]. Metodisme is dus 'n simptoom wat hom voordoen by 'n ernstige geestelike vitamien-tekort in die sisteem van

---

[212] Vorster, J.D. Die Metodistiese invloed in ons volkslewe. (In: *Koers in die krisis*, 3, p. 193-195).

[213] Du Toit, J.D. *Het Methodisme*, p. 179.

die kerk. Maar dit is met die Metodisme soos met 'n antibiotiese middel: hy maak een saak reg maar hy krap tien ander om.

Dit het helaas byna twee eeue lank ook in Suid-Afrika gebeur. Die Metodisme het deurentyd getrag om in die ingesonke geestelike lewe van die grootste kerk in Suid-Afrika 'n godsdienstige herlewing te bring (en in baie gevalle daarin geslaag) maar hy het telkens 'n hele sindroom van euwele verskynsels met hom saamgebring. So 'n remedie is soms net so skadelik, indien nie skadeliker nie, as die kwaal. Die gevolge van die Metodisme in die praktyk, soos hierbo in punt 7 uiteengesit, is daarvan die duidelikste bewys.

Wyle ds. C.R. Kotzé het meermale na die vroomheid van die sektewese verwys as verdwaalde vroomheid. Iets daarvan word ook by die Metodisme aangetref. Dit ontbreek nie aan ywer nie maar aan Skrifgefundeerde leerstellige besinning. En daarom krap dit, by die een saak wat dit probeer regmaak, soos antibiotiese medisyne, die hele sisteem van die kerk om.

Die Calvinisme is so radikaal anders. Wie die geskiedenis van die Calvinisme ken, (dink aan Calvyn in Genève!) en vertroud is met die beginsels van hierdie Skrifverankerde godsdiens en lewens- en wêreldbeskouing, sal weet dat die Calvinisme 'n diepgang, 'n gebalanseerdheid, 'n onversetlike krag, 'n stoerheid en wydheid van blik besit, waarby die Metodisme op sy beste maar baie bleek vertoon.

*Die weg van die Calvinisme is nie dié van "revival " nie maar van reformasie*.

Die Afrikanervolk is vir die grootste deel van sy samestelling van Nederlandse en Franse Gereformeerde voorvaders afkomstig uit die goue eeu van die Calvinisme. Dit lê die nageslag die verantwoordelikheid op om voortdurend weer te besin oor die vraag: Watter weg moet die Afrikaanse kerke, wat hulleself op grond van hulle belydenisskrifte Gereformeerd noem, bewandel? Die verlossingsleer, sy herlewings- en opwekkingsveldtogte, sy ekstatiese geesdrywery, veral rondom Pinkster, sy gebedsgenesing, sy "interkerklike" verenigingslewe wat op die duur kerkverwoestend werk, sy geestesklimaat wat gedurende die twintigste eeu verantwoordelik was vir die geboorte van 'n hele reeks sektes met tienduisende lidmate, sy verwaarlosing van die buitekerklike lewensterreine hierdie weg, óf die weg van die Calvinisme? 'n Middeweg is nie moontlik nie en 'n kompromis is uitgesluit, want Calvinisme is "most destructive of Methodism"[214].

Die keuse is — "revival" of reformasie?

Die antwoord wat kerklike Suid-Afrika hierop gee, is van die allergrootste belang.

[214] Vorster, J.D. Die Metodistiese invloed in ons volkslewe. (In: *Koers in die krisis*, 3, p. 188).

## ***BRONNE***

A.M. Die uitstorting des geestes; wat er toe noodig is? *Die Gereformeerde Kerkbode*, 11(20):310-312, 1859.

Afrikaanse Christen-studentevereniging. Hoofkantoor. *Die Afrikaanse Christen-studentevereniging; 'n bekendstelling*. Stellenbosch (1965? ).

Alheit, W.A. Eeufees van ons bidure. *Die Kerkbode*, LXXXV, 19, 11 Mei 1960.

Anon. Evangelisasieveldtog kring steeds wyer. *Die Transvaler*, 6 Mei 1974.

Anon. Opwekking te Graaf-Reinet. *De Gereformeerde Kerkbode*, XIII, 8, 20 April 1861.

Bell, G.J.V. (Mede-hoofsekretaris, C.S.V.) C.S.V. breek met Wêreldfederasie. *Die Kerkbode*, XCIV, 18, 28 Oktober 1964.

Christen-studentevereniging van Suid-Afrika. Raad. Die C.S.V. verklaar sy standpunt. *Die Kerkbode*, 93(19):611, 6 Mei 1964.

Cronje, A.S. Herinneringe. Ds. A. Murray en Worcester 1860-1864. (In: Conradie, B. *Andrew Murray na honderd jaar*. Stellenbosch, C.S.V. (1951)).

Conradie, B. *Andrew Murray na honderd jaar*. Stellenbosch, C.S.V., 1951.

De Klerk, JJ. Persoonlike werk in ons kerk. *Die Kerkbode*, CXII, 26, 26 Desember 1973.

Du Plessis, J. *Het leven van Andrew Murray*, Kaapstad, Zuid-Afrikaansche Bijbelvereniging, 1920.

Du Toit, J.D. *Het Methodisme*. Amsterdam, Höveker & Wormser, 1903.

Du Toit, J.D. *De Streversvereniging beoordeeld van Gereformeerd standpunt*, 3e dr. Pretoria, Höveker en Wormser, (voorw. 1905).

Du Toit, J.G.M. (Assistent Algemene Sekretaris van die C.S.V.). Die C.S.V. en die Kerk. *Die Kerkbode*, XLVII, 22, 28 Mei 1941. p. 1000.

Een van Jesus se volgelinge. *Stap vir stap. Raad aan die soekende siel*. Pietermaritzburg, Bybelsentrum, s.j.

Faure, A., e.a. Z.A. Evangelisch verbond aan de evangeliedienaren van alle kerkgenootschappen in Zuid-Afrika. *De Gereformeerde Kerkbode*, XI, 77, 13 Augustus 1859.

Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (tans bekend as N.G. Kerk). *Handelingen der tiende vergadering van de Synode*. Kaapstad, Marais, 1863.

Hanekom, T.N. *Die liberale rigting in Suid-Afrika*. Stellenbosch. C.S.V., 1951.

H.E.F. Algemeene vergadering van de leden van het Evangelisch Verbond. *De Gereformeerde Kerkbode*, X, 2, 16 Januarie 1858 .

Hinchliff, P.B. *The Church in South Africa*. (Church history outlines). London, S.P.C.K. for the Church Historical Society, 1968.

Hoekstra, H. *Het Methodisme*; 2e dr., verm. met eene voorrede. Zwolle, Tulp (voorw. 1904).

Hofmeyr, N.J. Christelijke Conferentie te Worcester. *De Gereformeerde Kerkbode*, XII, 6, 24 Maart 1860.

Hofmeyer, S. *Korte levensschets en nagelaten geschriften van Servaas Hofmeyr* Kaapstad, Juta, 1891.

Hollenweger, W.J. *Enthusiastisches Christentum. Die Pfingstbewegung in Geschichte und Gegenwart*. Wuppertal, Brockhaus (cl969).

Human, D.C.H. Die Strewerslede is my hulppredikers. (In: Strauss, W. de W. *red. Strewersgedenkboek*, 1901-1951. Kaapstad, Citadel, (1951? ).

J.Hz. De Godsdienstige opwekking in Ierland. *De Gereformeerde kerkbode*, 11(21), 1859.

Joba. Opwekking in Amerika. *De Gereformeerde kerkbode*, X, 14, 3 Julie 1858.

Keet, D.J. Herlewing in die geskiedenis van die kerk. (In: *Herlewing; sy geskiedenis en voorbereiding* (deur) professore en predikante van die N.H. of G. Kerk van Suid-Afrika. Kaapstad, N.G. Kerk Uitgewers (s.j.) ).

Kemp, I.J. *Kerk en kerklike jeugvereniging; 'n preskriptiewe en deskriptiewe besinning oor die bestaansreg, plek en taak van die kerklike jeugvereniging met besondere verwysing na die Nederduitse Gereformeerde Kerkjeugvereniging*. Ongepub. DD, Universiteit van Pretoria, 1963.

Kuyper, A. *E Voto Dordraceno; toelichting op den Heidelbergschen Catechismus*, 2. Amsterdam, N.V. Boekhandel vh. Höveker en Wormser, 1905.

Liebenberg, F.J. Die Afrikaanse Christen-studentevereniging van S.A. *Omsendbrief*, 25 Januarie 1967.

Loubser, J.H. Die Christen-studentevereniging, *Die Kerkbode*, LII, 14, 5 April 1944.

M.F.A. De herleving. *De Gereformeerde Kerkbode*, XII, 6, 24 Maart 1860.

Malan, J.P. C.S.V. en Kerk. *Die Kerkbode*, XCIV, 17, 21 Oktober 1964. p. 538.

Marais, W. *Die weg tol saligheid*. Kempton Park. Hart. Tweede Druk, 1968.

Murray. A. Die werk van die Heilige Gees. (In sy: *Versamelde Werke*, 3. Stellenbosch, C.S.V., 1943.

Murray, A. *Jesus, die Geneesheer van die krankes*; of *Die geloofsgenesing volgens Gods Woord*. Afrikaanse bewerking deur J.S. Krige. Stellenbosch, C.S.V. (193-?).

Oberholster, J.A.S. *Die Gereformeerde Kerke onder die kruis in Suid-Afrika, hul ontstaan en ontwikkeling*. Kaapstad, H.A.U.M., 1956.

Potgieter, F.J.M. Vervulling met die Heilige Gees (In: Botes, D.H. red. *Die volle raad*, 1. Bloemfontein, Sacum (1960).).

Retief, C.W. Die C.S.V. en die gedoopte lidmate van ons kerk. *Die Kerkbode*, XLVIII, 15, 8 Oktober 1941.

Retief, L. du T. Die C.S.V. en die kerk. *Die Kerkbode*, XCIV, 27, 116, 30 Desember 1964.

Retief, M.W. Herlewings in die geskiedenis. *Die Voorligter*, 37, 2 Januarie 1974.

S.A. Biduur bijgewoond door 40 000 menschen. *De Gereformeerde Kerkbode*, 11(22):342, 1859.

Saunders, R. *Enkele godsdienstige en opvoedkundige aspekte van die Christen-studente-vereniging soos bevind in Afrikaanse skole aan die Witwatersrand*. (Ongepub. M.Ed., P.U. vir C.H.O., 1954).

Smuts, M.J. "Interne evangelisasie" — die kerk se dringendste taak? *Die Kerkbode*, C, 5, 2 Augustus 1967.

Spoelstra, B. *Die "Doppers" in Suid-Afrika*, 1760-1899. (Ongepub. D.D., P.U. vir C.H.O., 1961).

Strauss, H.J. Kerklike verenigings — 'n deformatoriese koers. *Die Gereformeerde Vaandel*, XIX, 3 Junie 1951.

Treurnicht, A.P. Kritiek op die C.S.V. *Die Kerkbode*, XCIV, 7, 12 Augustus 1964.

Van Blerk, J.A. Die Christen-studentevereniging. *Die Kerkbode*, LIII, 17, 26 April 1944.

Van der Merwe, J.A. Bydrae van die Christelike Strewersunie ter bevordering van die geestelike lewe van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. (In: Strauss, W. de W. *red. Strewers-gedenkboek*, 1901-1951, Kaapstad, Citadel (1951? ).

Van der Walt, S.P. Die Christen-studentevereniging van Suid-Afrika, *Die Kerkblad*, 61, 1482, 4 Februarie 1959.

Van Heerde, G.L. Ontstaan en geskiedenis van die C.S.-unie in Suid-Afrika. (In: Strauss, W. de W. *red. Strewersgedenkboek*, 1901-1951, Kaapstad, Citadel (1951?)).

Verhoef, P.A. Van Niekerk, F.N., Retief, I.F. Die C.S.V. en die Kerk. *Die Kerkbode*, XLVII, 25, 18 Junie 1941.

Vorster, J.D. Die Metodistiese invloed in ons volkslewe. (In: *Koers in die krisis*, 3, Stellenbosch, Pro Ecclesia, 1941).

Zeeman, M.T.S. Die N.G. Kerk-vereniging aan die U.K.O.V.S. *Die Kerkbode*, LIII, 21, 24 Mei 1944, p. 457.